

HOOFSTUK V.

Romans, Verhale en Sketse.

§ 1. Adv. J. H. H. de Waal.

Jan Hendrik Hofmeyr de Waal is gebore op 30 Desember 1871 op die plaas Bakkerskloof, Stellenbosch. Sy vader was boer en handelaar, sy moeder die oudste suster van „Onse Jan”. Aan die Normaal Kollege in Kaapstad het hy gematrikuleer en daarna was hy ’n tydlang onderwyser o. a. op Uitenhage en Utrecht. Later het hy ’n betrekking aangeneem in sy vader se ysterhandel, maar die joernalistiek het hom aangelok en as voorbereiding vir dié vak het hy regte gaan studeer in Londen, waar hy aangesluit ’t by die Inner Temple en as studievriend o. a. Generaal Jan Smuts had. Nadat hy in besonder kort tyd sy wetseksamens afgelê het, tree hy in die huwelik met Emma de Kock (1898) en woon vir ses jaar in dieselfde huis as „Onse Jan”, vir wie hy as „luitenant” dien.

In Julie 1903 word hy redakteur van die tydskrif, *De Goede Hoop*, waarin *Stompies*, *Johannes van Wyk* en *Die Twede Grieta* verskyn het. „Sy bedoeling met daardie geskrifte was om die jong lesers soveel moontlik met leesstof in populêre skryftrant te voorsien, en wel in die taal wat hy van jongsaf voorgestaan het — Afrikaans.”¹⁾

Op sy kantoor is op 5 Oktober 1906 die Afrikaanse Taal Vereniging ontstaan. Aan sy inisiatief is die erken-

¹⁾ Hierdie feite is ontleen aan *Die Brandwag*, Des. 1918.

ning van ons taal in die Kaapse geregshowe te danke.¹⁾ In Des. 1914 het hy afgetree as redakteur van *De Goede Hoop*, as gevolg van 'n wrywing met die uitgewers oor politieke kwessies. Onder die *nom de plume*, *Jan van Rozenburg* had hy naamlik Generaal Hertzog se politiek verdedig by die kabinetskriesis in 1912. Nederland het sy dienste as voorvegter vir ons taalregte erken deur sy benoeming tot lid van die Leidsche Maatschappij. Op die oomblik is hy lid van die volksraad vir Piketberg en een van die voormanne van die Nasionale Party in die Kaapprovinsie.

Johannes van Wyk, (1906).²⁾

Johannes van Wijk is 'n jongeling van edel inbors, wat deur sy onbesproke gedrag, hoflike maniere en fyn beskawing die gunsteling van die Kaapse samelewing word. Dit wek die jaloesie en haat op van sy neef, Gert Rass, wat besluit om sy ondergang te bewerk. 'n Plan om Johannes deur die Boesmans te laat doodmaak misluk. Gert word egter tot nuwe wraakplanne geprikkel deur die feit, dat Hester Linde aan Johannes die voorkeur gee. Deur vervalsing van 'n brief slaag hy daarin om Johannes op 'n aanklag van hoogverraad teen die Goewerneur, Adriaan van der Stel, in die gevangenis te kry. Johannes ontsnap, word deur Gert en sy handlangers agterna gesit, maar vind eindelik onder die naam Koos Emmert 'n skuilplaas by 'n boer, Pierre de Villiers aan wie hy hom as kneg verhuur. Hier raak hy weer deurmekaar met die Boesmans, maar word op die laaste tippie deur sy vrinde, Malherbe en Joosten, gered. Intussen het die goewerneur sy ontslag gekry en hoef Johannes nie meer as droster te lewe nie. Gert drink 'n vergiftigde kelkie wyn, wat hy vir Johannes bestem had en sterf. Met 'n driedubbele huwelik eindig die verhaal.

Johannes van Wyk het oorspronklik in *De Goede Hoop* verskyn, die eerste hoofstuk in Jan. 1904. Die skrywer

¹⁾ Vgl. *Die Burger*, 23 Sept. 1921.

²⁾ Eerste hoofstuk in *De Goede Hoop*, Jan. 1904.

verklaar self, dat die ontstaan van die roman te danke is aan sy betrekking as redakteur van die blad.¹⁾ De Waal het skrywer geword, nie deur 'n innerlike skeppingsdrang nie, maar deur die dwingende mag van omstandighede. Toevallig het 'n yweraar en hartstogtelike voorstander van die lang geminagte volkstaal die middel in die hand gekry om aan verstokte teëstanders te wys, dat in dié taal 'n roman kon geskrywe word. Eers probeer hy om deur uitloving van 'n honorarium die skryflus van sy lesers op te wek, maar die resultaat was teleurstellend; al die stukke moes in die snippermand. Aangemoedig deur die sukses van sy toneelspel *Angelina* het De Waal toe besluit om self 'n roman te skrywe. Met sy nugter verstand het hy 'n reeks toneeltjies op kunsmatige wyse inmekaar gepas en die resultaat was 'n leesbare roman, wat veral die jongeliede, vir wie *De Goede Hoop* in die eerste plaas eintlik bedoel was met groot spanning gevolg het. Ons staan hier voor 'n gewigtige kultuurgebeurtenis. Dit naamlik: *in 1904 het die eerste Afrikaanse roman van die Twede Beweging verskyn.*²⁾

Die skrywe van *Johannes van Wyk* was 'n daad van betekenis. Na al die gekibbel 'n daad. En 'n daad, wat vir meer as een die oë laat oopgaan het. Vir lange jare had die teëstanders van Afrikaans met triomfantlike gebaar hul onweerlegbare stelling opgedreun: „Het Afrikaans heeft geen letterkunde!” De Waal se antwoord was: *Johannes van Wyk*. „Die eerste oplaag het bestaan uit 500 eksemplare, en die drukkêrskoste was toe slegs een-sesde van wat dit vandag vir so 'n aantal sou wees. Tog is ek destyds gelukkigewens geword met my moed dat ek dit gewaag het om 'n boek in Afrikaans uit te bring.”³⁾ Vir die voorstanders van Afrikaans was J. v. W. dan ook 'n welkome bondgenoot. Die Afrikaanse Taalgenootskap in Pretoria het onmiddellik 'n beroep gedoen op alle Afrikaners om dit te lees, en die meeste krante het dit warm aanbeveel.

¹⁾ *Die Burger*, 12 Aug. 1921.

²⁾ Vgl. vir „voorbodes” van die Twede Beweging: E. C. Pienaar, *Taal en Poësie van die Twede Afrikaanse-Taalbeweging*, 2de druk, p. 195.

³⁾ De Waal in *Die Burger*, Aug. 1921.

By die beoordeling van *J. v. W.* moet veral rekening gehou word met die omstandighede waaronder dit ontstaan het. Maar sedert die eerste uitgawe het nou byna twintig jaar verloop. De Waal het dit herhaaldelik omgewerk en in 1921 het reeds die vyfde druk verskyn, veral omdat dit vir drie publieke eksamens tegelyk voorgeskrywe was.¹⁾ Noudat die taalstryd verby is, moet ook die literêre waarde van *J. v. W.* bepaal word. Omdat egter in bou en opset *Die Twede Grieta* soveel ooreenkoms daarmee vertoon, kan die twee romans tegelyk bespreek word.

Die Twede Grieta

is die dogter van Johan Conradie, wat kort na haar geboorte, waarby haar moeder sterf, uit die huis van haar vader gesteel word en in Natal as Miss Grace Palmer opgroei. Andries Burger, pleegsoon van Conradie, loop saam met sy vrind, Bertie Muller, van die S. A. Kollege weg aan die begin van die Anglo-Boere-oorlog en hul sluit by die republikeinse leërs aan. Phineas Marais, stiefbroer van die „eerste” Grieta, Conradie se oorlede vrou, is die sondebok van die roman. Hy verlaat die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch na die dood van sy vader, wat ’n groot erfenis nalaat, word ’n geldwolf, loop in die oorlog oor na die Engelse en vervolg Andries en Bertie, vir wie Hester Fourie, sy verloofde afgewys het as doodsvyande. Andries en Bertie beleef die wonderlikste awonture in die oorlog. Andries red Grace uit die hande van Kaffers, en Bertie word verpleeg deur Hester. Na die oorlog ontdek Conradie dat Grace Palmer sy doodgewaande dogter is, ’n feit wat Phineas se roofproses teen hom in duie laat val. Presies soos Johannes van Wyk eindig die verhaal met ’n driedubbele huwelik. Andries trou met die tweede Grieta, Bertie met Hester en selfs Conradie slaag daarin om „’n sagsinnige liewe vroutjie van ag-en-twintig jaar” raak te loop, terwyl Phineas na Engeland vertrek om die reputasie van S. Afrika daar te verbeter.

¹⁾ Voorwoord Vyfde Druk, waaraan al die sitate ontleen is.

Ook die *Twede Grieta* het in *De Goede Hoop* verskyn, vanaf Jan. 1912.

„Het grondplan van de meeste Scottsche romans is: de held trekt de wereld in, beleef komische of tragische avonturen en sluit in het eind zijn bruid in de armen. Dit geldt voor Waverley, Old Mortality, Abbot, Fortunes of Nigel, Peveril of the Peak, Quentin Durward, Rob Roy en meer andere; de avonturen zijn meestal die van den oorlog en van de politiek... En naast dit hoofdtype spreek dikwyls de sensatieroman van Radcliffe in de geheimzinnige verwickelingen, het duistere mysterie, dat den lezer tot het eind in spanning houdt.”¹⁾

In hoofsaak pas hierdie karakteristiek ook op die twee romans van De Waal. Dit word begrypplik as ons lees, wat hy self omtrent die ontstaan van *Foh. van Wyk* meedeel:²⁾ „Ek het tevore (d. w. s. vóór die skrywe van *J. v. W.*) maar min romans gelees — net die van Van Lennep, Victor Hugo en 'n halfdosyn ander...” Van Lennep herken ons dan ook dadelik in De Waal se romans en aangesien Van Lennep al sy slim draaitjies van Walter Scott geleer 't, het ons hier te doen met 'n navolging uit die tweede hand.³⁾

Aan 'n goeie historiese roman kan die volgende eis gestel word: „Hij make gansch een tijdperk uit het verleden weer levend, in den vollen rijkdom van al wat er in omging, idealen en vooroordelen, zeden en gebruiken; hij geve voor een oogenblik de illusie, dat we tijdgenooten zijn van een voorbijgegaan leven, van een vergeten beschaving.”⁴⁾ So iets eis natuurlik diepgaande

¹⁾ J. Prinsen: *De Oude en de Nieuwe Historische Roman in Nederland*, p. 18.

²⁾ *Die Burger*, 12 Aug. 1921.

³⁾ Volgens Prinsen, t. a. p., p. 51 is die „romantische roes in Scott gekristalliseerd. Van dit kristal is Van Lennep de grove namaak in ordinair vensterglas.” Na 'n vergelyking van die twee skrywers kom Prinsen tot die gevolgtrekking, dat al oorspronklikheid van Van Lennep is „een zekere Hollandsche, soms lamlendige, soms goedmoedige breed-sprakigheid en een evenzeer Hollandsche ordinaire neiging tot laag-bij-de-grondsche moppigheid.” p. 53.

⁴⁾ Louis Maigron, *Le roman historique*, gesitueer deur Prinsen, t. a. p., p. 1.

historiese studie en nog veel meer. „Het is een gave van het genie, het algemeen menselijke, het grootsche en geweldige, zoowel als de teerste gevoelstrillingen in de tragédie humaine onder welke vormen, in welke tijden ook, te voelen, te zien, te grijpen en uit te beelden met middelen die altijd treffen, die altijd leven van innerlijke waarheid.”¹⁾ Die historiese romanskrywer moet, soos Victor Hugo van Scott gesê het, wees: „’n buigzame solide geest, die in zich opneemt als weeke was het cachet van iedere eeuw en van ieder land en dezen indruk voor de nakomelingschap bewaart als onvernietbaar brons.”²⁾

Nou ontstaan die vraag: In hoeverre het *Johannes van Wyk* reg op die naam historiese roman? Walter Scott maak gebruik van ’n spannende intriege om sy historiese stof kleur en lewe te gee. Daar is ’n sterk didaktiese element in sy werk: „het aanbrengen van historiekennis, niet zoo zeer tot leering en waarschuwing voor toekomstige geslachten als wel uitsluitend om het hebben van die kennis zelve, het wekken van liefde en belangstelling voor het verleden. Die tendenz spreek duidelik uit de lange inleidingen, de geleerde noten bij den tekst, de ophelderingen en citaten aan het slot, de historishe uitweidingen in de romans zelve.”³⁾

In *Joh. van Wyk* is egter die *intriege hoofsaak*. Die historiese agtergrond word gebruik alleen om die leser die illusie van werklikheid te gee. Daarvoor het De Waal ’n besonder awontuurlike tydperk uit die vroegste geskiedenis van die Kaap gekies, waarin hy sy karakters die wildste kaskenades kon laat uitvoer, sonder om die skyn van waarheid prys te gee.

Pas in 1911 is die dagboek van Adam Tas ontdek op die Kaapse Biblioteek en in 1914 het Dr. Leo Fouché dit uitgegee. Die aantekeninge van Adam Tas stel ons in staat om diep in te dring in die Kaapse toestand gedurende die stryd van die boere teen W. A. van der Stel. Op vertroulike manier deel Tas allerlei klein feitjies mee, met behulp waarvan ’n romanskrywer sonder

¹⁾ Prinsen t. a. p. p. 7.

²⁾ id. p., 25.

³⁾ id. p., 21.

veel moeite 'n kleurryke beeld kan skilder van die boerelewe aan die begin van die 18de eeu. In 1904 het De Waal natuurlik nie die dagboek tot sy beskikking gehad nie, maar selfs na 1911 het hy skynbaar geen aandag geskenk aan die nuwe gegewens, met die gevolg dat sy uitbeelding van die historiese persone en toestande vaag en soms heeltemal onjuis is. Selfs die dokumente wat reeds in 1904 beskikbaar was,¹⁾ het De Waal nie geraadpleeg nie, want die historiese vernis, wat op *J. v. W.* lê, is baie dun. Die feite wat die outeur verwerk, kon hy uit die eerste die beste skoolhandboekie gehaal het. Hy doen hoegenaamd geen poging om deur te dring tot die psiege van die manne, wat in die worsteling teen Adriaan van der Stel die eerste saadjies van ons nasionale bewussyn gesaai het nie. „Adam Tas en de mannen van 1705, die de rechten en voorrechten der kolonisten zo onmiskenbaar geformuleerd en zo dapper gehandhaafd hebben, mogen . . . met recht genoemd worden de grondleggers van ons politieke zelfbewustzijn.”²⁾

Wat vertel De Waal ons van die manne? Hulle was „*almal welopgevoede, knap boere, hoog aangeskrywe in die samelewing*”.³⁾ Henning Huisling het „*die rykste man aan die Kaap geword deur 'n monopolie*”. En die arme drommels is so onversigtig om by 'n „*effe opgeskuipte raam*”, waarvoor „*net 'n dun wit gordyntjie*” hang, „*op nie 'n alte sagte toon*” 'n gesprek te voer sodat Johannes elke woord kon opvang! En dit terwyl daar sulke mense soos Piet Rob was, van wie Tas verhaal: „Mij is vertelt als dat de noordse Piet Rob deese morgen met zijn Paarde wagen na Hottentots Holland is gereeden, die Schoft heeft welligt op deese Lichtmis dag weder wat aan te brengen, want het een zekere zaak is dat die vent 't verklikkers ambagt sterk oeffent, dan hij staat er mettertijd voor beloont te werden . . .”⁴⁾ Selfs die gewigtige dokument teen die goewerneur lê oop op die skryftafel!

¹⁾ *Het Dagboek van Adam Tas*: Leo Fouché, Hoofdstuk II § 1—3.

²⁾ t. a. p., p. 362.

³⁾ *J. v. W.*, p. 133.

⁴⁾ *Dagboek* onder datum 2 Febr., p. 126. Vgl. ook p. 142 waar Tas gewaarsku word: „ook zijde hij mij dat ik op mijn hoede moeste weesen . . .”

En dis die manne, wat flou grappies maak met Starrenburg, die vent wat hul soos die pes gehaat 't, en van wie Tas in sy dagboek praat as „de schoft Landdrost, ¹⁾ Landdrost Beelzebub, ²⁾ schofagtigen roffiaan”. ³⁾ Set maar 'n paar sinnetjies uit Tas se dagboek naas die floue geteem, wat De Waal hom in die mond lê en dan voel iedereen direk hoe onwaar, hoe absoluut vals die uitbeelding in *J. v. W.* is. Op Van der Bijl se raad om die dokumente teen die goewerneur liever stukkend te skeur antwoord Tas: „Ag”; sê Tas spottend, „lelik in die pekel bring! Wat is daar op stuk van sake; om te vrees? In g'n een van die ag-en-dertig beskuldigings teen die Goewerneur kom daar 'n sweem van sediesie voor nie. . . .” ⁴⁾ Vergelyk hiermee wat Tas in sy dagboek onder datum 28 Des. 1705 aanteken: „. . . . immers zoude die eervergeeten vend (A. v. d. Stel) ons gaarne van kant helpen zoo 't hem anders doenlijk was, die vervloekte Tyran heeft de Ingeseeten en zederd eenige jaaren op een ongehoorde manier gedrukt en geplukt, dat ze bijna baloorig zijn geworden, nu zoekt die onbeschaamden schendbrok de schuld van zijn hals af te schuiven en mannen van eeren op dusdanigen manier een smette aan te wrijven. O Tijden! O Zeden! dog de regtvaardige God mag men hoopen zal 't quaad eens op des bazen kop doen nederdaalen en niet toelaaten dat de Vroomen langer onderdrukt worden.” ⁵⁾ In die paar sinne voel ons die woest-laaierende passie van 'n man, wat veel gely 't. Dis glad 'n ander kêrel dan die Tas, wat De Waal so kalmpjes laat redeneer oor die Goewerneur wat „ons planne mag dwarsboom”. ⁶⁾

Op pagina 186 word ons meegedeel, dat die goewerneur die volgende persone gevange geneem 't: Wessel Pretorius, Jacob van der Heiden, Pieter van der Bijl en Henning Huising. Op die volgende pagina begin Hoofstuk XXX met die woorde: „Op las van die

¹⁾ *Dagboek*, p. 138 onder datum 13 Feb. 1706.

²⁾ t. a. p., p. 142.

³⁾ p. 150.

⁴⁾ *J. v. W.* p. 133.

⁵⁾ *Dagboek*, p. 90.

⁶⁾ *J. v. W.* p. 134.

Goewerneur en sy raad is Pieter van der Bijl, Henning Huising *en die twee ander* op 'n skip wat op weg was na Amsterdam, gesit" Wie is *die twee ander*? Uit die verband kan ons alleen tot die gevolgtrekking kom, dat De Waal Pretorius en Van der Heiden bedoel. Maar wat hy daarop laat volg is in stryd hiermee, want ons verneem, dat Van der Heiden in die Kaapse tronk bly. Hier bestaan dus duisterheid in die voorstelling.¹⁾ Die historiese waarheid is, dat Henning Huising, Pieter van der Bijl, Ferdinand Appel en Jan van Meerland na Holland gestuur is om voor die Here XVII te verskyn.²⁾ Dat al die gevangene, met uitsondering van Tas en Louw³⁾ die goewerneur om vergifnis gevra het, is ook in stryd met die historiese feite. Zevenhoven b.v. kon die landdrost met al sy dreigemente nie klein kry nie, en toe die raadslid Brommert hom aanraai: „Ga bij den Goeverneur en bid hem om vergiffenisse" was sy manlike antwoord: „Dat kan ik niet doen, ik hebbe de waarheid gezegd. . . . Is dit naer recht handelen? 't Lijkt beter naer Inquisitie." ⁴⁾

Op pagina 186 kom daar nog 'n onjuiste bewering voor: „. . . . Willempie het aan die kerele te kenne gegee dat, as hulle die waarheid van die klagtes wil ontken, hy hulle sal laat loop; maar *die laaste een het geweer*." Fouché egter beweer: „Enkelen werden reeds bij het eerste verhoor door de dreigementen van Starrenburg zo bang voor „de scherpere middelen" die hen wachtten, dat zij alles deden, wat hun gevraagd werd." ⁵⁾ Ook die spesiale pluimpie wat De Waal aan Tas gee, kan die leser onder 'n verkeerde indruk bring. „Na zijn gevangenneming gedraagt hij (d.i. Tas) zich niet met de standvastigheid, die velen van zijn minder begaafde broeders tonen." ⁶⁾

¹⁾ Eers op p. 232 verneem ons, dat Jan van Meerland op die see gesterf het.

²⁾ Fouché, *Dagboek*, p. 236.

³⁾ *J. v. W.*, p. 187.

⁴⁾ Fouché, p. 248.

⁵⁾ p. 242.

⁶⁾ t. a. p., p. XXVI.

Ook *Die Twede Grieta* noem die outeur „'n historiese roman”, maar weer is hier die intrige hoofsaak en staan die geskiedkundige gedeeltes meestal geheel los, nes hoofstukke wat gelig is uit 'n historiese handboek. In Hoofstuk II b.v. gee die skrywer op p. 52—62 ¹⁾ 'n skets van die Engelse anneksasie-politiek. Op p. 159—163 word die oorgawe van Cronjé beskrywe; op p. 290—295 vind ons militêre beskouings en selfs die vernaamste punte van die vredesverdrag van Vereniging. Waarskynlik het De Waal met hierdie opsetlike byvoegsels die bedoeling gehad om sy jong lesers op aangename wyse 'n les in vaderlandse geskiedenis te gee, wat hulle in 1912 erg nodig had, want dit is bekend, dat die onderwys in dié vak veel te wense oorgelaat 't en dat selfs vandag nog die waarheid op allerlei wyse verdraai word. Die didaktiese element is dan 'n welbewuste poging van 'n patriotiese skrywer om die anti-nasionale onderwyspolitiek van die Engelse oorwinnaar teë te werk. Hier het ons dus 'n voorbeeld van die wyse waarop die politieke toestand na die oorlog invloed uitgeoefen het op die letterkunde.

Dat die skrywer alleen deur 'n dorre betoog die nodige atmosfeer vir sy verhaal kan skep is 'n teken van swaakheid. So kry ons geen begrip van die dramatiek van die worsteling nie. „De moderne historische romankunst veronderstelt, dat ge uw historie kent en dat een enkele toespeling genoeg is, om u in den tijd te verplaatsen en wie ze niet kent, moet aan die enkele toespeling maar genoeg hebben om zich het noodige decor te fantaseeren.” ²⁾ Die historiese verhoudinge moet ons voel „als een vanzelf sprekende bijzaak”. Die doel moet wees om ons die reële lewe te laat meelewe, „gezien in zijn algemeene menschelijkheid door een modernen mensch en kunstenaar . . . ” ³⁾ Die moderne historiese roman is „een roman als elke andere, een greep uit het leven, het algemeen menschelijke in schoonheid gezien en uitgebeeld, om esthetische motieven gedacht en gevoeld

¹⁾ Twede Druk, 1921.

²⁾ Prinsen: *De Oude en de Nieuwe Historische Roman*, p. 91.

³⁾ id.

in oude tijden en verhoudingen. De historiese roman-schryver is niet langer de soms weerspannige slaaf der historie; de historie is zijn dienaar geword, die onderdanig en hulpvaardig, zich op den achtergrond houdend, aanbrengt, wat tot kennis van de ekonomiese, soziale, maatschappelijke toestanden, waarin de helden van 's kunstenaars verbeelding leven ter beskikking moet zijn." ¹⁾

De Waal staan dus nog heeltemal op die ou standpunt en dit spreek vanself, dat vir ons jongere, wat die moderne opvatting ken en waardeer, sy historiese uitweidings die eenheid van sy romans hinderlik verstoort. Die ware kunstenaar laat ons deur middel van die ervarings van sy persone, deur die uitbeelding van hul sielelewe voel, wat daar omgegaan het in die hart van die volk gedurende 'n seker tydperk. In Hoofstuk VIII slaag De Waal dan ook uitstekend daarin om ons deur middel van 'n samespraak tussen Bertie Muller en Kaptein Glide 'n stukkie oorlogspsigologie te gee. Maar meestal bly die intriege hoofsaak en is die oorlog 'n handige raam waarop die outeur oneindige awonture borduur. Dit was dan ook volstrek nie sy bedoeling om die innerlike roersels van die volksiel gedurende die wanhopige worsteling uit te beeld nie. Presies soos by *Johannes van Wyk* het hy 'n periode uit die geskiedenis geneem, waarin hy sy persone die bontste awonture kon laat beleef en tog 'n glimp van waarheid behou.

De Waal se twee werke is geen historiese romans nie, maar wel *intriegeromans*, presies soos die van sy leermeester, Jacob van Lennep. J. H. van den Bosch het op voortreflike wyse hierdie soort roman geskets ²⁾: „De stof der kunst is het karakteristieke en tipiese in zijn steeds nieuwe verwerkelijking. Als voortbrengsel der phantazie, behoort tot de kunst ook de reproductie van het toevallig-uiterlijke. Niet echter tot de beste. Het toevallig is niet noodwendig, het is waar noch onwaar. Tijdelijk mag het behagen, misschien door nieuwhed en gloed, voor een oogenblik spannen door

¹⁾ J. t. a. p., p. 104.

²⁾ *Taal en Letteren*, 1892.

vreemde ongewoonheid — weldra is het achter de bank geworpen en verouderd; de onverschilligheid der nakomelingschap velt er een zwijgend maar welsprekend vonnis over. Wil het eeuwig leven als de natuur, dan moet het kunstwerk — zelve Eeuwige natuur zijn, typisch en voleindigd.

De Intrigeroman als zoodanig, niet kind van rijpe ervaring . . . kind van één dag daarentegen is bestemd om op denzelfden dag te sterven. Het is de roman der willekeur, wier type men in den Graaf de Monte Christo heeft leeren kennen. De intrigekunstenaar (al is zijn gave benijdenswaardig) geeft ons geen werkelijkheid, niet de wereld vol karakter rondom ons te aanschouwen, — het is de droomwereld eener spelende phantazie. Zijn helden zijn marionetten, hij de man in de poppekast. Het is de roman der oppervlakkigheid, zonder diepte van leven, zonder inwendigen samenhang. In de mysterieuze natuur is ook alles bont en willekeurig dooreengeworpen, als in een uitdragerswinkel; — voor oppervlakkige blikken: want in de diepte is alles één. Het is kunst zonder waarheid, zonder wijsheid, geest en beteekenis, omdat het kunst zonder idee is.”¹⁾

Ook De Waal se helde is marionette, aangeklede poppe, waarby die awontuur alle psigologie verdring. „Scherp getrokken is de lijn tussen deugd en boosheid. Hier ontwikkelen zich dan ook geen karakters; hier wordt ook geen moeite gedaan, om uit elk, overigens zo wonderlik samengesteld menselijk hart, te halen, water, onder de werking van allerlei samenlopende of elkander strijdige invloeden, uit te halen is; verre van daar; onder al het levendig bedrijf, speelt ieder zijn hem toebedeelde rol op de meest passieve wijze; ieder van zijn kreaturen is gewaarmerkt tot een vast en onmiddellik te herkennen tiepe. . . .”²⁾ Die enigste ontwikkeling, wat daar by De Waal se hoofkarakters te bespeur is, bestaan daarin dat die oorspronkelijke eien-skap waarmee hy hul bedeel het, hoe langer hoe sterker

¹⁾ Vgl. hierby nog Prinsen: *Handboek tot de Nederl. Lett. Ges.* p. 613-614.

²⁾ J. Koopmans: *De Beweging*, 1913.

word. Sy helde word al dapperder, sodat hulle in die laaste hoofstuk *Uebermenschen* is, sy skurke al hoe swarter, totdat hul die baarlike duiwel in persoon word. Hy bedenk allerlei middeltjies, wat daarop bereken is om ons bewondering vir sy held te laat styg, of ons veragting vir sy skurke te vergroot.

Johannes van Wyk bied homself as vrywilliger aan teen die Boesmans; hy is vergewingsgesind teen Gert en verpleeg hom as hy gewond is; hy red Hester Linde op besonder dapper wyse; as hy Gert heeltemal in sy mag het, neem hy geen wraak nie, maar wil alles vergeef; selfs Gert prys sy saggeaardheid: „As 'n vlieg in sy karringmelk val, dan red hy dit!”¹⁾ Hy gee twintig guldens aan ou Fekkie; „die gebrek aan intellektuele geselskap het hy geweldig gevoel”²⁾ op die plaas by Villiers; van Fritz Köhler wil hy nie skinder nie; en as Gert sterf, dan voel Johannes „weer die kinderlike, broederlike liefde van jonger jare opstyg in hom”.³⁾ Voorwaar, 'n voorbeeldige jong kêrel! 'n Tugendheld!

So ook Andries Burger. Hy is wel 'n bietjie koppig op skool, maar De Waal laat ons goed voel, dat dit eintlik 'n goeie eienskap is, wat net pedagogiese leiding nodig het. As Andries dan ook Perold se skool deurloop het, word hy 'n tiepe van die nasionale student. Hy wil nie eers met sulke „rou rooi” dametjies, soos Grace Palmer praat nie, en die koppigheid van die kind moet ons bewonder, omdat 't die onversetlike wilskrag van die jongeling verklaar, wat teen die wens van sy pleegvader en professor tog oorlog-toe gaan. Andries is ook 'n sportsman van die eerste water; hy weier om met sy beste vrind 'n dop te gaan steek en verwyт hom ernstig sy losbandigheid en gebrek aan nasionale sin. Bertie se swakheid moet dien om ons 'n hoër dunk van Andries te gee. In die oorlog word Andries so gou gebrei, dat, „hy amper enigiets sou waag”.⁴⁾ Hy maak 'n stoutmoedige aanbod aan Generaal De Wet (p. 159) en as verkenner is hy die dapperheid in persoon, wat

¹⁾ *J. v. W.*, p. 126.

²⁾ *t. a. p.*, 164.

³⁾ *t. a. p.*, p. 250.

⁴⁾ *Tw. Gr.*, p. 160.

altyd die vyand baas raak. Op 'n koppie red hy Bertie, neem drie National Scouts gevange en skiet een dood. Sy gewonde vrind verpleeg hy met die grootste selfopoffering (p. 206). Phineas voel „glad ongerus in Utrecht” as hy hoor, dat daardie waagduiwel.... in die rondte swerf as verkenner”¹⁾ en al is hy ook nie vandag se kind nie, waar dit op geslepenheid aankom, moet hy telkens erken, dat Andries hom uitoorlê. Andries kry altyd die mooi rol; hy red Grace van die Kaffers, bring haar in veiligheid en voorsien haar van geld; hy maak die geld buit, wat Phineas en Loogman van die weduwee afgeneem het en stuur dit aan haar terug met De Jager. As Genl. De Wet 'n skitterende oorwinning behaal, dan is Andries daarby.²⁾ As veldkornet Potgieter in die nood raak, dan is 't Andries, wat hom raad gee³⁾, en met die hulp van twee vrinde bestook hy die Engelse uit 'n voordelige posiesie sodat die kommando ontsnap en die vyand groot verliese ly. Maar Andries is nie alleen 'n onverskrokke krygsman en verkenner nie, hy kan ook 'n mooi gedig maak en behaal selfs 'n prys daarmee.⁴⁾ As die vrede gesluit word, dan hoor ons: „niemand het die prysgee van die duurgekogte onafhanklikheid van die Transvaal dieper ter harte geneem nie as die jong hooghartige Andries.”⁵⁾

By die tekening van sy skurke gaan De Waal presies op dieselfde wyse te werk. Die een laag swartsel na die ander smeer hy op.

Gert Rass steel blomme, bring Johannes daardeur in die moeilikheid, val hom aan met 'n karwats en wil hom verwurg; hy stook Abram op om Johannes deur die Boesmans te laat vermoor; wil die laken nie opsteek om Johannes te red nie, en het selfs minder gevoel vir sy neef dan die Boesman, Abram; jak Johannes af, wat hom verpleeg 't en laat sy ouers onder die indruk kom, dat sy neef hom gewond 't; aan Klaartjie vertel

¹⁾ t. a. p., p. 242.

²⁾ Vgl. p. 217.

³⁾ t. a. p., p. 261.

⁴⁾ p. 283.

⁵⁾ p. 295.

hy kluitjies oor sy neef; op die basaar fop hy met sy nommer, beskinder Joosten en beroof hom van sy „violet”; hy laat ’n vervalste brief in Johannes se sak stop om hom van hoogverraad beskuldig te kry; is dadelik gereed om sy ontsnapte neef te agtervolg en wil hom koelbloedig doodskiet; bedreig Hester Linde met ’n pistool, lieg as hy in die moeilikheid raak, en huigel vrindskap vir Johannes om hom te kan vergiftig. Gert word só gevaarlik in sy duiwelagtige haat, dat De Waal verplig is om hom op te ruim voor hy Johannes en sy vrinde kan beloon vir hul deug.¹⁾

. Phineas Marais, die eks-teoloog is ook ’n monster, wat al monsteragtiger word. Sy huigelry word hoe langer hoe geraffineerder, en om die bewondering vir Andries des te hoër te laat styg word sy teëstander al hoe gewikster in Fariseïese listigheid. Hy moet deur sy verraad en geldsug die nodige verwickelinge skep, sodat Andries ’n kans kan kry om sy edelmoedigheid en onverskrokkenheid aan die dag te lê. Die laagheid van Phineas is die terrein waarop die patriot Andries, *le chevalier sans peur et sans reproche* steeds met sukses opereer. Andries is dwarsdeur die roman die lieweling van die outeur, orals word hy verheerlik, orals word die pad vir hom skoongemaak.

Op De Waal pas dan ook uitstekend die volgende verklaring van M. H. van Campen: „Twee eigenaardigheden hebben alle pseudo-menschcheppers gemeen, ten eerste: het verzoeten hunner nobele figuren tot dupen en engelen — welke twee begrippen, als men de gewikstheid der duivelen daarbij in aanmerking neemt, vrij wel elkander dekken! —; zij doen dit zuiver instinctmatig, of wel: een onduidelijk bewustzijn van hun onvermogen, in de menschchepping de aesthetische schoonheid te bereiken, doet hen streven naar de ethische, welk streven tevens tot gevolg heeft dat zij hun ignobele schepselen zoo zwart maken als de satan zelf is, daardoor wordt de ethische schoonheid langs een omweg bereikt: de lezer voelt, hoe boos de auteur op zijn figuur, hoe ver-

¹⁾ Feitlik die enigste menslike gevoel, wat beide Gert en Phineas besit, is liefde vir hul....perde!

ontwaardigd hij is, het ethisch schoon bevindt zich dus in den auteur-zelf! En als het tweede dezer eigenaardigheden moet genoemd, dat de pseudo-menschschepper, hetzij min of meer bewust van zijn onvermogen als zoodanig, hetzij zelfs geheel onbewust daarvan en instinctief, de menschbeelding op het zooveelste plan doet terugwijken en het bijwerk brengt op het allereerste: het bijwerk van de „intrigue”, van de taal, van de natuurbeschrijving, het bijwerk van alles en nog wat. Schiep de Héer in zes dagen heel de wereld en één menschenpaar, zij besteden dunkt mij, volle zes dagen aan het scheppen eener menschenlóóze wereld en stelen vijf minuten van den sabbath, om honderd menschen te maken! Die menschen zijn er dan ook naar . . . —”¹⁾ Alleen die volgende reserwe moet ek maak: wat bywerk van taal en natuurbeskrywing betref, is daar by De Waal geen sprake nie — hy vertrou enkel op ’n spannende intriege en ’n historiese versiering om sy verhaal leesbaar te maak — wat later bewys word.

Hoe dat by De Waal alles afhang van die grillige toeval blyk uit die verlowing van Hester Fourie en Bertie. Hester sê Phineas af, nie as gevolg van ’n geweldige sielekonflik nie, waarin haar patriotisme en liefde in botsing kom. Tot op die laaste behou sy haar naíewe geloof in sy opregtheid, ja verneder haarself voor haar veragtelike aanbidders: „Ek weet, dat jy my sal beskou as ’n bedriegster, ’n valse skepsel . . . Ek weet dat jy die naam van Hester Fourie sal verag, sal verfoei, sal wil uitdelg uit jou geheue, . . . ²⁾ Sy is selfs gewillig om Phineas te trou al was hy ook „handsupper” — eenvoudig omdat haar eie pa ook sy nasie verraaí het — ’n rede wat psigologies absoluut vals is, omdat juis die skrynende pyn daardeur veroorsaak, haar die verlore ideaal des te inniger sal laat koester en haar verlange om dit in die minnaar terug te vind oneindig versterk. „Pa het my diep teleurgestel, maar Phineas sal sy man staan — *hy* sal aan sy volk getrou bly”, so sou dié *vrou* Hester geredeneer het, die vrou wat geloof het

¹⁾ *Nederlandsche Romancières van onzen Tijd*, p. 10.

²⁾ *Tw. Gr.*, p. 305.

dat hy 'n volksleier behoort te word! ¹⁾ As De Waal wou gehad 't, dat ons Hester Fourie moet bewonder as 'n fiere dogter van die Vrystaat, dan moes hy die bitter kneusing van haar meisieshart uitgebeeld 't by die oorloper van haar vader en minnaar, die wondere, geheimnisvolle rypwording van haar kinderliefde vir Bertie en haar langsame bewuswording van die feit, dat haar gevoel vir Phineas 'n vergissing was. Maar in die roman gehoorsaam sy aan „'n onverklaarbare, waarskuwende stem . . . 'n instink wat na geen menslike raad wou luister nie”, ²⁾ terwyl sy tog héél goed weet, dat Bertie die plaas van Phineas in haar hart ingeneem 't. Of het Phineas haar ook leer huigel?

Haar liefde vir Bertie is nie 'n allesbeheersende, allesoorwinnende passie nie, wat haar met dwingende mag na die geliefde dryf, maar haar lot word beslis deur die absoluut *toevallige* ontdekking van Nurse Nellie. Haar lewe is nie die langsame ontplooiing uit 'n innerlike drang, wat onverbiddelik dryf na die vervulling van 'n eie sielsgeaardheid nie, omdat die skrywer *nog nooit* geloop 't op die slingerpaadjies, wat soos 'n wirrel-warrelvlegwerk uitgesprei lê oor die groot wonderland — *das Ewig-Weibliche*.

Die *blinde* toeval! In *Johannes van Wyk* het die nommertrekkery op die basaar 'n beslissende invloed op die lewensgeluk van ses persone. En as Johannes sy kans laat glip, dan speel dieselfde *blinde* toeval hom die meisie nogeens in die hand, dan kry hy 'n geleentheid om Hester te red en verseker die flink optrede van sy vrinde hom 'n ongestoorde wandeling met haar. By die eetmaal is dit wéér die *blinde* toeval, wat hom 'n sitplaas naas Hester gee; wat die kaptein en kolonel met plotselinge doofheid slaan, sodat hy sy geheimpies uitvoerig aan haar kan vertel. Voorwaar, Johannes laat ons dink aan Van Lennep se motto by *De Roos van Dekama*. Hy is die man wat: „*wacht en stille sitt*” en tog alles kry, terwyl Gert met al sy slim planne homself in die ongeluk stort.

¹⁾ t. a. p., p. 38.

²⁾ t. a. p., p. 306.

Joosten, vir wie Fritz Köhler, „g'n enkele keer die kans wou gee nie”¹⁾ om met Jeanette te praat nie, word ook deur die *blinde* toeval gehelp — anders was hy vandag seker nog ongetroud!

En Grace Palmer? Haar huwelik is afhanklik van die toevallige ontdekking, dat sy die Twede Grieta is. Sy self gee drie redes op, waarom 'n huwelik met Andries onmoontlik is.²⁾ „De Intrigeroman kan alles bewijzen. Hij is een droom; de natuurwet is er buiten dienst gesteld.”³⁾ Om dié rede behoef dit dan ook geen verbasing te wek nie, dat daar nog 'n hele reeks onwaarskynlikhede in die twee romans te vind is, o.a. die verdwyning van Grieta, die onvoldoende motivering van die haat tussen Andries en Phineas en veral die feit, dat Conradie die Kaap verlaat sonder Andries mee te deel wie Grace is. Op die manier kry Andries nog 'n kans om sy koppigheid te wys en die feit, dat hy nou al deur sy oorlogervarings tot selfstandige man geryp is, verhinder sy pleegvader nie om hom nog soos 'n stout seuntjie te behandel nie! In *J. v. W.* laat die karakter van Abram ons ook twyfel aan die egtheid daarvan; die skoot wat Abram net presies in die hart tref, terwyl hy op Johannes se hart mik, verwek 'n skeptiese glimlag. Dat Gert in die gifdrinktoneel hom so maklik laat fop, klink ook onwaarskynlik. De Waal slaag daar nie altyd in om sy sterk-romantiese gegewens deur 'n onweerstaanbare suggestiewe werking tot onbetwyfelbare realiteit te maak nie.

Dit blyk ook duidelik uit Andries se awontuur by Utrecht. Ons verneem dat 't „buitengewoon donker” is — só donker selfs, dat die ruiter „nouliks die kop van sy pèrd kon sien.”⁴⁾ Tog laat „'n warrelwindjie 'n dun stofwolkie . . . opstuif”! Later eers word die terrein deur bliksem af en toe verlig. Maar dit bly só donker, dat die kaffer „slegs 'n donkere gestalte” is. Die skrywer laat ons egter nie voel deur allerlei fyn trekkies nie, dat dit werklik donker is. Hy teken die hele toneel asof

¹⁾ *J. v. W.*, p. 210.

²⁾ *Tw. Gr.*, p. 331.

³⁾ *Taal en Letteren*, 1892.

⁴⁾ *Tw. Gr.*, p. 225. *Dag* op dieselfde pagina is seker 'n drukfout vir *nag*.

dit alles in die skroeiende son gebeur 't. „Verbysterd en asof half lam leun sy (Krysie) met haar een hand teen een van die opstaande rotse.” Het Andries kat-oë gehad, of het hy dit ook alles „met die hulp van (die) weerlig” so haarfyn gesien? Hy soek nie voel-voel na die gewere en bandeliers nie — hy tel sommer „een van die twee Lee-Metfords en die bandeliers op . . .”. Hy loop nie struikel-struikel oor die los klippe in die donker nie — „hy *nader* . . . die meisie”. En sy sien hom „verward” aan; „sy skud haar kop”, as hy haar iets vraag en „aan haar kappie en jas kon jy . . . sien, dat sy terdeë met klei in botsing gewees het.” Het dit ook alles gebeur met die hulp van bliksemstrale, want dis nog só donker, dat hy byna oor die twee doodgeslaande perde val.

Die gebrek aan suggestiewe besonderheidjies belet ons om die waarheid van die nagtelike toneel te voel. Die skrywer het dit nie innerlik deurleef nie, maar met sy nugter verstand die awontuur inmekaar gesit. En hy was hier tog op bekende terrein, want hy was self onderwyser in Utrecht en het seker meer as een van die donderstorme gesien, wat met sulke plotselinge felheid kan neerswaai, so geheel anders as in die Kaap.

Die donderstorm word as volg beskrywe: „Die stormwolk, waaruit soveel *vog gegiet* en *vuur geskiet* was, was nog met onverminderde water en elektrisiteit belaaï en woed nog aldeur voort, (dus 'n wolk, wat voortwoed!) maar nie meer vlak bo-kant die hoofde van die jong twee nie. Die reusagtige massa was na die noordweste gedrywe, en slegs die nadruppels val nog by die vlugteling. Met die ooptrek van die hemel kom ook die opgaande maan te voorskyn.”¹⁾ Van natuurviesie geen sprake nie, nog minder van individuële impressie of verrassende segging. Die hele beskrywing word gegee enkel om die laaste sinnetjie, want Andries moet 'n kans kry om „die sewentienjarige poppie” te bekyk.

Die beskrywing van Patrysvlei²⁾ is soos die van 'n afslaer, wat 'n plaas wil verkoop. Patrysvlei is „'n lushof”

¹⁾ t. a. p., p. 233.

²⁾ t. a. p., p. 89.

met mooi draadheinings. Daar is 'n „deftige woonhuis” met „netjies ingerigte buitegeboue, stalle, krale, kampies en pluimveehokke”; „in sag groen gelowerde vrugteboorde”, 'n groot tuin, 'n „massiefgewalde dam”, deur 'n „altydlopende stroom gevoed” en verder „uitgebreide, duidelik afgebakende saai- en weilande”. Die skrywer verseker ons, dat 't „'n bekoorlike landgoed, 'n paradysie” is, maar so 'n vendusieagtige ophemeling laat ons totaal koud en het met kuns niks te maak nie. Die van buitegekome obserwatoriese gewaarwording is nie deur die van binne opstygende deurvoeling tot 'n psigiese verbeelding geryp nie.

Die verslag van die voetbalwedstryd in hoofstuk vyf van *Die Tweede Grieta* is ook 'n bewys van De Waal se onmag as kunstenaar. So 'n beskrywing kan 'n rapporteur van 'n agterveldse krantjie ook gee, want dis kleurlose joernalistiek, sonder 'n persoonlike aksent, in die allergewoonste voetbaljargon. Die partytjie by Bertie was in 'n groot saal „waar die meeste van die mense in vrolike gebabbel vergader was. . . . Verversings en lekkernye is intussen rondgedeel en van die keurigste sterk drank kon jy te drink kry.”¹⁾

In *Johannes van Wyk* nog 'n staaltjie: Hester en Johannes sing saam op die rots: „Toe begin hulle weer. Al die ander was stil as die graf. Heerlik weer lui (weerlui?) die skone melodie. Trillend weer het iedere noot in die rotsagtige kloof van kant tot kant weerklink. Met soveel gevolg is elke woord uitgebring geword dat dit ingedring het tot in die diepste hoekie van elke hart en die fynste snare daar geroer het. Was dit dan wonder dat selfs Louise haar oë vogtig geword het?²⁾ Viermaal weer; sesmaal ge opmekaar gestapel! en dit in ses-en-'n-halwe reël! By die waaragtige kunstenaar, wat hom diep in sy stof inlewe, verander ritme, styl, taal, woordekeus voortdurend al na gelang van die stof. De Waal wil hier musiek in woorde verklank en hy hakkkel soos 'n doofstomme. Die mooi alliterasie: „Trillend weer het iedere noot in die rotsagtige kloof van kant tot kant

¹⁾ t. a. p., p. 313.

²⁾ t. a. p., p. 229.

weer/ink" gaan verlore in die aanswellende gutturale kakofonie.

De Waal se styl het geen eie geluid nie. Sy taal is die van die koele gedagte, ontspring nie uit 'n ontroerde gemoed nie, mis harmoniese ritme. Nooit voel ons daarin die koorsagtige klop van die digter, nooit tintel daarin die warm liefde vir singende woorde nie. Kort en saaklik deel hy ons mee, soveel as nodig is om die intriege te verstaan, soms met katalogusagtige dorheid. Grace word ingelei in „'n kamer van middelmatige grootte, wat klaarblyklik gedien het vir eet-, slaap- en werkkamer tegelyk, want in die middel staan daar 'n tafel met 'n bord, 'n kaasbak, 'n suikerpotjie, 'n standertjie, 'n paar koppies en pierinkies en nog meer sulke goed; naby die venster sien jy 'n tafeltjie met 'n goedkoop naaimasien en 'n werkmandjie daarop, terwyl, aan die teenoorgestelde kant van die kamer, die voetenent van 'n ledikant van agter 'n Japanese skerm uitsteek. Verder bemerk jy daar ook 'n wastafeltjie en enige ander meubelstukke — almal oud en eenvoudig, maar net en sindelik.”¹⁾ Geen verrassende wending, geen metaforiese vermoë. Dit is net asof hy 'n reusagtige settery het, waarin die sinne netjies in hul bakkies gerangskik staan — *la phrase fait une fois pour toutes.*²⁾ As iemand skrik of verbaas is, dan het hy „wydgespalkte, wit kykers”, (*J. v. W.*, p. 37); Malherbe en Joosten volg Johannes se bewegings „met beklemde harte en wyd-geopende oë”, (*J. v. W.*, p. 71); „Die dominee sien sy dogter met wydgespalkte oë aan”, (*J. v. W.* p. 149); „die meid, met 'n uitdrukking van angs in haar groot, wit oë”. (*Tw. Gr.*, p. 7). „'n Klein gil verlaat sy bors, en met wydgespalkte kykers starend staan hy vir 'n oomblik asof versteend”, (*Tw. Gr.* p. 173); „ontsettend verras staar hy die meisie met wydgespalkte oë en ope mond aan”, (*Tw. Gr.*, p. 392); „Palmer!?” roep Conradie, met groot oë, verbysterd”, (*Tw. Gr.*, p. 353); „Maar voor hy iets meer sê, deins hy verskrik terug, en staar haar met wydgespalkte oë aan”, (*Tw. Gr.*, p. 350);

¹⁾ *Tw. Gr.*, p. 349. Beter geslaag is die beskrywing van Johannes se kamer, *J. v. W.*, p. 163.

²⁾ Vgl. Rémy de Gourmont: *Esthétique de la langue française.*

„Met wydgeopende, verwilderde kykers staar hy die besoekster asemloos aan”, (*Tw. Gr.*, p. 369); „Met ope monde asof deur towery geboei, gaap hulle die singers in verlore bewondering aan”, (*J. v. W.*, p. 97); „die trotse Chrissie staar met wye fonkelende oë vaag op na die plafond”, (*Tw. Gr.*, p. 224). As Boonzaaiër dié romans moes illustreer ! Dieselfde uitdrukking kom ook by Van Lennep voor: „Welnu! waar wacht gij op?” vroeg de man, wien de uitdaging gold, aan den voerman, die *met wijd opgespalkte oogen*, dit tooneel stond aan te gapen.”¹⁾

Soms laat De Waal nogal wonderlike maneuvres uitvoer: „Maar Jeanette het alreeds haar oë met stille valksblikke na huis, werf en elke plekkie daar rondom, vir sover as haar gesig nie versper was nie *geslinger*”, (*J. v. W.*, p. 199); „Sy oë begin van vooraf in sy kop te rol”, (*J. v. W.*, p. 15).

Nog ’n ander stylverstening is: „’n Rilling loop deur sy lyf”, (*J. v. W.*, p. 38); „’n Vinnige rilling loop deur die hele lyf van Johannes”, (*J. v. W.*, p. 215); „’n Ysige rilling tref die lede van die sielvermoeide student”, (*Tw. Gr.*, p. 389); „Hester haar liggaam tril van die skok”, (*Tw. Gr.*, p. 200); „wat ’n gril skud sy lede”, (*Tw. Gr.*, p. 250); „Dit was of Andries ’n geweldige skok deur al sy lede kry”, (*Tw. Gr.*, p. 314). „Wat ’n rilling loop daar deur sy hart”, (*J. v. W.*, p. 72). Van Lennep gebruik die uitdrukking ook: „Een koude rilling liep mij door de aderen.”²⁾

Nog ’n ander stylverstening is *asvaal* of *vaal soos as*.³⁾ So sou ons die hele inwentaris kan opmaak van die bakkies in De Waal se settery; van die beperkte aantal stereotiepe uitdrukkings, wat met tergende reëlmaticheid by amper elke dialoog voorkom — die „knersende tande”, „geamuseerde gesigte”, die „hande in die hare”, die krappery agter die ore, of op die kop, die „bevestigende knikkies”, „wit bewende lippe”, „glinsterende, *wetende*, verwilderde, verslindende . . . oë”; „vuurrooi wange”,

1) *Ferdinand Huyck*, p. 42.

2) o. a. *Ferd. Huyck*, p. 91.

3) Vgl. o. a. *J. v. W.*, p. 101, 122, 201; *Tw. Gr.*, p. 200, 357.

„veel-betekende(?) glimlaggies”, „angstig-kloppende, bon-sende harte” en al die verskillende soorte *kyke*!! — o.a. „die kyk wat as 'n dolk tref”, (*J. van W.*, p. 46). Dan nog De Waal se besonder hartlam-uitdrukking kykers — van allerlei aard, diep, vurige, swart, donker-bruin, glimlaggende, skitterende, medely wekkende, siel-volle¹⁾, glimmende, bewonderende, grys, groot, ope, blink, pragtige, patetiese ²⁾

'n Enkele maal word ons verras deur 'n raak tekening: „rooi as 'n granaatappel”, (*Tw. Gr.*, p. 121); „met 'n berouvolle krakie in sy stem”, (*Tw. Gr.*, p. 269), — maar dis nes 'n eensame blommetjie in 'n vaal stoppelland. Meestal is De Waal doodtevrede met die ou beskrywende adjektiewe, wat die Neerlandse skrywers van vóór 1880 duisendmaal afgerinkink het. Dit blyk veral waar hy die uiterlik van sy persone teken. Hester Linde het „'n *lelie-blanke* kleur, afgewissel deur die *roseblos* van gesondheid, ... daarby vertoon sy 'n paar oë so helder, so *hemelsblou*, so *sielvol*, as g'n digter of skilder sou kan teken nie; 'n lieflike neusie gelyk en reg *as van 'n marmer beeld*.” (*J. v. W.*, p. 63). Sy is 'n *engelagtige* wese, (*J. v. W.*, p. 72 en 162) met *hemelse* oë; ook Grieta is „'n *beeldfraaie* mens meer geskik vir die tuiste van engele, dan vir hierdie prosaiese aardbol”, (*Tw. Gr.*, p. 1); „'n buiten-gewone *juweel*” met „melkwit hals” en „goudbruin hare, wat tot sieraad sou gestrek het vir die skoonste *tower-godin*”, terwyl Hester weer 'n „*liewe juweeltjie*” is, „'n allerpragtigste kind, die *beeldskone* predikantsdogter” met „'n *sneebulanke* gelaat”. Sy is „die liewe engel wat dag en nag Johannes se gedagte besig hou en 'n *vuur* in sy hart *aangesteek* het wat niks kan uitblus nie. . . .” (*J. v. W.*, p. 178). Ook Grace laat „'n *vlammetjie* *ontbrand*, wat Andries nie lig kon *blus* nie”. Nes by Hester word ons verseker van die magteloosheid van die skilder en nou ook nog van die beeldhouer: „Het ooit 'n skilder 'n kinnetjie pragtiger geskets? Het ooit 'n beeldhouer 'n mondjie bedeel met soveel uitdrukking, soveel karakter, soveel *soete onskuld*, as wat vertoon word

¹⁾ Uit *J. v. W.*

²⁾ Uit *Tw. Gr.*

deur daardie twee gesonde, klein, allerliefs gevormde lippies?" (*Tw. Gr.*, p. 239). Sy is ook soos haar moeder. „meer geskik vir die tuiste van engele”: „Dat 'n regtige, gewone, aardse mens so *fouteloos* (anglisisme!) daar kon uitsien, sou hy nooit kan geglo het nie.” Ons glo dit dan ook nie!! Mens moet na Tollens en sy konfraters gaan om die sussies van De Waal se engeltjies te kry. Hoor maar hoe Tollens „*Het Ongenoemde Meisje*” „besing” 1):

„Der nachtegalen zang is schoon,
Maar tienmaal schooner is haar toon,
Haar stem doortintelt merg en bloed;
Geen ziel, die zij niet smelten doet;
Geen booswicht is er, als zij zingt,
Wien niet een traan in de oogen dringt.

Zij zweeft, als had zij wickjes aan:
Haar zooltje laat geen teeken staan.
Haar vlechten zijn als ravengit,
Haar boezem is als zwanenwit;
Geen enkel sproetje vlegt haar kin
En 't englenzieltjen evenmin.

Wie zulk een meisje ooit ontmoet,
Zoo schoon, zoo rein, zoo engelgoed;
Wie 't orglen van een stem vernam,
Zoo fraai of ze uit den hemel kwam,
Geloof hij 't vast — zweer hij 't vrij:
Dat is mijn meisje! dat is zij!

De Waal se „fouteloos fraai” meisies dra natuurlik ook klere, „fouteloos passend” soos Grieta; hul het „lieflike gelaatstrekke”, „pragtige elegante” gestaltes, of anders „heerlik-fraai — slank en tog vol”; meestal „langwerpige” gesiggies soos Hester Linde, Hester Fourie en Grace; maar die koddigste is wel die *plomp* 2) wange, wat by De Waal blykbaar die betekenis van die Engelse *plump* het!!

Vergelyk ons nou hiermee die manier, waarop Van Lennep sy dames en here teken, dan val die sterk ooreenkoms dadelik in die oog. In *De Roos van Dekama* word Madzy as volg voorgestel: „Voor zooveel men,

1) *Dichtbloemen*, p. 150.

2) *J. v. W.*, p. 63 en 226.

nu zij gezeten was, haar gestalte kon beoordeelen, was zij rijzig van postuur; doch haar fijne leest was gewikkeld in een zwarten zijden mantel, die niets liet bespeuren dan de bevallige ronding van een *leliewitten* arm De kap van den mantel bedekte het hoofd, en was onder de kin vastgestrikt, doch liet echter vryheid om de *edelste* en tevens innemendste *wezenstrekken* te beschouwen, welke immer in het hart eens jongelings liefde verwekt hebben ¹⁾. De strenge regelmaat des beloops van neus en voorhoofd, welke aan het profiel der Grieksche Juno herinnerden, was getemperd door den zachten, minzamen opslag van *twee groote, helder hemelsblauwe oogen*, overweld door gitzwarte wenkbrauwen, zoo zuiver van omtrek, *als waren zy door een penseel gevormd*, en door de kuiltjes welke in de van gezondheid schitterende wangen en in de ronde kin als tot een schuilplaats voor de bevalligheden gevormd waren. Een klein vlekje ter zijde der bovenlip, in stede van het gelaat te ontsieren, stak geestig af tegen de blanke tinten van het fijne, met blauwe adertjes gemarmerde vel, en verhoogde de levendigheid van uitdrukking der wezenstrekken, vooral wanneer zij zich tot een lachje saamtrokken, en de halfgeopende rozemond, de dubbele rij der hagelwitte tandjes ontdekken liet." ²⁾ Vir Reinout is Madzy dan ook dadelik 'n „*lieve engel*". „Reinout had een wel niet rijzige, maar toch in allen deele *fraai gevormde*, gestalte. *Ravenzwart haar krulde* hem met bevalligheid om de slapen; zijn gelaatstrekken waren fijn en regelmatig, en schoon van nature bleek en door de zuiderzon en de vermoeienissen des oorlogs met een gele tint overdekt, hoogst bevallig en innemend. Geest en *scherpzinnigheid* straalden uit zijn gitzwarte oogen, wier *levendigheid* waarde gaf aan alles wat hij zeide." ³⁾ Malherbe „was middelmatig van gestalte, welgeset, kragtig gebou. Sy blas kleur en Paryse neus het duidelik te kenne gegee dat hy van Franse afkoms was; en sy groot welgevormde kop, versierd met 'n bos digte, *pikswart krulhare*, het blyk gelewer van meer

¹⁾ Vgl. hiermee *Tw. Gr.*, p. 233-4 waar Krysie ook 'n kappie dra.

²⁾ t. a. p., p. 106. Uitgave Sijthoff.

³⁾ t. a. p., p. 44.

dan 'n gewone mate van harsings; terwyl sy diep, vurige, donkerbruin kykertjies, wat treffend gepas het by sy swaar wenkbroue, die *wakkerste skerpsinnigheid* verraaï het." (*J. v. W.*, p. 61.)

Daar is nog meer reminisensies aan die versteende terminologie van vóór 1880 by De Waal. „Iedereen luister met ingetoë bewondering na die *sielverheffende*, heerlike musiek", (*J. v. W.*, p. 228); *verbryselende* tyding, (*J. v. W.*, p. 251); „wat daar in sy gemoed omgaan, kan beter verbeel dan beskrywe word", (*J. v. W.*, p. 106); 'n *ontluikende* man, (*J. v. W.*, p. 8). De Waal besef nie die gevoelswaarde van die woord *ontluikende* nie, want ofskoon „'n ontluikende *maagd*" 'n doodgewone staaltjie van die Parnastaal is, kan ons ons moeilik 'n ontluikende *man* voorstel. In *Die Twede Grieta* kom ook nog voor: „*verhewe*, edele gelaatstrekke", (p. 209); „*onvergeetlike*, *hartstrelende*", (p. 318); „'n soet druppel in die bitter beker", (p. 12); „*hartedrif*" (p. 382); „dit was asof 'n *priem* sy hart deurboor en sy bloed yskoud word", (p. 96);¹⁾ „'n Vloed van bitter onaangename gewaarwordings deurstroom sy bekleemde gemoed", (id. vgl. *J. v. W.*, p. 174); „sy was weggevaar na die heerlike wêreld van die sorglose vergetelheid, rustig in die arms van die slaapgod....", (p. 238); „*oorstelp* van vreugde en droefheid", (p. 174).

Aan beelde waag De Waal hom baie selde en as hy dit doen, dan is 't gemeenplaatse, of ridikule voorstellings soos: „Hy kon sy brein in geen ander rigting laat vloei nie" (*Tw. Gr.*, p. 259); „Die nommer van die meisie wat nou so dryf op die hete onstuimige stroom van sy gedagtes", (*J. v. W.*, p. 64); sy gedagtes rol oor al die gebeurtenisse van die aand terug", (*J. v. W.*, p. 106); „Die digte sluier wat haar geestes oog bedek het, is afgeruk", (*J. v. W.*, p. 174); Andries hoor Grace se „silwerstem. Dit *tril* (!) die snare van sy hart", (*Tw. Gr.*, p. 259); „Byna onmiddellik daarna, soos in 'n towerslag verander haar gelaat in glad 'n ander plooi." wat net so 'n wonderlike metamorfose is soos die van Andries, wat volgens Phineas van 'n *askoek* tot 'n *doring ontwikkel*, (*Tw. Gr.*, p. 242 en 382).

¹⁾ Vgl. ook *J. v. W.*, p. 174.

„Jacob van Lennep was van 1829 tot zijn dood in 1868, Rijks-advokaat; bijna 40 jaar dus. Het ambt maakt de man. Deze man moet dus wel tot in z'n tenen advokaat zijn geworden, vooral omdat-ie van z'n eigen natuur al had, wat dat ambt in 'n mens pleegt te ontwikkelen: handigheid in 't pareren en uitvallen; scherpzichtigheid van elk plekje dat de tegenpartij bloot geeft; en bij deze schermmeesters-talenten, toch eenvoudige waarheidszin en oprechtheid. . . . 1) Dieselfde eienskappe is ook te vind in die romans van Advokaat De Waal. Hy het sy eie pleiterstalent aan Malherbe geskenk en die kruisverhoor van Gert is een van die besgeslaagde gedeeltes van *Johannes van Wyk*. Phineas behaal ook 'n advokateoorwinning op die Smithfielders en die weduwee, en sy listige draaitjies laat ons meer aan die geregshof dan die Teologiese Kweekskool dink. Vir die samestelling van sy intrieges kon De Waal dan ook profiteer van sy eie ervaring by die geregshof, 'n element wat 'n ruim plaas beslaan in albei romans. Die lewendigheid van sy dialoog laat aan dieselfde invloed dink. Oor 'n raak antwoord staan sy persone selde verleë, en tog ontaard dit nie in 'n vernufsdialoog nie, maar is gewoonlik 'n weergawe van die los natuurlike geselstoon. Dat hy dit egter nie altyd tref nie, bewys die volgende kromtaal, wat hy in die mond van Professor Clarke lê: „Jy het skone vooruitsigte, *my jong* (sic!), as jy net getrou by jou studies wil bly; en ek gee jou my woord, dat alles, wat ek kan doen om jou meriete bekroon te kry met die sukses, wat dit verdien, *sal* ek. 2) Ook Ds. Kestell en Conradie spreek Andries toe as *my jong*. 3)

'n Staaltjie van gebrekkige psigologie vind ons in *Die Twede Grieta*. Dis Andries se verjaarsdag en hy moet natuurlik die gewigtige gebeurtenis aan sy maat op skool meedeel. „Mag jy soet opgroei! fluister die ander grappig terug.” 4) Wie sou so 'n ou-tante-agtige wens verwag van 'n kind van elf jaar? As hy nou nog gevra 't: „Het jy baie presente gekry?” dan kon ons dit verstaan!

1) J. Mathijs Acket: *Nieuwe Taalgids*, 15de jg., 6de afl., p. 275.

2) *Tw. Gr.*, p. 67.

3) t. a. p., p. 295, 311.

4) t. a. p., p. 14.

By De Waal kan ons konstateer 'n byna volslae veronagsaming van die volkstaal. Hy was een van ons eerste skrywers en het soos weinig ander die kans gehad om gebruik te maak van tiepies Afrikaanse wendinge, wat in die rykste verskeidenheid net op die lewewekkende adem van die kunstenaar gewag 't. Maar in plaas daarvan gebruik hy die dorre beendere van 'n voos ou-tydse retoriek, wat al twintig jaar morsdood was. Of wat uit kultuuroogpunt nog veel erger was, hy leen hot en haar van die Engelse en set die jong lesers van *De Goede Hoop* 'n onsmaklike hutsput à l'anglaise voor — juis dié mense, wat hy, as taalyweraar, moes oortuig van die deugdelikheid van die Afrikaanse taal. As De Waal woordkunstenaar gewees 't, dan sou hy op sy togte met die Rondgaande Hof, wat hom in nou aanraking met al die klasse van die samelewing oor 'n uitgestrekte gebied van die Kaapprovinsie gebring 't, die volkstaal beluister 't, met volle teue die fris veldgeur van die ongerepte Afrikaanse idioom ingedrink 't. En indien hy ook al dikwels die verpestende lug, wat stadig maar seker by ons taalvensters ingewaaï het, moes opsnuif, was dit dan nie juis sy heilige plig as *voorman* om met speurende sorg alle uitlandse bysmakies uit die nasionale taalspys, wat hy vir argelose jongeliede opgedis het te verwyder nie? Maar die Engelse stormwind het De Waal omgewaaï en al het hy in die afgelope sewentien jaar effentjies gespartel om op te staan, die vyfde druk van *Johannes van Wyk* en die tweede druk van *Die Twede Grieta* bewys dat dit hom tot nog toe nie geluk 't nie.

In sy dissertasie *Taal en Poësie van die Twede Afrikaanse-Taalbeweging* het Dr. E. C. Pienaar gekonstateer, dat met betrekking tot anglismes *Johannes van Wyk* „aan 'n ongeneeslike kwaal ly”.¹⁾ In *Die Burger* van Augustus 1921 laat De Waal hom as volg daaroor uit: „Is dit die skuld van die outeur dat soveel anglismes burgerreg verkry het in ons taal? Toe ek die boek geskrywe het, het ek die spreektaal ten naastenby weer-gegee soos hy gebruik geword het, nie soos ek of my taalvriende sou verkies het dat hy moet wees nie. My

1) Twede Druk, p. 153, noot.

skryftaal was maar 'n weerspiegeling van die spraak Die woorde lyk (hou van) en kyk (blik) sou ek darem in geen geval laat vaar het nie. Hulle het pos gevat in ons taal en verarm dit nie." Dr. Pienaar het ongetwyfeld gelyk as hy beweer, dat De Waal se taal „'n weerspiegeling was van 'n kunsmatigvervalste spraakwerklikheid, soos die onder bepaalde anti-nasionale skoolinvloede in bepaalde kringe geheers het." ¹⁾ Tereg word ook verder gelaak die gebrek aan „historiese atmosfeer" in *Johannes van Wyk* „omdat die skrywer deftige Hollanders van die jaar 1700 anglisismes in die mond lê, wat tuis hoort by verengelste Afrikaners van twee honderd jaar later, en selfs dan nog maar in sekere kringe." ²⁾

„Moed broei moed" is die vertaling, wat Grace Palmer gee van „Courage breeds courage". Andries verbeter dit tot: „Moed kweek moed" ³⁾. Dit is presies die wyse waarop De Waal te werk gaan. Sy *gedagtewêreld* is Engels, en sy skrywery is 'n langdurige gesukkel, 'n kriewelagtige gepeuter om aan Engelse gedagtes 'n Afrikaanse tint te gee. Só kan geen kunswerk ontstaan nie. Ons stuit gedurig op uitdrukkings en woorde, waarvan die Engelse voorbeelde hul direk aan ons opdring. Dit is dan ook 'n vergeefse poging om die twee romans van anglisismes te suiwer, wat die skrywer alreeds probeer doen 't; die rooi suurdesem het deur-en-deur getrek tot in hul kern, soos blyk uit die volgende paar voorbeelde wat gemaklik verdubbel kan word. In *Johannes van Wyk*, vyfde druk, 1921, kom voor: p. 29, „sou hy 'n twintigtal van daardie gebroed binne vyf minute kon uitgevee het; p. 149, „Wat 'n jammer. . . ." p. 173, „dat F. K. . . . sy kop mag verloor en 'n hand in so 'n daad hê; p. 174, Sou sy nie iets kan sê of doen wat hom mag weggee nie? p. 215, (hy) bind sy rooi sakdoek oor *die groter deel* van sy gesig; p. 224, Die twee lawwe kêrels

¹⁾ *Die Burger*, Aug. 1921.

²⁾ Vgl. ook Dr. Pienaar se dissertasie, p. 151—6 en Dr. Boshoff: *Volk en Taal van Suid-Afrika*, p. 407—424 waar die kwessie uitvoerig bespreek word.

³⁾ Vgl. hiermee *J. v. W.*, p. 210 „'n Vreesagtige hart sal nooit 'n finke vrou vang nie."

. . . . vind hulle uitgesny deur „die Franse advokaat”; p. 76, „Gou nou!” *haas* Joosten sy twee vrinde *aan*, . . .

In *Die Twede Grieta*, tweede druk, 1921: p. 11, watter adres hom in Johannesburg sou vind, p. 54, Brittanje steek weer sy vinger in die pasty; p. 136, 'n Stuiwer vir jou gedagte; p. 149, maar sy vrees het nog die bo-hand gevoer; p. 213, Ons kon om die lewe nie raai; p. 242, in die klein uurtjies van die nag; p. 308, die gees van jingoïsme — waarvan alle . . . Afrikaners in die stede prooi was; p. 326, koerasie byeengesamel; p. 328, in watter woorde die nuus te breek; p. 377, Die aparte uitdrukkings, wat daar beurtelings op die gelaat van Grieta verskyn het . . . was 'n studie. — *Plompe* wange is reeds in 'n ander verband genoem. In *Die Twede Grieta* hoor ons nog van 'n *milde* behandeling! (Eng. mild).

Ook die volgende uitdrukkings, meestal onbeholpe vertalings, toon duidelik aan hoe De Waal in Engels dink en dan 'n woord of wending kies, wat glad nie in die verband pas nie. In *Johannes van Wyk* b.v. p. 48, aan die agterdeel van die huis; p. 80, 84, 246 die gestremde (Eng. strained) stilte, verhouding, ens.; p. 84, En hy . . . ontmoet haar lippe met syne . . . in 'n soete, hartelike kus; p. 101, U het ons almal uiters gul vergas; p. 180, Die stem klink op verhewe toon¹⁾; p. 217, jy't my in 'n desperate weg gedring; 'n goeie dag gee.

In *Die Twede Grieta*: p. 41, Die ruime stellasioes . . . was besprenkeld van toeskouers²⁾; p. 56, Op laasgenoemde plek spring daar 'n stad op; p. 59, tegelyk sou die forte by Pretoria gegryp word; p. 198, sy volledig die sin; p. 175, Intussen doen die verpleër aldeur alles in sy vermoë om die vloei van die bloed te stuit, en werklik was die lekkasie(!) binnekort aanmerklik verminder.

Kyk (blik), *kom kyk* (besoek) en *lyk* (hou van) is vaste uitdrukkings van De Waal. By die gebruik van voorsetsels is hy ook gedurig onder Engelse invloed of maak hy die snaakste foute. In *Johannes van Wyk* b.v. p. 19, onttrek . . . uit; p. 24, voorsien met³⁾; p. 59,

¹⁾ Vgl. p. 62, 'n *verheve* betrekking in die diens van die Kompanie.

²⁾ Vgl. *J. v. W.*, p. 226 en *Iw. Gr.*, p. 237.

³⁾ Vgl. *Iw. Gr.*, p. 296.

trakteer met lekkers; p. 60, deelneem in; p. 61, Aan sy breë mond kan jy . . . lees; p. 71, vermorsel aan 'n rots; p. 96, hy roep op die sangpaar; p. 128, vervang met; p. 170, gedagtes in die saak vorm; p. 180, om jou naamtekening aan hierdie getuigskrif . . . te verkry; p. 204, hy hou hom onledig aan die heel-maak van 'n . . . mandjie; ens.

In *Die Twede Grieta*: p. 335, om hom met die nou gang te begewe na sy kompartement; p. 344, berus by haar laaste antwoord; p. 369, hy spring met 'n skrik in sy sitplaas op; p. 388, 'n kelkie . . . tot mekaar se gesondheid drink; p. 227, „Kom!” roep die boer aan die perde; p. 156, duskant van Paardeberg; p. 285, ryk in bobbiaan . . . ; ens.

'n Voorbeeld van stokkerige Hollands vind ons in *Johannes van Wyk*, p. 190: Die *verbeide* vyand. Telkens is die woordskikking verkeerd. In die *Tw. Gr.*, p. 47, b.v. Die trant van die spel, ja, het so 'n keer geneem, dat, binne vyf minute na die ongeluk, *was* een van die donkerbloues in staat . . . ; p. 79, Hy het my onder ander vertel . . . dat ofskoon Hollands en Engels op papier gelyke regte het, *word* daar in die praktyk gesorg . . . ¹⁾

Die lidwoord ontbreek in: om sake weer op ou voet te kry; pas het hy hierdie prooi in oog gekry; hulle wag tot oordeelsdag. ²⁾ Of anders staan dit waar dit onnodig is: Omtrent honderd kanonne (word) in die werking gebring. ³⁾

Verder kom daar nog 'n hele stel uitdrukkings of woorde voor wat (a) 'n allerkoddigste indruk maak deur hul lompheid; (b) volmaak onverstaanbaar of ongebruiklik is; (c) waarvan De Waal die gevoelswaarde nie besef 't nie. Ek gee enige voorbeelde:

(a) Uit *Johannes van Wyk*:

(p. 42) Toe verkwik hy sy gestel by 'n dammetjie; p. 68, die lewendige kou water; p. 70, Versigtig en langsaam kom hy (die skuit) met sy *swaarbelaaide* mense-

¹⁾ Vgl. ook *J. v. W.*, p. 199 en *Tw. Gr.*, p. 333.

²⁾ *Tw. Gr.*, p. 309, 51; 80.

³⁾ t. a. p., p. 159.

vrag gedurig nader; p. 82, die gemoedvolle vader; p. 192, 't Was allesbehalwe 'n gevoel van gerustheid waarmee die verdediger van die kraal nou *beset* was. Hy moes die toneel *toeskou*; p. 226, Die liewe natuurlike musiek, wat hierdie lewendige water op sy weg ondertoe na die vlakte *baan*; p. 82, En wat kom die gewaad ook daarop aan, solank as dit nog reg is miet sy *inhoud*! (Ds. Linde tot Hester); p. 227, Daardie selvolle kykers, wat so sy hart *verteer* het.

Uit *Die Twede Grieta*:

(p. 236) Haar storie. . . . het sy op so 'n belangprikkelende manier vertel, dat dit van begin tot end die *aandag* van haar *geleide boeiend* geïnteresseer het; p. 295, So het die burgers hulle *gelate wil berus* by die besluite; p. 394, die vooruitlopende weet-al-leser; p. 4, in die wye, rond-gegruisde tuinpaadjie.

(b) Uit *Johannes van Wyk*:

p. 7, Sy *ontlos* haar van haar helper; p. 201, die bedleërige; p. 163, 'n aangestrande vreemdeling, 'n vermoede gevlugte seeman; p. 24, spieder en bespeurder; p. 2, sy goedbelynde gesig.

Uit *Die Twede Grieta*:

p. 295, die harttrillende vierkleur; p. 308, weerv aardigheid; p. 381, die salig-oorstelpde besoeker.

(c) Uit *Johannes van Wyk*:

p. 5, die dik *prettige* dogter; p. 235, met 'n gesig oppervlakkig prettig; p. 140, 'n prettige boer; p. 169, 253, nering; p. 102, Het komt my voor dat tante Debora hem daartoe *aansart*; p. 58, die mense was gemoedelik aangedaan; p. 68, Köhler het haar (die meisie) met geweld *weggeraap*; p. 80, terugwerping; p. 75, toewerping; p. 165, 'Ek weet waarlik van niemand wat 'n mooier *vorm* en postuur het nie (van Johannes geseg); p. 188, en al die huisgesinne het met waens en karre *na die setel* van plesier en vrolikheid vertrek.

Uit *Die Tweede Grieta*:

p. 19, Wat sal van daardie verskriklike wil van hom word, as. . . .; As ek jou belet om dit met geweld *uit* hom te *delg*; p. 20, Phineas Junior het welig opgegroeï; p. 34, Haar geselligheid, wat sy by al haar kennisse *beoefen* het; p. 114, na 'n koppie koffie by 'n buurman te *benuttig* het; p. 286, om Andries *handtastelik* te verwelkom; p. 302, tasbare dank; p. 265, nouliks was daardie aanval aanvaar.

Stompies.

Stompies, 'n bundel stories, rympies en toneelspelletjies is, wat die prosastukke betref, uit dieselfde hout as die romans gesny. Tien of twaalf sulke *stompies* met timmermansvaardigheid aanmekaar gelas en met historiese kleefstof van 'n patriotiese merk vasgelym vorm die lang *stompe* van die romans. Maar dis dorre stompe van 'n stokoue, doodgebloede boom, wat De Waal omgekap 't om die taalvuurtjie mee op te stook.

In *Stompies* (1911) word die getal van die „engelagtige” meisies met hul „betowerende, hemel-fraaie kykers (o.a. p. 7, 10, 156), *plompe* rooskleurige wangetjies (p. 98), Venusagtige gestalte (p. 140), ens. vermeerder. Hulle „stuur 'n elektriese stroom deur al die lede” (p. 156) van hul aanbidders en as hulle so onversigtig is om in die water te val, of deur Kaffers toegetakel word, dan kry die dapper redders, wat *toevallig* daarop afkom die welbekende „koue rilling” wat „deur hul hele lyf loop” (o.a. p. 78), totdat hul uiteindelik „die hemelse gedaante van hul teergeliefde(s) te gemoet *vlieg*” (p. 83) en „verrukelike vreugde in hul *hart* straal.” (p. 83.) Die gelukkige paartjies word dan nog almal voorsien van 'n liewe gesonde seuntjie (p. 60), „twee fraaie kindertjies” (p. 104) of „drie gesonde kleintjies” (p. 158).

Die voorwoord bevat nog 'n merkwaardige verklaring: „Soals die ironie dit wil, gee *ek*, die alle digters en rympiesmakers beskou als beklagenswaardige dromers en dwepers, nou self 'n klomp rympies uit! —” Dat iemand wat so 'n beskouing daarop na hou, geen kunswerk kan lewer nie, spreek vanself. Hy het self dan ook

erken dat hy nie „in die wieg gelê was om romans te skrywe nie. (Hy) het maar die leeslus onder ons volk vir Afrikaans wil help opwek”¹⁾). Hierdie oordeel kan na ons ondersoek volkome bevestig word. Sy romans het geen letterkundige, maar wel kultuur-historiese waarde. Dit was propaganda-werk, wat verskyn het in ’n tyd toe die meeste ander voormanne nog niks gepresteer had en daar feitlik geen Afrikaanse leesstof was nie. Sy doel het De Waal dan ook bereik: *Hy het ’n groot deel van die Afrikaanse volk hul eie taal leer lees*. Wanneer ons nou dat die stryd vir Afrikaans gewin is, behoefte gevoel om ook die letterkundige waarde van die eerste prosawerk te bepaal, dan moet daar nogeens met nadruk op gewys word, dat *Johannes van Wyk* met al sy gebreke ’n faktor van belang in die taalstryd was.

Dat dit gelees is, is veral te danke aan die spannende intrige. Wat J. Koopmans van Van Lennep sê is ook van De Waal waar: „Meesterlik worden de draden in één punt samengetrokken; als in een vuurwerk knapt en knettert de kruithuls aan alle kanten; de ene vonk ontsteekt de andere en draait de spil naar de gewenste zijde”²⁾. Solank as daar mense is wat ’n boek lees alleen „vir die storie”, sal De Waal se romans seker gelees word.

§ 2. J. Lub.

J. Lub is op 1 Mei 1868 gebore te Garijp, ’n dorpie in die provinsie Friesland. In 1892 het hy as onderwyser na die Transvaal gekom. In die Anglo-Boere-oorlog was hy vir ses maande in diens van die Rooi Kruis as bestuurder van die ambulanstreine. Na die vrede het hy opgetree as Hollandse dosent aan die Johannesburgse Normaal-Skool en tans is hy inspekteur van skole op die Rand. Vyf bundels sketse het van hom verskyn: *Eenvoudige Mense* (1908), *Donker Johannesburg* (1910)³⁾, *In en om de Goudstad* (1912), *Het Zwarte Gevaar* (1913), *Oom Frikkie en ander Sketse* (1918).⁴⁾

¹⁾ *Die Burger*, Aug. 1921.

²⁾ *De Beweging*, 1913.

³⁾ Ook in Engels verskyn as *Dark Johannesburg*.

⁴⁾ Lewensskets ontleen aan *Prozabundel* van Hoekstra en Viljoen.

Van Lub se sketse is 'n groot aantal in Afrikaans geskrywe, maar dit is die Afrikaans van 'n buitelanders, waarin, hoe goed hy die taal ook al deur 'n langdurige verblyf onder ons mense geleer 't, tog altyd nog iets vreemds klink. Omdat sy persone meestal in 'n Engelse milieu optree, kom daar in sy werk nogal baie Engelse uitdrukkings voor en hoewel dit soms deur die geaardheid van die sketse noodsaaklik word, moet die veelvuldige gebruik van woorde soos „cab, stretsjer, uitgeswindel, loafers, motormen, sweets, gingerbier” ens. beslis afgekeur word. „George lyk om te „marry”, maar sy „job” betaal maar net £ 12-10 s., en hy het die laaste tyd op die reisies verloor, want sy „friend” het hom die „wrong tip” gegee” (*Eenv. Mense* 3, p. 52). Al dien so 'n staaltjie nou ook ter karakterisering, tog word die herhaling van sulke gebrabbel op lange laas onleesbaar.

Die verworping van die Afrikanerkarakter in die kosmopolitiese goudstad — dit is die vernaamste onderwerp van Lub se sketse. „Daar binne in die kuil (Johannesburg), vergaan 'n deel van ons arm mense, wat in hoë plekke behoort te wees, maar wat nou in hole van ellende omkom en bedelaars is. . . . of nog erger” (*Oom Frikkie*, p. 66). Die degenerasie van sulke sosiale drenkelinge word in lewendige tafreeltjies beskryf. Die algemene opset is gewoonlik so: eers word met 'n paar vegies die stadsbeeld geteken; dan ontmoet „meester” een van sy oud-leerlinge of 'n ander bekende van die plaas, wat nou in die uiterste ellende verkeer. So kry „meester” af en toe 'n kans om die rol van Hildebrand teenoor die diakenhuismannetjie te speel. Anders word allerlei straattiepes op die manier van Justus van Maurik beskryf, soms met 'n moraliserende prekie as slot. „Dink tog 'n bietjie, as julle die busdrywer(s) sien, dat hy ook een van ons medemense is”, ens (*Eenv. Mense*, p. 36). Met 'n poliesman as geleider besoek Lub die gevangesnisse, agterbuurte en reddingshuise. Die redakteur van *Die Brandwag* het sy werk juis gekarakteriseer: „Sulke sketse is menslike dokumente . . . 'n simpatieke argief, wat die koue koerante en dokumente-argief van vandag se geskiedenis aanvul vir die toekoms” (t. a. p., Des. 1918).

Dit is goeie joernalistiek, met veel mensekennis geskryf, en dit werp 'n lig op die ontstaan van ons arme blanke, 'n kwessie wat nog altyd aktuël is.

By die beskrywing van sy melankoliese tonele gebruik Lub soms melodramatiese motiewe, wat as pakkende slot moet dien. Op die manier verswak hy die indruk van roue realiteit, wat sommige van sy woordfoto's op ons maak. Ter afwisseling kry ons sketse in die komiese genre, wat meestal goed geslaag is.

§ 3. J. G. Engela.

J. G. Engela is gebore in 1862 op Ceres, waar hy alleen Engels op die skool kon leer. Op sewentienjarige leeftyd was hy al ouerloos en toe moes hy tog-ry, skoolhou en allerhande ander werk doen om 'n bestaan te maak. In die Transvaal was hy op die kantoor van die mynkommissaris, toe die oorlog uitbreek. Hy is by Paardeberg gevang en na Ceylon gestuur. Na die vrede was hy klerk in 'n winkel en in dié tyd het sy boeke verskyn. In 1914 is hy as winkel-inspekteur aangestel, en toe hy op sestigjarige leeftyd volgens die regulasies moes aftree, het hy gaan boer op „Die Vlakte”, in die distrik Bloemhof.

Afrikaanse Verhale en Gesellige Half-Uurtjies.

In die voorwoord van sy tweede bundel, *Gesellige Half-Uurtjies* verklaar die skrywer, dat hy „in alle eenvoudigheid getrag (het) om ons volk tot meer lees aan te spoor.” Dié doel het hy seker bereik, veral omdat in 1909, toe die eerste bundel verskyn het, Afrikaanse boeke nog baie skaars was, maar ook omdat hy sy grappies op aangename wyse vertel. Engela laat gewoonlik één of ander norske persoon in 'n strik loop. Hoe om iemand 'n poets te bak is sy spesialiteit. Wie onder humor nog iets anders verstaan dan pure grapperigheid sal dit seker nie eens wees met Nico Hofmeyr nie, waar hy in die voorrede van die *Verhale* die skrywer se „fyn humor” roem.

Minder gelukkig is Engela met sy ernstige verhale,

wat by voorkeur 'n moordgeskiedenis behandel en erg melodramaties is. Vir romantiekerige situasies is hy ook lief. So hoor ons dat Gratia „plaas neem op die ou omgevalle boomstam, en . . . haar betraande oë omhoog-slaan, naar die heerlike groen lommer waarmee die woud so kunstig in 'n Septembergewaad versier was Saggies roer sy die snare van haar Mandoliene aan. . . .” (*Half-Uurtjies*, p. 33). Tog ken Engela Rhijnvis Feith seker net uit sy gesangeboek.

Gesels.

Gesels (2de druk, 1913) is die swakste van die drie bundeltjies. Taal en styl is hier besonder onbeholpe, die grappies word flou, soms selfs stuitend. *Die Storms van Bergendal* is seker die summum van alle bereikbare onnatuurlikheid. 'n Broer, wat met sy verlore gewaande suster trou, haar dan keel af sny; 'n lyk, wat na 'n vreeslike storm deur die „rumoerige woelwaters . . . met alle sorg” in 'n kar „neergelê” word; 'n gedrogtelike misgeboorte, wonderlike drome, en geesverskynings, waarby vier predikante te pas kom, 'n groot skat, ens brr! Dis 'n gruwelstuk, wat Jan Vos sou laat watertand!

As 'n staaltjie van Engela se gebrekkige sinsbou kan die volgende dien: „David was 'n Hotnot van ongeveer 40 à 50 jaar: Kort en sterk gebou, en was van nature 'n buitengewoon opgeruimde skepsel, en kon hom . . .” (p. 41); „Hy was uit op huisbesoek, en waarmee hy toe klaar was, en weer op die terugreis huis toe” (p. 42). Dié snaakse gebruik van die voegwoord tref mens deur die hele boek aan.

§ 4. Adv. C. J. Langenhoven.

Polietikus, joernalis, digter, prosaïs en toneelskrywer is Langenhoven, en veral in die laaste tyd toon hy 'n veelsydige bedrywigheid op letterkundige gebied. Op Oudtshoorn was hy redakteur van *Het Zuid-Westen*. In 1911 het verskyn *Stukkies en Brokkies*, „'n leesboekie vir almaal en hulpboekie vir Kristelike Jongeliede- en Debatsverenigings”. Dit is in 1914 opgeneem in *Ons*

*Weg deur die Wêreld*¹⁾, grotendeels 'n didaktiese werk, wat egter ook verhale, fantasieë, samesprake, aforismes en gedigte bevat. Die verhale en fantasieë word hier bespreek, die didaktiese gedeeltes in hoofstuk VII. Die samesprake behoort tot die toneel-literatuur en die „Spesiale stukke vir Debatsvereniginge” (Afd. V.) kan buiten beskouing bly.²⁾

Op Langenhoven se belangrike aandeel in die taalstryd het Dr. E. C. Pienaar gewys³⁾. Nadat hy 'n tydlang lid van die Kaapse Provinsiale Raad was, word hy volksraadlid vir Oudtshoorn. Tans is hy senator.

Van hom het ook verskyn: *Die Pad van Suid-Afrika*, 'n digbundel; twee satiries-humoristiese verhale: *Sonde met die Bure* (1921) en *Doppers en Filistyne* (1922), wat in hoofstuk VI bespreek word; *Die Hoop van Suid-Afrika* en ander toneelstukke; *Twee Geskiedkundige Opstelle*⁴⁾ in samewerking met G. S. Preller; in Engels: *Republicans and Sinners* en *The Everlasting Annexation. Aan Stille Waters*, wat nou in *Die Burger* verskyn, is 'n reeks artikels oor onderwerpe van uiteenlopende aard. Daar is verhale, fantasieë, gedigte en bewerkings van psalme, gesange en Engelse liedere. Binnekort verskyn dit in die *Almal se Boeke*-serie, terwyl die gesange al afsonderlik uitgegee is onder die titel *Afrikaanse Gesange. Die Eensame Hoop* (1922) is 'n kinderverhaal.

Ons Weg deur die Wêreld.

(Afdelings II en III.)

In die eerste verhaal raak Ou Verkeerde Faans „'n onvermoeide ou twismaker” onder die strelende warmte van die kaggel al sy kwellings kwyt. Maar daar sal „nie more weer vuur in die kaggel wees nie” en daarom moet Neef Kerneels maar dadelik die saak oor die bogslootjie tussen hom en sy buurman skik. *Lammetjie en Wolf* is die verhaal van 'n verdwaalde kindjie, wat in die

¹⁾ Die derde druk verskyn nou in afsonderlike afdelings.

²⁾ Vgl. Hoofstuk I, § 9.

³⁾ *Taal en Poësie*² ens., p. 58—64.

⁴⁾ Sien Hoofstuk X.

hande raak van 'n verstokte misdadiger, vir manslag tot lewenslange gevangenisstraf veroordeel. Klein Miemie verteder die ou sondaar se hart en hy bring haar terug na haar ouers. Die omkeer by Hans Bonsa word alleen op betogende wyse beskryf; daar is geen plastiese uitbeelding, soos van Miemie se dwaaltog nie, wat met mooi innigheid geteken word. Dieselfde innigheid tref ons in *Twee Ones van Dae*, waar 'n grysaard op gevoelige wyse uiting gee aan sy liefde vir 'n troue hond. *Die Nuwe-Jaars-offer* is 'n verhaal van 'n jonge man, wat gewillig die dood tegemoet gaan om 'n medeminnaar te red. In die *Brief* klink die fyn sarkastiese toon van *Doppers en Filistyne* al helder op, en ook die *Sonde met die bure*-motief is aanwesig. „Eergister het Bertus Bakbene weer 'n straal van my beurt water gesteel om sy ou pattatta-tuintjie nat te maak en ek het sy jong se graaf daar uit sy hande geruk en hom 'n skrams raps daarmee oor die korrelkop gegee en toe in die uitkeerplek ingerol om weer reg te lawe” (p. 48)¹⁾. Waterlei-moeilikhede gee ook in *Doppers en Filistyne* aanleiding tot kostelike humor, maar Oom Stoffel moet op die dorpse bure 'n meer verfynde taktiek toepas. Die naskrif van die brief is 'n mooi voorbeeld van misplaatste moederliefde. *Die Kluisenaar van die Karro* „kon . . . uit elke bossie 'n preek haal” (p. 60). Dit is 'n botaniese les in aantreklike vorm. *Meester* bevat skoolherinneringe. Dat meester egter „'n suiwere Nederlandse aksent” had is onjuis, want die Nederlandse „e” is allesbehalwe „presies die Afrikaanse i j” (p. 62).

Die *Fantasieë* begint met 'n allegorie in Bybelse styl. In die orige stukke is „Boet Nelie” 'n grysaard, wat soos Jonathan in *Waarheid en Droomen* op weemoedige wyse aan mymer gaan. Hy het 'n hunkering na die ou „romantiese, skilderagtige” boereplase „met onbewerkte hoekies en kweek-plekkies onder 'n skaduboom om op te lê en droom” van sy kinderdae (p. 77). Niks is daar wat hom so treurig stem nie as die gestadige verwoesting van soveel heerlikheid in die natuur deur die moderne boerderymetodes. „Alles moet nou gelyk gemaak word — gelyk en reghoekig en reglynig. Die tyd van sentiment

¹⁾ Nuwe Deel I. Sitate uit die nuwe druk word afsonderlik vermeld.

is verby: dis nou die dag van besigheid". Daarom gaat Boet Nelie vir laas kuier na die ou watersloot en hy gesels op vertroulike wyse daarmee oor die ou dae. Hy is ook, die vriend van die ou wa, wat vir brandhout moet verkoop word. Die sê van Nelie „Sy hart is so vol liefde dat daar plek is vir al die ou goedjies wat hy as kind mee maats gemaak het en al is hy nou 'n bejaarde man dan kom hy nog met my gesels net soos toe hy 'n kind was — met my, die stomme ou wa asof ek 'n mens was net soos hy" (p. 100). Die motorkar wat Nelie mee plaas toe ry „is 'n masien. Daar is geen siel in hom nie en hy roof my van my siel ook." (p. 105.) Op die ou geboorteplaas vind hy nêrens troos nie. „Al die ou dinge wat sy hart aan vasgekleef het en die metgeselle van sy skooldae en die dierbare van sy huisaltaar word een vir een weggeruk" (p. 107.) Maar die ou berg het staande gebly en die moet vir hom die raaisels van die lewe help oplos. „Seg my, my ou berg, wat is die plan van die hele besigheid?" (p. 109.) Net soos Elia wil hy weg wees „van die kranksinnige gewoel van die wêreld en nader naar die troosvolle rus van die voorportaal van die hemel" (p. 110). En die berg vertel hom: „dis nie die groot dinge wat belangrik is (nie)." (p. 110.)

Op die weemoedige kadans van sy mymerstemming laat Nelie hom saggies voortwieg en die klare eenvoud¹⁾ van sy volsinne, wat met rustige en kalme geleidelikheid mekaar opvolg is in harmoniese ooreenstemming daarmee. Maar die doodnugter opmerkings oor mishandeling van die maag, en die walging vir „insak-gansveermatrasse", waarin party mense op „bloedige Karro-somerdae" kruip — dit is wanklanke in die fantasie-atmosfeer.

Blykens die voorberig van die derde druk het Langenhoven afgesien van „die imperfektum wat (hy) eentyd van malligheid wou invoer".²⁾

Eienaardig is die gebruik van „ieder 'n mens" i. p. v. iedere mens³⁾, „tussenposend" (p. 67), „'n lustige gemak"

¹⁾ Vgl. die opmerkings oor 'n eenvoudige styl op p. 190-i. In *Die Banier*, Julie 1921, staan ook 'n artikel oor: *Zett. Styl*.

²⁾ *Opvloog* op p. 5 is seker 'n drukfout.

³⁾ O. a. p. 17. Vgl. *Ons Weg*: „elk 'n man", p. 136.

(p. 84, *Ons Weg*). Enkele minder gelukkige uitdrukkings kom voor: die kalwertjies wat wil laat drink wees (p. 15); die dik doringplate . . . het begint minder te weer-galm (p. 19); 'n groot karree-boom, *wie se* diepgaande wortels. . . . (p. 41); hy stuur hom daar haal (p. 54). Daar is 'n paar opslag-mangelwortels tussen die beetrye, 1) o. a.: „sonder om enige partikuliere persoon toe te spreek (p. 6); met 'n effe suggestie van rood (p. 80, *Ons Weg*); die doodskleed van die nag word ingegaar deur die hand (id. p. 79).

Daar is oorspronklike beeldspraak: as verkoue en sinkings jou gelyk beetkry „een aan die disselboom . . . en die ander aan jou briek . . .” (p. 6); maar taamlik afgeslyte kom ook nog voor o. a.: die veld . . . weef 'n prag-tapyt op die vloer van die aardse tempel . . . (*Ons Weg*, p. 29); die onstuimige boesem van die rivier (p. 88); om snare in die liefde-ontblote hart aan te roer (p. 21); die laken of doodskleed van die winter, (*Ons Weg*, p. 78).

§ 5. Christian Zinn.

Van Christian Zinn het in 1911 verskyn: *In Harte Verenigd*, of *Sketse uit die Boere-Lewe*. Dit is 'n verhaal uit die tyd van die Jameson-strooptog en Anglo-Boereoorlog, waarin die skrywer geleentheid vind om heelwat politieke beskouings aan die man te bring. Die dapper held, mooi meisie en lae verraaier ontbreek nie. Die liefdesverhaaltjie is vol soeterige sentimentaliteit. Daar is o. a. sprake van „'n miljoen dralende soene"! Die historiese gebeurtenisse word oppervlakkig behandel en die uitwerking daarvan op die uitgebeelde persone uiters gebrekkig aangedui. Letterkundige verdienste het die verhaal nie, want die styl is onbeholpe, gebrekkig en taamlik vol anglisismes. Vir die taalkundige kan dit interessant wees, omdat daar soveel oorgangsvorme in voorkom. Van die woord *baie* het Zinn blykbaar 'n groot afkeer; dit kom glo maar eenmaal voor (p. 127). As voorbeeld van taal, styl en spelling kan die volgende dien: Dit was net als of Suid Afrika verdoemd was

1) Vgl. p. 46.

om 'n vreselike terugsetting te kry net so's voorspoed in bereik was. Die land had mooi vooruit gegaan, in alle rigtinge was verbeterings te bespeure, kapitaal had ingevloei, en die wonderlike rykdom wat S. A. eige is, werd geopend, (p. 33); Sannie haar auntie Maria maak net goeie vooruitgang met haar jongste minnaar, 'n jeugdige luitenant die met 'n party van die Yeomanry uitgekome had, en die so opgenome was met die lewe in die uitgestrekte Karroo, dat hy met graagte daarnaar vooruitsiet om sig neer te set tot vee-boerdery ... (p. 132).

§ 6. Dr. D. F. Malherbe.

Vir sy lewensloop en werk kan verwys word na Dr. E. C. Pienaar se proefskrif.¹⁾ Van belang is die volgende meedeling: „As 17-jarige knaap het hy een keer deur die Karo gery sonder om meer te sien as 'n vervelige uitgestrektheid van vlakke, dor en verlate. Maar toe hy in 1907 weer in daardie omgewing kom, het dit hom magtig aangegryp. Daar was vir hom so 'n wonderlike geheimsinnigheid in, so 'n bekoring dat hy gemeen het om daar vergoed te bly. In dié stemming is sy eerste werklike gedigte geskrywe.”²⁾ Vir sy prosawerk ook, is soos nader sal blyk, sy verblyf in die Karo van groot belang gewees.

Vergeet Nie, (1913).

In die nabyheid van die rustige Karodorpie, Steenburg woon die Du Pré famielie op die plaas Rietfontein. Oom Willem en Tant Annie het saam oud geword in die Karo-eensaamheid. Hul dogter, Bettie is ook 'n „kind van die vrye veld, 'n pragtige voorbeeld van die Afrikaner-meisie”. Oom Willem is enigsins melankolies van geaardheid en die oorlogsgerugte vervul hom met 'n donker voor gevoel. „Die vuur sal brand van noord tot suid . . . en dit is my asof . . . ek die end nie sal belewe nie”, so lui sy

¹⁾ *Taal en Poësie* ens.², p. 329. In 1921 het nog van Malherbe verskyn: *Die Timmerman*, 'n Verhaal in Verse en *Koringboere*, 'n toneelstuk; in 1922: *Rivier en Veld*, 'n digbundel.

²⁾ *Die Brandwag*, Des. 1918.

profetiese woorde op die vooraand van die groot kriesis. En die plegtige huisgodsdien is nog nie afgeloop nie, toe Servaas Vermaak, die bywoner, wat dorp toe was en daar Adonis as skaapwagter gehuur 't, met die oorlogsyding vergoed 'n end maak aan die „rustige rus” van die plaasbewoners. Nie lank na Servaas kom Bettie se verloofde, Piet Marais, geneesheer op Steenburg om afskeid te neem. Hy is Kolonialer, maar offer al sy goeie vooruitsigte op om by die Boere-ambulans in diens te tree. Oom Willem, wat in alle sake die Bybel tot rigsnoer neem, veroordeel rebellie, maar heg tog sy goedkeuring aan Piet se daad, as hy hoor dat hy veral gaan om geneeskundige hulp te gee. Met gloeiende geesdrif verdedig Piet sy handelwyse teenoor Bettie se besware en peil dan op sy vosperd reguit Boere toe. Ons ontmoet hom weer by die Boeretroepe, maar nie meer as Rooikruisdokter nie, want dis al die tydperk van guerilla-oorlog. Piet is trots al die teleurstellings nog dieselfde vurige entoesias, die geswore vyand en bestryer van papbroekerigheid. „Nee, manne, laat ons saamstaan (,) almal wat kan tot die end.” Onder sy invloed word die flouhartige Japie du Plooy en Oom Jan ook „bitter-einders”.

Intussen kom Bester, die beroemde rebelle-kommandant met 600 man die eentonigheid van 'n vervelike namiddag verdryf op Rietfontein. Bester, 'n 35-jarige man, wat tot hiertoe alle vroue met onverskilligheid verby gegaan 't, moet dadelik „hands-op” vir Bettie! As sy na Piet verneem, deel hy haar mee, dat hy weet van 'n Dr. Marais, wat vroeg in die oorlog aan koorssiekte dood is. Hy beloof haar om nader inligtings in te win. Oom Willem verwek heelwat ontstemming onder die rebellekommando deur die verdediging van sy bybelse standpunt aangaande trou aan die regering. Die volgende oggend sukkel hy dorp toe met sy eseltjies om die besoek van die Boere aan Kommandant Hunt te rapporteer, en loop 'n lelike skrobbering op, omdat sy rapport so laat inkom.

Bester se liefde vir Bettie beïnvloed die bewegings van sy kommando en deur sy herhaalde besoeke aan Rietfontein raak die Du Pré famielie in die moeilikheid. Oom Willem, pas herstel van 'n swaar siekte word in 'n vreeslike storm dorp toe gevoer deur die Engelse. In

haar radeloosheid bedenk Bettie 'n wanhopige plan om haar pa te red. Sy skryf 'n brief aan Bester, wat met sy kommando nog in die nabyheid verkeer, en laat dit deur Servaas besorg. Maar Adonis verklik alles aan die Engelse en as Servaas terugkom van sy vrugtelose tog, word hy saam met Bettie en haar moeder na die tronk geneem. Oom Willem en Servaas word na Port Alfred gestuur deur die militêre, Bettie kom agter die tralies, terwyl Tant Annie vrygelaat word op parool.

Intussen het Dr. Marais een van Genl. De Wet se vertroudes geword en as Du Plooy met rapporte na die Kolonie vertrek, kry hy 'n brief vir Bettie mee, wat hy in Bester se hande laat. Maar deur sy poging om die brief aan Bettie te besorg, raak Bester gevange en word ter dood veroordeel. In die tronk kry hy geleentheid om Bettie te vertel, dat Piet nog leef. Kort na Bester se teregstelling keer Bettie en haar moeder weer terug na Rietfontein. Oom Willem het kort na sy aankoms in die kamp op Port Alfred beswyk. Na die vrede kom Piet terug om sy bruid te trou.

Bettie word ons voorgestel as 'n ideale Boermeisie. Alleen die feit, dat sy haar afgeleefde ouers nie kan verlaat nie, weerhou haar om Piet se voorbeeld te volg en aan te sluit by die ambulans. In die gevangenis en teenoor Hunt gedraag sy haar kloek. Sy is blykbaar trots op die rol wat sy gespeel 't, en as Piet haar na die oorlog vra, of sy bereid is om vol te hou in die groot stryd teen die Engelse kultuuroorweldiging, antwoord sy met 'n tikkie verontwaardiging in haar stem: „Piet, mag jy my nog so 'n vraag vra nadat ek *soveel opgeoffer en gely het?*”¹⁾ Dit kom my egter voor asof Bettie haarself *moedswillig* in die ongeluk gestort 't, en as dit die geval is dan verloor haar „offer” vir die nasionale saak heelwat van die heroïese kleure, wat die skrywer daarin geweef 't.

ⁿ Op pagina 66 staan: „Al die veerkrag van haar nasionale gevoel is deur die oorlog in volle beweging gekom, en siks is daar sterker by haar gewees as *die wens om*

¹⁾ *Vergeet Nie* (1920), p. 198. Ek kursiveer.

positief te mag meedoen aan die stryd nie. Maar hoe kon sy haar ouers verlaat? Onmoontlik vir haar om uit te gaan as verpleegster! En so is dit haar ernstige gebed geword dat sy op watter wyse dit God behaag 'n aandeel mog kry aan die oorlog. En as sy niks kan meedoen nie, dan wou sy meely met haar volk." Hoe edel hierdie besluit op sigself ook al mag wees, dit neem die feit nie weg, dat Bettie se naasbysynende plig ongetwyfeld was om vir die veiligheid van haar afgeleefde ouers te sorg. Maar as sy by haar vader se siekbed moet waak, dan spook die gedagte van deelneem aan die oorlog, wat 'n *idée fixe* by haar word altyd deur haar brein: „Sou die Here haar roep om haar siek vader op te pas, en mag sy daarom geen deel hê aan die oorlog nie? Sou dit haar roeping en werk worde, beskeie en stil, *waar sy hoë aspirasies had?*" ¹⁾ Piet Marais se oorlogsgesdrif en wie weet, miskien ook die Engelse romans, wat sy van die skool af meegebring 't, ²⁾ het haar blykbaar taamlik sentimenteel gestem en haar belet om 'n nugter kyk op sake te behou. As Bester haar meegedeel 't, dat 'n sekere Dr. Marais in die begin van die oorlog aan koorsiekte dood is, maak sy allerhande onuitvoerbare planne — „sy sou stilletjies wegraak, te voet loop as dit al was, haar lewe daaraan waag, sy sou sêre, dat sy êrens by die Boere te lande kom, sy sou Piet soek . . . en as hy waarlik dood was, *sy graf met haar trane bevogtig!*" ³⁾ Die laaste sinnetjie kon wel in een van Feith se romans gestaan 't! Daar is trouens meer wat ons aan die sentimentele romans van die agtiende eeu herinner. 'n Paar ou briewe van Piet maak sy „met voldoening ope en lees dit in stil mymering en met die gevoeligheid van 'n teer vrouehart." (p. 64.) Dat Bettie „in die traag-skrydende ure van die nag" romantiese plannetjies uitgedink het, is psigologies volkome juis, maar ons is nie gewend, dat 'n flink Boermeisie van drie-en-twintig jaar, wat bowendien reeds op haar agtiende jaar „selfbewus en ryp genoeg vir verantwoordelikheid" (p. 33) was, dat so 'n

¹⁾ t. a. p., p. 91. Ek kursiveer.

²⁾ Vgl. p. 15.

³⁾ p. 89. Ek kursiveer.

meisie, tans die enigste¹⁾ stut en steun van haar grysuers in uifers benoude dae haar al te lank oorgee aan 'n Wertheriaanse sentimentaliteit nie.

Bettie se volgende daade toon dat sy doelbewus, ja moedswillig alles doen om „'n aandeel aan die oorlog te kry” — m. a. w. sy leg die veiligheid van haar ouers in die waagskaal ter wille van 'n meisiesagtige gril, wat sy vir „hoë aspirasie” aansien! Sy weet, dat haar pa 'n swartkruis agter sy naam het, dat die geringste suspesie hom in lewensgevaar kan bring en tog ontvang sy Bester „alleen in die sitkamer” (p. 92). Bester het ongetwyfeld 'n sterk indruk op haar gemaak, en ofskoon sy trou bly aan Piet en haarself wys maak, dat „as Piet dood is, sy ook dood (sou) wees vir die wêreld” (p. 90), sien sy tog verlangend uit na Bester se terugkeer. En nie alleen omdat sy hoop, dat hy nuus van Piet bring nie. Piet behou wel die ereplaas in haar gemoed, maar uit die omstandigheid, dat sy oorweeg wat Bester vir haar kan beteken in geval Piet werklik dood is, kan ons besluit dat sy persoonlikheid haar diep getref het. Sy redeneer so: „Sy is mos sterk genoeg, sy het Piet te lief om aan enig ander man te dink” (p. 95). En sy doen dit tog! Bettie maak 'n kriesis van ernstige weifeling deur. Sy het Bester lief en al wat haar terughou is „die dure besef van plig en eer.” (p. 99.)

Oom Willem het dadelik die groot gevaar ontstaande uit die herhaalde besoeke van Bester ingesien en Bettie ernstig gewaarsku (p. 95). Sy het volkome goed geweet, „dat alle persone, wat geheime konneksies met so 'n gevreesde en verwenste mens het op die ongenadigste manier sou gestraf word.” (p. 96.) Tog ontvang sy Bester nóg eenmaal alleen — sy dink nie aan die gevaar waaraan sy haar ouers blootstel nie, ofskoon hy haar meedeel dat sy stap gevaarlik is en dat die Engelse dus naby is — sy gaat *swygend* met hom die sitkamer binne en steek nog daarby 'n kers op (p. 97). Op die manier bewerk sy haar pa se ongeluk. Kan ons haar dus glo

¹⁾ Sy het nog wel 'n broer, „wat op die aangrensende aanleg-woon”, maar van hom verneem ons net, heeltemal teen die end van die roman, dat hy na Servaas se gevangeneming die plaasbelange behartig 't — 'n rol wat erg onwaarskynlik klink

as sy uitsnik: „Ag Pa, ek kan dit nie help nie, ek is net so onskuldig soos Pa”? (p. 102). Miskien wel; miskien was dit bloot vroulike onversigtigheid. Maar die volgende stap van Bettie — die brief wat sy aan Bester skrywe — is alleen verklaarbaar as 'n moedswillige poging om haarself „'n aandeel aan die oorlog” te verskaf. Sy kom tot die konklusie, dat alleen Bester haar pa kan red. Het sy gemeen, dat hy die Engelse moet agtervolg en Oom Willem terugbring plaas toe? Moes Bester vervolgens Rietfontein verdedig teen die Engelse oormag? homself, sy kommando en die vrouens laat platskiet ter wille van één man? Of moes hy die afgeleefde, sieklike grysaard, teen die se eie wil saamsleep op sy swerftogte? In haar opgewondenheid het hierdie eenvoudige oorwegings nie by haar opgekom nie en in haar naïewe geloof aan Bester se al-sterkheid skryf sy aan hom — 'n impulsiewe daad — psigologies volkome juis. Maar haar moeder se opmerking, dat haar plan gevaarlik is, bring haar nie tot nadenke nie. En plotseling blits dit deur haar gedagte: Nou kan ek my „hoë aspirasies” bereik — sy kry die „besef... dat sy self in die draaikolk van gebeurtenisse begin meedans. Was dit dan nie altyd haar ernstige versugting nie?” (p. 107). Juis, sy is lank al moeg vir die eensame lewe op die plaas, waar sy al meer dan 'n jaar opgesluit sit. Haar romantiese siel smag na dade van durf en intussen suggereer sy haarself, heeltmal ter goeder trou, dat sy alles doen om haar pa se ontwil!

Maar Servaas is die man, wat haar tot rede sal bring! Hy weet meer dan sy: „Die vlakte, die bossies, dit lewe van duisende kakies so na Vaaldam se kant toe. Die hele wêreld is vanaand vol van hulle.” (p. 110.) Hy erken: „dis byna verniet om so iets te probeer en daarby gevaarlik.” (p. 109.) Helaas! Arme Servaas verloor ook al sy gewone boere-nugterheid — hy kan „die vurige pleit van 'n skoon jonkvrou” nie weerstaan nie! En hy gaat jou waarlik waar op die dollemansboodskap uit, ofskoon sy vrou uitdruklik verklaar dat dit „gek mense-se werk is om so iets te doen” (p. 112).

By 'n nugter beskouing van die feite moet ons kies tussen twee opvattings: (1) of Bettie is ten spyte van

haar drie-en-twintig jaar nog maar 'n *bogkind* soos Janetta haar noem, wat met die grootste onversigtigheid haarself, haar ouers en Servaas in die ongeluk stort, òf (2) in 'n toestand van radelose opgewondenheid maak die *idée fixe* „om haar deel aan die oorlog by te dra” haar onbekwaam om die simpelste logiese gevolgtrekking te maak. In albei gevalle word dit dan egter onmoontlik om haar handelwyse as 'n onselfsugtige, edele daad te beskou en verloor haar offer sy grootse betekenis. Soos Malherbe haar geteken 't kan sy nooit as heldin, 'as die „moedige Boermeisie met haar sterk en besliste karakter” ¹⁾ beskou word nie. Sy is eenvoudig die slag-offer van haar kinderlike onnoselheid of van haar „hoë aspirasies”, wat ons medelyde opwek, en die bewondering vir haar kloek gedrag in die gevangenis word getemper deur die bewussyn, dat dit alles onnodig was, terwyl ons haar bowendien met reg kan verwyt, dat sy haar ouers en Servaas met sy famielie in die ongeluk gestort 't — ja selfs die dood van haar vader verhaas het. Bettie, soos die outeur haar wil voorstel, is 'n psigologiese teenstrydigheid.

M. H. van Campen het die raak opmerking gemaak, „dat kunst het *zichtbaar worden der noodwendigheid in 't voorgesteld gebeuren* ten gevolge heeft, en dat het blijken hier noodwendigheid de schoonheid van 't *voorgesteld gebeuren* uitmaakt.” ²⁾ Dit is juis die sigbaarwording van die noodwendigheid, wat ons in Bettie se „offer” mis. Malherbe het een van die mees dramatiese momente in sy verhaal laat glip. Hy gee ons self die gegewens vir die uitbeelding van 'n geweldige konflik: aan die een kant Bettie se geheime liefde vir Bester, die bestaan waarvan sy self nog nie wil erken nie; daarmee saamgeveg die hoop, dat hy haar iets omtrent Piet Marais sal kan meedeel en bo-op dit, haar kriewelige ongeduld om na 'n jaar van gedwonge niks-doen eindelijk haar lang gekoesterde plan om aktief op te tree in die oorlog uit te voer. Aan die ander kant: die besef dat dit haar plig is om terwille van haar ouers en as verloofde van Piet, wat mis-

¹⁾ p. 129.

²⁾ *Over Literatuur*, p. 110.

kien nog leef alle omgang met Bester te vermy. As Bettie in só 'n konflik eenvoudig haar naasbysynde plig gedoen 't, dan sou ons haar *ook sonder om te weet*, dat sy dapper was in die tronk, as 'n heldin kan bewonder.

Vergeet Nie is 'n aaneenskakeling van dramatiese tonele, waarin die oorlog voor ons geestesoog verbytrek. Sonder veel verandering sou dit dan ook moontlik wees om die roman om te werk tot 'n toneelspel, waarin daar wel veel aksie, maar weinig botsing van hartstogte sou voorkom. Ons kry 'n indruk van wat daar gewoel en gekook het in die hart van die volk gedurende die oorlogsjare, van die lyding van vrouens en oumense, van die dapperheid van die Kolonialers, die laagheid van die *National Scouts*, die vervolging en plaery onder die krygswet. Maar by die beoordeling van die boek moet ons een faktor veral nie veronagsaam nie: dit naamlik, dat die teenswoordige geslag nog in meerder of minder mate *onmiddellik* betrokke was in die gesketste gebeurtenisse, dat daar tallose herinneringe van die groot oorlog nog lewe in ons bewussyn. Dié herinneringe word deur die skrywer in dramatiese verhoudinge gegroep en iedereen kan dadelik uit sy eie ondervindinge analoge gebeurtenisse rekonstrueer. Dit versterk die indruk wat die gelesene op ons maak honderdvoudig. Die skrywer roep ou half-vergete impressies uit hul wegkruipplekkies te voorskyn. Op onbewuste wyse vul ons self die verhaal aan, en so kry dit op laas 'n aktuële kleur, 'n sterk geproonseerde persoonlike karakter, wat die leser tot in die diepste roersele van sy siel beweeg, maar wat die verhaal *op homself nie besit nie*.

Ek noem een voorbeeld om my bewering te verduidelik. Die teregstelling van Bester herinner ons dadelik aan Kommandant Scheepers. Die oorspronklike ontroeringe, veroorsaak deur die tragiese uiteinde van Scheepers, versterk die indruk, wat die soortgelyke lot van Bester by ons verwek en raak daar gedeeltelik mee geïdentifiseer. Die gevolg is, dat Bester-Scheepers in die roman 'n werklik lewende persoonlikheid vir ons word.

Maar nou ontstaan die vraag: Is Bester, wanneer ons ons persoonlike ervarings heeltemal uitskakel, nòg 'n lewende persoonlikheid, ontroer die wyse waarop

Malherbe hom uitgebeeld het ons dan nog? Dit is die enigste wyse waarop ons die kunswaarde van *Vergeet Nie* vir die *nageslag* kan bepaal, want oor 'n tagtig of honderd jaar, sal die boek nie meer in so 'n voordelige posiesie verkeer nie, dan kan dit alleen nog profiteer van die nasionale oorleweringe van die groot stryd. En selfs dit sal die boek nog 'n groot voorsprong gee, want by 'n volk met 'n kragtige bewussyn word die nasionale helde uit 'n vergange glanstydperk altyd met 'n stralekrans van heilige aanbidding versier. Dit is bekend dat *De Geuzen* van Onno Zwier van Haren lank as 'n kunswerk van die hoogste skoonheid beskou is, eenvoudig omdat dit 'n nasionale onderwerp behandel.

Maar ons keer terug tot Malherbe se karakteruitbeelding en vraag: Wat weet ons nou eintlik van Bester? Hy is 'n bekwame en dapper kommandant, wat verlief raak op Bettie. As hy hoor, dat haar verloofde nog leef, besluit hy na enige stryd om haar dit mee te deel. In die hof verdedig hy sy handelwyse op hartstogtelike manier en gaat sy dood tegemoet soos 'n held. Alleen by die beskrywing van sy laaste dae kry ons enigsins 'n blik op sy sielelewe en die totaalindruk bly vaag. Bester is sonder lewensdoordringing geteken, daar is niks indiwi-duëls, wat hom tot 'n duidelike persoonlikheid maak nie.

Piet Marais eweso. Hy is 'n tiepe van die ontwikkelde Afrikaner, wat deur 'n vyfjarige studie in Europa sy insigte verruim en sy lewe verdiep het. Hy het daar „jare van worsteling” gehad, hy moes dikwels „met smart afskeid neem van oortuiging wat (hom) in vlees en bloed oorgegaan (was) van (sy) kindsheid af.” Hy was 'n ernstige soeker na waarheid, wat uit ou traditiesies en nuwe wetenskap vir homself 'n eie lewensbeskouing gebeitel het. In die karakter van Piet lê seker 'n stukkie outobiografie, maar in 'n oorlogsroman was daar geen kans vir 'n psigologiese uiteenraffeling van hierdie interessante fase in die ontwikkeling van die Afrikaanse student nie. Ons wag nog op die kunstenaar, wat die botsing en gedeeltelike samesmelting van die Afrikaanse en Europese kultuur moet uitbeeld.

Ons verneem ook nog enige besonderhede van Piet se oorlogservaring en hoe hy verlang na Bettie. Maar

'n lewende persoonlikheid, met wie ons al die wisselende stemminge van die awontuurlike kommandolewe deurvoel, word hy nie.

Ook Tant Annie bly 'n vae figuur. Op Bettie het sy blykbaar geen invloed nie. Selfs aan Hunt was dit duidelik, dat sy geen aktiewe rol kon speel nie en die treurige gebeurtenisse slaan haar dan ook heeltemal terneer.

Oom Willem is met meer liefde geteken. In sy bybelvastheid, sy afkeer van pronk en na-apery is hy 'n tiepe van die Afrikaanse boer. Ons verneem dat „dors na kennis hom aangespoor (het) tot selfopvoeding”, maar uit die opgawe van sy biblioteek blyk, dat dit hoofsaaklik godsdienstige kennis was, waar hy na gestreef 't. Hy bly getrou aan die Engelse regering, omdat sy godsdienstige oortuiging hom leer, dat rebelleer sonde is. Maar, as hy later persoonlik kennismaak met die onregverdige taktiek van die Engelse, laai sy haat op teen die vyand van 'sy volk en kry hy simpatie met die rebelle. *Vergeet nie* is die plegtige boodskap, wat hy aan Servaas gee op sy sterfbed.

Bester, Piet Marais en Tant Annie is karakters, wat *getiepeer*, maar nie psigologies *gekreëer* is nie. Die skrywer staan te veel met sy eie ekheid tussen die objektief beeldende teksdele, hy mis die gawe om sy gegewens tot 'n saamgegroepeerde eenheid te bring, om sy persone heeltemal objektief van uit hul eie innerlike wese te laat lewe. Deur die subjektief deurleefde werklikheid vleg hy sy eie beskouings en daardeur verdwyn die realiteitsillusie. Die roman word 'n aaneenskakeling van dramatiese momente, maar geen epiese struktuur, waarin die ganse sielelewe van 'n groot tydperk in sy gehele menslikheid tot een grootse beelding samesmelt nie.

As Piet Marais oorlog toe ry hoor ons: „Dis die eerste rit vanaand van 'n besielde Kolonialer na 'n slagveld wat so groot sal word soos byna die gehele beskaafde Suid-Afrika, na 'n oorlog wat nie sal oortref word in gemene gruweldade nie. . . . ens.” (p. 22). Dit is wat Malherbe weet, maar Piet was tog geen profeet nie. Op hinderlike wyse dring die skrywer homself hier op die voorgrond.

Sy historiese kennis verwerk Malherbe presies soos

De Waal. Op pagina 52—54 staan 'n lang oorsig van militêre gebeurtenisse en op pagina 63-64 'n uiteensetting van die toestande onder die krygswet. Alleen deur 'n betoog kan hy die nodige atmosfeer vir sy verhaal skep. S6 kry ons geen begrip van die dramatiek van die worsteling nie.

Soms egter slaag Malherbe daarin om deur pittige plastiek die leser direk te tref. 'n Voorbeeld daarvan is die mooi kommando-toneeltjie in hoofstuk X, waar 'n lewendige dialoog ons dadelik op hoogte van sake bring. Die brief uit die konsentrasiekamp met sy bemoedigende woorde: „Gaan voort, want ons saak is reg en God sal ons nie verlaat nie” laat ewe ons gemoed tril en ons sien die duisende vroue in geduldige lyding. 'n Oomblik later vaag die nugter vraag van Generaal De Wet: „Hoe is die posiesie?” alle droomgepeins weg. Maar as kort daarop „soos 'n magtige gebed waar berusting in ruis” die burgers se plegtige lied tussen die koppies weergalm en die generaal en sy staf met eerbiedig gebaar hul hoede afhaal, dan sweef ons op die klankedeining na 'n wonderland van heilige herinnering — dan sien ons die stoere manne „saamsing met vrou en kind, met vrind en bloedverwant onder gewyde dak . . .” Hier is innigheid van weergawe. Ons voel die diepe kneusing van sterk manneharte, wat op die nuwe dag in stille Godsvertroue wag. 'n Skrywer, wat so mooi die nodige sfeer met uiters gevoelige tikkies kan aandui, hoef waarlik nie sy toevlug tot koel-verstandelike histories geredeneer te neem nie. Hy hoef nie uit sy denkbewussyn allerlei verklarende toeligtings aan te voer nie — die leser vang dadelik die aksent van waaragtigheid uit die klank van sy woorde op.

Maar selfs by hierdie mooi veldtablo kom die skrywer se opdringerigheid te pas. Hy vind dit nodig om weer blyk te gee van sy historiese kennis en vertel ons dat „die wêreld in kampe van blokhuse afgeperk is waaromheen swaar kolomme opereer met 'n onuitputlike gedetermineerdheid om die groot veggengeraal van die Boere in die reusenetwerk van bewegende lyne toe te wikkel”. 1) Dat De Wet se gevangenessing die Boer-

1) p. 138.

magte sou knak is 'n feit, só vanselfsprekend, dat die meedeling daarvan absoluut oorbodig is, vir ons *en vir die nageslag*. Mens sou ewegoed 'n Fransman daaraan kan herinner, dat Blücher en Wellington vir Napoleon wou vang by Waterloo!! As die skrywer die orige informasie tog wou meegedeel 't, dan moes hy dit so in die dialoog gevleg 't, dat ons dit nie voel as 'n opsetlik skoolmeesteragtige opmerking nie.

Gebrek aan plastiek is daar in die volgende sinnetjie: „In 'n omsientjiestyd is die welkom bevel uitgevoer.” (p. 135.) Dit is 'n blote konstatering, wat by die leser geen impressie van die handeling wek nie. En juis in die vorige sin slaag die skrywer daar pragtig in om deur die herhaling van die woord *afsaal* 'n duidelike gehoorbeeld te suggereer. „Afsaal”, klink dit deur die rye, „afsaal tot ver agteruit en rondom”. Ons hoor hoe slaperige burgers met sware basstem mekaar die woorde nasê, totdat die klankeketting dreun in die agterste gelid. Maar in plaas van die gehoorhallusinasie te verinnig deur die geskuiwel van die saals, wat met dowwe plof en stiebeuelgerinkel op die aarde bons, kom die skrywer met sy niksseggende verklaring: „In 'n omsientjiestyd is die welkom bevel uitgevoer.”

Nog so 'n geval vind ons op pagina 13. „Dit kan stil, ontsettend stil word op Rietfontein. In die middel van die dag kan dit gebeur dat daar geen lewensteken te bespeur is nie.” Uit so 'n beskrywing blyk duidelik, dat die outeur nie *in* die toestand is nie, maar praatjies *oor* die toestand maak. Hoeveel mooier is die beeld waarmee hy ons dadelik die stilte en eensaamheid op Steenburg laat voel — die dorp, „waar alle geluid en rumoer van menslike bedrywigheid nietig wegsterwe soos die breek van 'n dun, droë takkie in 'n ontsaglike woud”.

Dan is daar nog iets wat hinderlik is in die kommandotoneel. Japie du Plooy is „deur die invloed van Dr. Marais tot 'n waaghals en onvermoeide verkenner *omgetower*.” (p. 138.) Ook al „in 'n omsientjiestyd”? Vir so 'n sielkundige bolmakiesie het mens 'n ouderwetse toordokter nodig en ek twyfel of Piet dié kuns in Duitsland geleer 't.

Daar is nog meer voorbeelde van die neiging van die skrywer om hom tussen sy verhaal en die leser te plaas. Servaas kom die dorp ingery op die 12de Oktober 1899. Dan kry ons in enkele raakgetekende lyne 'n pragtige ets van Steenburg en omgewing, — maar dit is nie *Servaas*, wat die dorp so sien nie — dit is *Malherbe*. Ons loop nie saam met Servaas onder die peperbome nie. Nee, die skrywer sit op een van die koppies en peins oor die „sukkel-werksaamheid” van klein mensies en die wyd-omhemelde velde, waarin die dorpie „soos 'n nouliks sigbare stippie” wegsink. Intussen vergeet ons Servaas totaal, verdwyn alle realiteitsgevoel. Malherbe vertolk die gedagtes van sy persone deur sy leriese parafrase in plaas van die gedagtes self, in hul eie taal te gee.

Op pagina 34 word die gang van die verhaal onderbreek deur die volgende opmerking: „Arme Bettie en Piet, watter reggeaarde sou nie medely hê met julle nie, . . .” en op pagina 46 roep hy uit: „O, die wonderlike gawe van heerlike ontboeseming aan die mensekinders gegee, . . .”

Bettie se innerlike lewe word soms op fyn-psigologiese wyse deurvoel. Haar tobbery oor die lot van die geliefde, die nuansering van haar gevoelens by die verskyning van Bester, die manier waarop sy wik en weeg wat hy vir haar sou kan beteken ingeval Piet werklik dood is, dit is treffend uitgebeeld. Maar haar karakter word onwaar, omdat ons nie kan glo aan die egtheid van haar „offer” nie. Ook die tekening van Oom Willem is aandoenlik in sy egte menslikheid. Maar die groot betekenis van *Vergeet Nie* as literere kunswerk lê nie in die karakter-tekening of komposisie nie, maar in die styl met sy sterk persoonlike aksent.

Malherbe se prosa is byna heeltemal vry van vreemde invloed. Dit is prosa met 'n eie ritme, prosa waarop 'n fyn digterlike waas rus. Hy beskryf nie alleen die uiterlik van wat hy sien nie, maar dring deur tot die innerlikste wese, sodat ons die geur daarvan kry. Die skroeiende son brand ons deur die hele boek, ons sien die stowwerige dwarrelwinde op hul grillige togte oor die vaal Karovlaktes. Al die wisselende natuurtonele het die skrywer diep ontroer — die skaduwees van die swart wolke, langsaam skuiwend oor die jong skaapbossies, wat „soos dwergies

koes"; die plasreëns, wat neerbons met woeste geswiep, die langgerekte kettingligte wat geheimsinnige tekens aan die swart hemel skrywe. Op Rietfontein het hy die witgesweldé arms van die vyelaning gesien, „waar die jong vye soos klein kindervuisies aan uitloer"; Steenburg teken hy met 'n paar uiters fyn penseelstrepies — die „rustige Karodorp, dromend in selftevredenheid en wyd omwoon deur slapende koprande wat in donkerbruin pantser en ylvaal groei uitgebeiteld rus teen die ewig-blou hemel aan." ¹⁾

Sonder aarseling vertolk die digter die fantastiese skyn wat die dinge in sy oog aanneem; sy impressionistiese beelde tril en bewe van jong lewe. Sy metafore is nie spoggerige blinkgoed, wat as versiering van buite opgeplak is nie, hul sit vasgegroeï in sy skepping, wel spontaan op uit sy onbewustheid. Adonis se ou baadjie is „lewensmoeg en klaar met die wêreld", die kleurevariasie van sy gelapte ferweelbroek is „soos 'n bont menseesee by 'n wedstryd waar die son sy ligte glans oor heenstrooi op 'n vrolike somermiddag". So gee Malherbe ons telkens met 'n paar raak-etsende woorde 'n verrassend-nuwe kyk, en haal hy skoonheid selfs uit die flenter-ploings van 'n ou Hotnot. Op die plaas het hy die „dowwe basmusiek van die ooie, swaar van dreuning nes dié van 'n aanstormende vloed afgewissel deur indringende skreenote van die lammertjies" gehoor; hy het die kalwers stofdraaie sien maak as hul onbekommerd die jong dagingaan. Die swaar reendruppels spat teen die vensterruite „of jy ertjies saai"; die westewind, „die hoopbederwer van die Karoboer vlie tussen die wolke in en skeur hul uiteen met dreunende en druisende gebaar. Wild klop hy hulle uiteen, die swaar gepakte wolkemassas soos 'n *ge oefende hanteerder van 'n sweep 'n digte klomp vee*, totdat

¹⁾ *Uitgebeiteld* is minder gelukkig, want terwyl ons deur die woorde omwoon en slapende die goliat-rotse as lewende monsters voel, laat *uitgebeiteld* weer aan 'n dooie materie dink. „De hoofdzakelijke schoonheid van een „beeld" bestaat daarin, dat het de *verborgen eenheidssentie* van twee verschillende of zelfs schijnbaar tegenstrijdige begrippen, zaken of wezens aantoon. En hoe duideliker en overtuigender ons die eenheid wordt aangetoond, hoe grooter onze verrukking is." (M. H. v. Campen *Over Literatuur*, p. 138). Die *verborgen eenheidssentie* wat Malherbe ons eers so goed laat voel, verbreek hy deur een ongelukkige woord.

hul uitgedun heenseil, een-een wegs meltend onder sy verskroeiende asem, en die lug weer vry neerblou in die hittige sonstrale.”¹⁾

So magtig is die indruk van die natuur op die skrywer, dat hy al die wisselende stemminge van sy persone met ’n stukkie natuurviesie deurwewe. As Servaas „vol van vrees vir die toekoms” teen „die vaal hange uitslinger met sy kar”, dan lyk „die swygende rande so naar, so onvriendelik nes dreigende ongediertes”, dan ry hy op ’n pad, wat „spookagtig wegslinger tussen die donker swartkoppe in.” Wanneer Piet Marais wegry van Bettie oorlog toe, dan is dit donkermaan, dan sing „’n byterige Oktoberluggie ’n klaende sangetjie” in sy ore. En as Bettie hom agterna kyk dan straal „die blinkende sterre met oë van genade op ’n verbroke vrouehart” neer. By haar ontwaking die volgende oggend „lê die sonnégoud heilig en skoon soos ’n glimlag van Gods genade” op tafelrande en koppies. Vir Japie du Plooy en sy maats is die rooi lug ’n onheilspellende teken. Die westewind laat Bettie huiwer; „net so wreed en meedogenloos soos die stofstorm daar buite heenbruis, so het die omstandighede ook met haar lewe gespeel!” Wanneer Oom Willem weggevoer word van Rietfontein hang „’n afgryslieke weer in die lug” en na die storm ruis die sagte buitjies „soos ’n vreedsame verontskuldiging vir verbygegane wreedheid” neer oor die onskuldige grysaard. En die vroue op die plaas voel „of die natuur selfs geen simpatie en gevoel vir hul leed had nie.” Oor die kindertjies van Servaas „gly die sonstrale van ’n koninklike somermiddag beskermend en seënend.” Oom Willem sterf saam met die ondergaande son en die geruis van die see is ’n plegtige dodeklag”. Wanneer Bester sy doodvonnis hoor, sien die son „soos ’n rustige god in spraaklose medely op ’n toneel van menslike leed” neer. By die uitvoering van die vonnis kom die son weer „net agter verre rande uit . . . terwyl rondom die *ligfontein* ’n bloedrooi halwe maan ver in die blou uitsirkel. *Betyds gekom om bloedvermaak te aanskou*”. Hier egter kry ons die indruk, dat die son en die bloedrooi

¹⁾ p. 65.

maan daar met geweld bygesleep is. Veral die gekursiveerde sinnetjie bederf die stemming, terwyl die omskrywing „ligfontein” banaal is.

Wanneer Piet en Bettie na die oorlog op die klipheuwel by Rietfontein sit, dan „*treur* ook die son in sy bloedrooi vlieserige omhulsel, ’n weerglans van die bloed wat vergiet is op die Afrikaanse velde”, maar enige oomblikke later as hul twee siele „saam(vloei) in ’n heilige vervoering van onvermengde geluk, van toekomsdrome en toekomsweelde” dan „skemer die laaste *glimlag* van die ondergegane son in roerlose stilte uit . . .”

Vergeet Nie begint met die son en eindig met die son. Meestal slaag die skrywer daarin om met sy digterlike viesie op die natuur sy stemmingsbeelde te verinnerlik, maar dit word ook soms bloot *manier*.

Naas eg-Afrikaanse beelde, wat getuig van fyn waarnemingsgawe kry ons egter ook flou-geryde uitdrukkings soos: „Verder het hy die sleutel waarmee hy onmiddellike toegang tot Bettie sou verkry”, (p. 69); Bester is oortuig van sy „onblusbare liefdegloed” vir Bettie (p. 96); Aan Oom Willem het die willekeur sy skaamtelose hand geslaan. (p. 149); Bester het sy vonnis in die gesig gekyk soos ’n marmarbeeld (p. 186); die maatskappy, waarvan hy ’n bruikbaar lid geword het (p. 17); vanaand sal ’n nog bitterder leed haar siel deurboor (p. 19); Daar brand ’n vuur, daar gloei ’n drif, ’n hartstog wat geen stormvloed sal uitdoof nie, daar setel ’n beslistheid wat die teerste bande nie sal verander nie. (p. 22). En so staan hy daar voor Servaas as ’n toonbeeld van goeie voornemens. . . . (p. 7); ens.

Ook onvervalste retoriek: Die suiwer suiderhemel met sy ontelbare *flikkerbronne* ’n *klanklose(?) prag van lewende juwele* gesaai oor die grondelose *boesem* van die lug, ... (p. 44); ’n gloeiende naald boor langsaam deur sy siel, agterlatend ’n smal baan van verskroeiende lewensvreugde (p. 44) — ’n beeld wat positief walglik is.

Dan vind ons ook nog uitdrukkings, wat onduidelik en onbeholpe of minstens vreemd is: Bettie is besig om met haar eenvoudige musiek „die *grondtoon* van haar lewensgeskiedenis te *vertel* (p. 73); die *trek* van verwyf in haar vader se woorde (p. 105); ’n woord wat wreed

sou val op die tere *bodem* van plegtige liefde . . . (p. 38); Bettie is die *voorwerp* van die liefde (p. 18); Dit is of sy beperktheid oor homself weggegroeï . . . het (p. 195); Bester met sy listige planne en parmantigheid moes in die *hand* kom, ja selfs op sy *lewe* was dit gemunt, waar kleurlinge in diens van Sy Majesteit hul *lewe* moes *prysgee* onder sy *hande*! (p. 161); Bester „met sy onverskrokke *bende* (p. 161); ¹⁾ program (p. 31); *aanspeling* i.p.v. toespeling ²⁾ (p. 77 en 90); vuurgeveg (p. 140); Daarheen word gestuur wat in die oë van die Engelse outoriteite as lastige pro-Boer-mense *verskyn* het . . . (p. 151). Alle kommunikasie met die distrik (is) afgesny en handel *tot 'n nietigheid afgedruk* (p. 82); sommige oomblikke voel dit hom of sy verstand hom begewe onder die invloed van gedagte (p. 150).

Waagmoed is 'n ongelukkige neologisme; *wikkelwakkkel* is ontleen aan Guido Gezelle se gedig: „*Bonte Abeelen*” „Die Dood se grillige *ontklemming*” is geen Afrikaans nie. (p. 154). 'n Voorbeeld van lelike klink-klank staan op p. 175: Dit was 'n beleefde *voorspel* van die *treurspel*.” Malherbe is trouens nogal lief om kort op mekaar, soms in een sin dieselfde woorde te gebruik. So kry ons tweemaal *toevallig* op p. 99; *warrel* op p. 65; *huis* op p. 17, *skynbaar* op p. 18, *nou* op p. 14.

Gevoel is maar al te dikwels *gemengd* — 'n stereotiepe niksseggende uitdrukking: (p. 24) daar woe! 'n mengeling van gevoele in haar siel; (p. 66) 'n warreling van gemengde gevoel.

As 'n kunstenaar ons vertel dat iets *onbeskryflik* is, dan is dit 'n belydenis van onmag of 'n retoriese reminisensie. Enige voorbeelde: (p. 65) Wie beskryf haar sielelyding . . .; (p. 44) met 'n onbeskryflike krag; (p. 46) die onbeskryflike weelde van onbeheerste gevoel. ³⁾ Op

1) Die verkeerde gebruik van *bende* is oor die hele land verbreedur 'n welbekende lied uit die *Hallelujah*-bundel, waarin van „'n Daniëlsbende” sprake is! Ook Von Wielligh praat in *Eerste Skrywers* (p. 138, by die portret) van „die klein *bende* van die Genootskap van Regte Afrikaners”.

2) 'n Germanisme.

3) Vgl. nog p. 101, 158, 104; en p. 24, Piet met sy *onnoembaar* soet glimlag!

p. 34 kom nog 'n ouderwetse slim draaitjie voor: „Bettie is toe na haar kamer gegaan en . . . wat sy daar gemaak het, sal iedereen wel weet wat van meisies kennis het"! En wat moet ons dink van die „arme student wat met 'n *verskeurde* hart en *verslae* gees moet afskeid neem van sy *dierbaarste op aarde* en dit vir baie lang tyd"! (p. 34).

Afgeslyte uitdrukkings ontstel ons in dubbele mate by Malherbe omdat sy stylkuns oor die algemeen deur so 'n innige, suiwer-eenvoudige woordkeus beheers is. Ons voel dat hy gesoek het na die alleen-juiste woord en dikwels klink daar 'n harmoniese toon in sy geïndividualiseerde sinsbou. Hy wou méér gee, dan 'n gewone amusementsroman en as een van die eerste *kuns*-uitings in prosa sal sy werk steeds van belang bly. Hy het die joernalistieke vaalheid uit ons taal weggevaag deur sy fleurige beelde, ontleen aan Afrikaanse veld en lug, en daarby besit hy as digter 'n fyn gevoel vir woord- en klankwaarde.

Ten spyte van die foute in sy styl en komposisie hang *Vergeet Nie* soos 'n klein druiwetrossie in die groen wingerd van ons letterkunde. Die beelde met hul Karo-omwaasde ongereptheid is die wynkleurige kórrels, mekaar verdeukend in die transparante ronding van sappige swelling, wat die tingerige steeltjies in hul liefdegroei bedek. En wie, stil-gelukkig, die korrels een vir een in al hul sonnegeurende sappigheid geproef het, sal ook die tere stingeltjie nie àl te wreed vergooi nie.

§ 7. Mej. Chris. C. Euvrard.

Van Chris. C. Euvrard, onderwyseres in Rhodesië het drie novelles verskyn: *Twee Susters*, *Lena* en *Twee Broers*. Haar werk word hier alleen vermeld, omdat aan *Twee Susters* in 1914 die eerste prys toegeken is in die jaarlikse wedstryd van die Akademie. Dit is van geen letterkundige belang nie, en bevat oorlogsondervindings in onbeholpe skoolmeisies-styl. Ter tiepering 'n enkel staaltjie: „Lena was skaars onder die *seil* uit, toe een van die wagte wat by die wa was, vir haar vra of hy die *seil* sal aftrek. Lena sê ja en in 'n paar oomblikke

was die *seil* af en kon almal weer lug kry. Die *seil* was maar net af van die wa, toe 'n offisier daar kom. Hy begin met mev. van Eeden en tant Sannie te *praat*, en terwyl hulle nog *praat*, kom 'n paar soldate ook by die wa en begin ook met die meisies te *praat*." (*Twee Susters* ², p. 45.) Die redakteur van *Die Brandwag* het in Des. 1918 nog verklaar, dat ofskoon haar werk oppervlakkig is dit „veel daartoe by(dra) om leeslus op te wek by die wat anders nooit 'n boek sou opneem nie" (p. 214). Vir die taalstryd mag dit dus miskien wel van enige betekenis gewees het. ¹)

§ 8. Joubert Reitz (1880—1919).

Joubert, 'n seun van President F. W. Reitz is gebore op Bloemfontein in 1880, kort na die slag van Majoeba. Daarom het sy vader Generaal Piet Joubert gevra om sy peetoom te wees. Met die oorlog van 1899—1901 het hy dadelik aangesluit by die Pretoria-kommando. In 1900 het hy gedien onder Kaptein Heinrich du Toit en terwyl hy in die Soutpansbergse distrik siek lê aan die koors, het die Engelse hom gevang en na Bermuda gestuur.

Na die vrede is hy met twee broers Madagascar toe, maar omdat dit daar nie na hulle sin was nie, het hulle teruggekom na die Transvaal. Joubert het hom toe as prokureur op Potchefstroom gevestig, waar hy in 1919 oorlede is.

Van hom het verskyn twee romans: *Die Dologgooier* (1916) en *Beproewing* (1918). Vir die Potchefstroomse koerant het hy dikwels gedigte en prosastukke geskrywe, meestal van grappige aard. Onuitgegee is 'n reeks artikels oor „*Oom Fanie* en sy ervarings met 'n maai- en vliegmasjien." ²)

¹) Die Kommissie vir Taal en Lettere het gerapporteer: „'tNovelletje... *Twee Susters*, hoewel taal, styl en inhoud nog veel te wensens overlaten, is nochtans van genoegzame historiese waarde en geeft blijk van belofte voor de toekomst..." *Akademie-Jaarboek* V, p. 51.

²) Meedelings van Oud-President F. W. Reitz.

Die Dolosgooier.

Frits Kok, 'n Johannesburgse klerk gaan na die diamantvelde by Bloemhof, maar die groot geluk bly weg. Gedurende 'n aanval van moedeloosheid wil hy vertrek, nadat hy op die stasie „'n sterretjie” gesien het, maar sy kaffer gooi die dolosse en die se voorspelling blyk juis, want Frits kry 'n paar mooi diamante. Nou trek hy weg om sy „sterretjie” te gaan soek en al gou blyk dit, dat sy die dogter is van Harvey, met wie hy 'n vennootskap gesluit het. Met Collins het hy op Bloemhof moeilikheid gehad en dié strooi nou skinderpraatjies uit, want hy het ook 'n oog op die „sterretjie”. Collins slaag daarin om 'n fabelagtige skat uit Sekekoen se kafferstad te roof, maar hy beswyk aan 'n wond op die hoëveld, waar Frits hom nog eers verpleeg. Frits laat die kaffers £ 5000 betaal vir die verlore diamante en die dolosgooier se tweede voorspelling kom ook reg, want hy sluit Maria in sy arms.

Beproeving.

Hierdie roman is meer of min op dieselfde plan gebou as *Die Dolosgooier*. 'n Doodgoeie jonge man word vervolgd deur 'n gewetelose skurk, maar na baie moeilikheid triomfeer die onskuldige, word plotseling skatryk en trou met die meisie, terwyl sy mededinger deur 'n koeël uit die weg geruim word. Die ekspediesie na Duits-Suid-Wes en die opstand vorm die agtergrond van die verhaal; 'n vervalste tjek gee aanleiding tot verwikkeling en die spanning oor die erfenis word deur middel van 'n naamsverandering tot die ontknoping bewaar.

Teen sy sin en oortuiging het die skrywer deelgeneem aan die Duits-Wes-veldtog. Die raamwerk van *Die Dolosgooier* het hy in 'n militêre gevangenis geskryf, want hy het in die hande van die Duitsers geraak. Later het J. H. Malan, die „Oom Fanie” van die voorwoord dit persklaar gemaak, onvoltooide gedeeltes verder uitgewerk, taal en styl verbeter, kortom die hele boek oorgeskryf met behoud van die oorspronklike in-

triege.¹⁾ Dat die aandeel van die bewerker taamlik groot was, blyk uit 'n vergelyking met *Beproewing*, waarin taal en styl so sleg versorg is, dat die verhaal feitlik onleesbaar is. Dit krioel van anglisismes en alle moontlike foute. Reitz had aanleg om 'n spannende intriege inmekaar te sit, maar sy uitdrukkingsvermoë was hopeloos swak. Selfs na die skawery van die bewerker het daar in *Die Doloosgooier* soveel oorgebly, wat onbeholpe is, dat van letterkundige verdienste weinig sprake is, ofskoon dit deur die handige toepassing van Afrikaanse motiewe seker tot die beste van ons awontuur-romans behoort.

As voorbeeld van die kreupel styl en taal kan die volgende dien: „Frits, hoewel 'n jonge, onervare man, terwyl hy nog onder sy komberse half-sit, half-lê, naar die pragtige natuurprent kyk, gedronge om die natuurskoon in oëskou te neem en, daar hy 'n dorpenaar was, moes tot die konklusie kom ens. (p. 17); Harvey... had die saak van die likwidasië moet laat vaar... Harvey het dit so haastig aangeneem, dat die kêrel had begin te dink.....” (p. 105). Anglisismes groei ook nog geil: (Hy) moes van skool om sy eie lewe te verdien (p. 4); ons geluk is uit (p. 26); hy begin te voel dat die grappie nie die kers wêrd was nie (p. 146), ens.

Op p. 3 is daar al 'n toespraak tot die „troue geagte leser” en dwarsdeur die verhaal bly die skrywer aan die woord. Collins, Hooper en Petrus is tiepes van die bekende volbloed skurke. In *Beproewing* neem die politiek 'n groot plaas in. Die skrywer sê self: „Maar laat ons liewer nie van die dinge praat nie, anders word die verhaal 'n politieke vlugskrif....” (p. 97), wat dit dan ook teen die end werklik word.

§ 9. Jochem van Bruggen.²⁾

J. van Bruggen is gebore te Groede, in die provinsie Zeeland, Nederland, op 29 September 1881. In 1892 het sy vader hom in Johannesburg gevestig. Aan die Pre-

¹⁾ Meedeling van die heer J. H. Malan. Vgl. ook voorwoord, van „Oom Fanie”, Sitatie volgens die 1ste druk.

²⁾ Die biografiese feite is ontleen aan *Die Brandwag*, Des. 1918.

toriaanse gimnasium het Jochem begint verse maak oor die Voortrek. Die Anglo-Boere-oorlog het 'n end gemaak aan sy studie en vir sewe maande was hy op kommando, totdat hy, by die oorgawe van Johannesburg vasgekeer is. Van toe af moes hy vir homself sorg en in plaas van ingenieur te word moes hy lewe van die geringe verdienste, wat 'n agentskantoortjie aan 'n onervare jong man in daardie tyd kon gee. Na die vrede het hy in 'n wassery die gestrykte wasgoed in pakkies opgemaak, boordjies getel, ens. Maar dit kon hy nie uithou nie. Hy het uitgebars die veld in, ruimte toe en by sy boesemvrind G. J. Oosthuizen op Steenkoppies gaan woon. 'n Tydlank was hy daar onderwyser aan die C. N. O. skool. 'n Debatsvereniging en koor het onder sy leiding gebloei, terwyl daar ook van hom toneelstukke opgevoer is. Sy volgende onderneming was 'n tabaksbesigheid, wat hy met sy vrind Oosthuizen opgerig het. Aanvanklik het alles goed gegaan, maar later, veral deur 'n konneksie met 'n uitgeslape seun van Israël het die besigheid 'n totale mislukking geword, met die gevolg dat albei in 1909 diep in die skuld was. In *Ouboet* is o. a. 'n sydelingse herinnering aan hierdie episode, wat vir 'n tydlank sy letterkundige aspirasies heeltemal gesmoor het. In 1912 het hy sy Voortrekkerverse weer verwerk, maar kon geen uitgewer daarvoor kry nie. In 'n wedstryd van *Die Brandwag* het *Die Praatmasjien* in 1914 'n prys gehaal en van toe af het Van Bruggen sy koers gekry.

In 1917 het sy roman *Teleurgestel* die Hertzogprys van die Akademie behaal en in 1920 is sy kort verhale onder die titel *Op Veld en Rande* gebundel. Van 'n nuwe roman, *Ampie* het twee hoofstukke in tydskrifte verskyn. „As boer moet ek in hierdie swaar tye net my kop gebruik om die boerdery agtermekaar te hou, wat my werk as skrywer uitermate belemmer”, skryf Van Bruggen na aanleiding van *Die Burger* se enquête. *Die Burgemeester van Slaplaagte* het in die serie *Almal se Boeke* in 1922 verskyn.

Teleurgestel.

is 'n roman uit die Anglo-Boere-oorlog. Die Boere van Waterval en omstreke is besig met skyfskiet as die

veldkornet hulle kom opkommandeer. Dirk Liebenberg het sy afgeleefde ouers na die kruitbadjie by Waterval gebring en op 'n wandeling deur die kloof probeer hy om Maria Brinkman oor te haal om sy vrou te word. Sy gee egter die voorkeur aan haar ou speelmaat, Gys, wat as gevolg van 'n speelse opmerking van haar die kordaatstuk uitvoer om 'n blom op 'n gevaarlike krans by die waterval te pluk. By dié geleentheid word Gys en Dawid, Maria se broer, deur Swartbooi, 'n geheim-sinnige potteskuurder in 'n spelonk gelei, waar hy vir hulle dolosse gooi en somber voorspellings oor die naderende oorlog maak.

Na vyftien maande kom 'n kommando nuwejaar vier op Waterval. Dirk koester hands-op-planne, wat afstuit op die idealisme van die vrouens. Later vind hy geleentheid om met Stols en Greef, wat graag hul famielies wil besoek stilletjies af te swenk van die kommando. Hy trakteer hulle op 'n paar goeie doppe "perskesop". Stols is 'n swak jabroer en laat hom maklik oorhaal, maar Greef ry met sy maats se perde terug kommando toe. Dirk vind Maria nog onhandelbaar en sluit in groot verbittering by die Engelse aan, waardeur hy sy pa se dood veroorsaak. Stols sukkel terug Boere toe, maar laat in sy verbouereerdheid sy geweer agter, wat die vyand aanleiding gee om die woonhuis op Waterval af te brand. Deur Dirk se verraad word Gys en Dawid vasgekeer in Swartbooi se grot, waaruit hulle met moeite ontsnap. Gys word later gewond, die vrouens raak in die kampe, maar na die vrede trou Gys met Maria, en Dawid met Elsie Greef, terwyl Dirk 'n suilap word.

In *Teleurgestel* het Van Bruggen sy oorlogservarings verwerk. „Hy het die verwoeste plase gesien na die oorlog, en hy het geluister na die ondervinding van die *Bittereinders*, na die verhale uit die tyd toe die Engelse oor Steenkoppies en omgewing hot en haar getrek het en uit die droewe tyd van Johannesburg se renbaan.”¹⁾ Swartbooi se prototiep was „'n verdwaasde ou kaffer, wat die Hartleys — daardie tabakmagnate — se kombuisgereed-

¹⁾ *Die Brandwag*, Des. 1918.

skap geskuur het, dag vir dag in 'n driffie en as 'n malmens geskreeu het party nagte as hy rondloop." 1)

In *Die Burger* het Van Bruggen verklaar: „In ooreenstemming met my vorige werk, sal my strewe bly: 'n afbeeldsel van die lewe soos ek dit gewaar, wat duidelik sal staan in die skynsel van romantiek.” 2) Nou is „romantiek” juis een van die terme wat moeilik definiëerbaar is, maar Van Bruggen wil blykbaar te kenne gee, dat hy geen realis in die enge betekenis van die woord is nie. Is die opvatting juis, dan gaan hy van dieselfde beginsel uit as meer dan een kunstenaar van betekenis. Johan de Meester sê b.v. „En als ik iets als onbelangrijk voel — als een ding dat me niet interesseert — dan is 't het realisme, dat aan de loutere beschrijving zonder meer van een brok werkelijkheid z'n volle kracht geeft. Dat zou ik nooit kunnen doen.” 3) Cyriel Buysse verklaar: „De beschrijving van een realiteit is toch heel iets anders dan die realiteit Als de artiest niets aan de werkelijkheid toevoegde zou hij geen artiest zijn. Het beschrijven van details zonder meer, zooals Van Deyssel wel eens heeft gedaan, daar voel ik niets voor. Dat kan ik niet mooi vinden. „L'âme des choses”, zooals de kunstenaar die voelt, moet uit zijn werken spreken.” 4) En Is. Querido verklaar met die grootste stelligheid: „Ik moet met mijn innerlijk leven ingaan op de dingen ik kan de dingen niet klein zien: ik moet ze vergrootten, doorlichten . . . ik moet er heelemaal door vervoerd worden Ik heb niets aan de realiteit!” 5)

Ofskoon ons Van Bruggen se beginsel dus kan aanvaar, lei sy ver-romantisering dikwels tot 'n sodanige vermooiing en opsiering van die werklikheid, dat die egtheid van sy figure in die gedrang kom. En daarvan sê Querido: „Elke willekeurige fantastische belichting van 'n werkelijkheidstaafereel wordt valsch maakwerk, onechte, gedrochtelijke romantiekerij.” 6) Swartboo met „sy dwalende

1) *Die Brandwag*, Des. 1918.

2) Brief van 6 Jan. 1922.

3) D'Oliveira, *De Jongere Generatie*, p. 21.

4) t. a. p., p. 70.

5) t. a. p., p. 139.

6) Querido: *Over Literatuur*, p. 43.

brein, wat sy lewe so vol misterie maak" (p. 195), sy geheimsinnige grot en orakeltaal is seker romanties geteken, maar wek skeptiese bedenkinge van ernstige aard. Gys en Maria op wie ook 'n sterk romantiese skynsel val, bly vir ons vae figure. Stols daarenteë, wat deur sy jabroer-geaardheid geen aanleiding tot romantiekerige vermooiing gegee het nie, is deur 'n raak-realistiese uitbeelding tot 'n lewende mens geword, wat ons nie maklik vergeet nie. Arme Liepie met sy „bang-oormekaar-kyk oë", seer rug en orige knipmes ken ons deur en deur. Nog 'n ander byfiguur, Moeder Greef met haar laslappies en ou-mens gemaal is met trekkies van boetserende fynheid geteken, terwyl Luikes Greef met sy droë humor ook goed geslaag is.

By die uitbeelding van Dirk Liebenberg gee Van Bruggen 'n psigologiese uiteenraffeling, maar sy afkeer van die skepsel van sy eie verbeelding is só groot, dat dit hom nie geluk om onpartydig teenoor die figuur te staan nie. Sy haat vir die walglike kreatuur het hom verhoed om heeltemal op te gaan in Dirk se psiege. Reeds in die eerste hoofstuk verraai hy deur 'n kwasi-twyfel sy vooroordeel. „Ons huiwer om hom so wreed te beskuldig, want ons ken sy verlede nie in besonderhede nie. Miskien sal die toekomst 'n gedagte aan die moontlikheid daarvan regvaardig." ¹⁾ Nou weet ons al: Dirk gaan die sondebok word, en die ongeregtheid word dan ook by wraagte op hom gelaai! Maar let wel, Van Bruggen self *ken sy verlede nie in besonderhede nie*. Hoe kan so 'n persoon nou ooit fel-lewend vir ons word? Met 'n sug van verligting neem die outeur afskeid van hom: „En so het ons klaar met Dirk" (p. 219). Hy het só boos geword, dat hy hom, na 'n paar kwaai trappe vir ou-laas, uit sy verhaal bons! Dit word mos bruilofstyd en daarby pas Dirk, die suiplap met sy „valse gryns" nie. Maar dis 'n oplossing, wat ons nie bevredig nie. Geslaag is die figuur nie, ofskoon daar telkens brokke treffende analiese is. Maar meestal neem Van Bruggen teenoor Dirk die houding van 'n bestraffende regter aan. „Kan 'n wolwe-aard so gou verander

¹⁾ p. 8. Twede druk. Ek kursiveer.

in skape-gedweeheid; 'n dwingeland in 'n oë-dienaar . . . ?" (p. 12). 'n Oomblikkie tevore het hy nog gehuiwer „om hom so wreed te beskuldig", maar nou is sy vonnis al gevel. Juis die bo sy onderwerp staande gevoelloosheid verhinder hom om 'n warm-menslike omtrek aan die verraaiersfiguur te gee. Later word Dirk dan ook eenvoudig as 'n *besetene* uitgebeeld. „Die fluisterstem van sy gewete sterf in die diepte weg, wat Satan bliksemsnel met misdaadplanne vul" (p. 145). By die dood van sy moeder kry hy 'n „laaste kans" (p. 191). „Dis een van die momente, waarin 'n goeie gees, so hom die tyd gegun werd om tot die harde hart van Dirk deur te dring, 'n ander mens (van hom) sou kon maak". Gelukkig bly ons die koddige psigologiese gedaanteverwisseling bespaar!

Soms gaat Van Bruggen so op 'n paar tree van sy persone af staan en bepeins dan hulle toestand. Gys is „in strak starend gepeins" (p. 216). En dan roep die outeur uit: „O watter gedagtes! So sterk nog as in sy volle kragtyd" ens. Daar is nog meer sulke hinderlike ingrypsels van die outeur. „Die leser wat onsigbaar agter Dirk aangestap en oor sy skouer geloer het . . . Dirk is te ongeduldig om die kamer rond te kyk, maar ons kan dit nog net doen, vóór die aandskemering ons dit belet" (p. 23).¹⁾ Dit is verroeste romantegniek van die jaar nul! Dat Van Bruggen egter 'n plastiese gawe van geen geringe betekenis het nie, bewys die welgeslaagde toneel, waar Liebenberg vir Greef en Stols wil oorhaal om die wapens neer te lê.

'n Weemoedige klaagtoon van verdrietige berusting deurhuiwer die ritme van Van Bruggen se styl in *Teleurgestel*. Die smart oor verlore onafhanklikheid en die droewige herinnering aan oorlogsleed tril na in somber klanke. En teen die end word Van Bruggen moeg vir die trommel-slae wat „die doodmars deurdof". „'n Lange sombere storie . . . ons wil hom deurhardloop" (p. 222). Tog klink daar soms 'n skaterlag; as die kakies retireer vir 'n rollende pampoen (p. 173) en Greef vir Stols laat „handsop" (p. 156). 'n Paar mooi kindertoneeltjies belooft iets vir die toekoms.

¹⁾ Vgl. ook p. 206 en 222. In *Op Veld en Rande* kry ons net eenmaal 'n toespraak tot die „geduldige leser" (p. 101).

Opvallend is die gebruik van koppelwoorde soos: knutselwerk-uitdenk-vermoë (p. 230), swaai-arm-beduie (p. 9), goudblom-oorlaai (p. 20), droomglans-dowwe oë (p. 195). 'n Enkele maal word daarmee 'n mooi effek bereik, maar meestal gee die oorfloedige aanwending 'n indruk van gesogtheid, terwyl baie saamkoppelings in stryd met die taaleie is. Die voorliefde vir lang-asem sinswendings versterk die sware klank van sy prosa, wat met afgemete pas moeisaam voortbeweeg. En daardeur ook hoor ons telkens dissonante b.v.: „Van onder oop, het hoëveld se voor- en najaarsstorme daardeur gestroom en binne die lang huise opgestuiwe in die smal-langwerpig drukke reghoek-ruimte, waar die lewe in en uit rumoer na sy hokkies, en kinders spelend raas, natbesweet” (p. 221). Tog het Van Bruggen deurgaans 'n fyn gevoel vir woordklank. Telkens kry ons brokkies van sinne, wat in gereelde versritme vorentoe gly; „en vinnig word haar stáp, ofskóon sy dñalend peíns oor wónder-vraág . . .” (p. 77). Maar ons stuit ook op klinkklank: „terwyl sy *rol-oë* die kamer vergenoeg *deurrol*” (p. 114); *Al kante uit* wil hy koers vat, so *rol* sy uitpuil oë *al kante uit* (p. 149); dat drie . . . by die *val* hulle eie *val* sal vind (p. 194); dit *beslis* die twyfel van die *onbesliste* goeie man (p. 150).

Koppelwoorde en sinsbou gee aan Van Bruggen se styl 'n moderne cachet. 'n Allersnaakste indruk maak daarnaas, die ouderwets-retoriese taal, soos ons die ken uit die Hollandse predikante-literatuur van vóór 1880, wat ook nog dikwels van Suid-Afrikaanse kansels gehoor word. 'n Knagende wee, wat die hart verteer (p. 86); Daar drup dit in sy hongerige siel heilsame lafenisdruppe en sy gedagte sien, as deur hemelse ingewing . . . (p. 83); wat alles die plegtige oomblik verhewe maak (p. 67); 'n Sug . . . tower 'n nuwe gevoel in sy boesem (p. 51); 'n swarte afgrond . . . gaap (p. 76), ens. Dit krioel ook van sulke domineesterme soos: hartsvriend (p. 202), hartebodem (p. 76), brandende gemoed (p. 50), tomelose hartstog (p. 126), geestesoog (p. 57), skoonste hemeldeug (p. 80), ens.

En hoe deftig paradeer Van Bruggen met 'n hele kommando holrug perde! Dit is perde wat al meer as 'n halwe

eeu nie meer „pylsnel oor die pad sweef” nie (p. 70), dis ou doodgemoorde knolle, wat skaars nog ’n vuiliskar kan trek. Gys is die „eweknie van Dawid in geesdriftige opwerping van oorloglugkastele”; daar is in die kloof „’n reusemagneet” wat hom trek (p. 56); „Die ontboeseming was as ’n warme son, wat die yskors ontdooi” (p. 82); „toegedekte liefde (het) haar windsels afgegooi” (p. 99); Die liggie lei hom soos ’n vuurtoring die... skip (p. 167); aan bande gelê (p. 169); ens. Gelukkig kry ons tussen die muwwe, onpersoonlike beeldspraak so ’n enkele keer ’n fris veldwindjie: As Swartbooi die plaasmense sien wegvoer deur die kakies dan is „die lewe wat in sy oë kom blink, ... soos die ... in ’n koei se oë, wat wild oor die kraalmuur kyk, wanneer haar pasgebore kalfie hok-toe weggedra word” (p. 196); „die stryd teen onsigbare wapens... soos mambas in die ruipte” (p. 192); „Af drif toe... kom ’n groot tentwa aangeklop” (p. 7). Daarnaas kry ons egter weer sulke badkamer-beeldspraak soos: Maria „aarsel niks om ’n doeltreffende bekoeling uit te giet nie oor sy brandende gemoed”! (p. 50); „Of ’n vloed yskoue water oor hulle rugge uitgegiet word, so laat, wat agter is hulle ril” (p. 65). Ook onsmaaklike triwialiteite soos: „Daar is geen druppel bloed meer in Stols se neuspunt nie; dis alles weggestroom na die midde van sy romp...” (p. 157).

In sy natuurbeskrywing is Van Bruggen onbeholpe en soms banaal. Hy skerm met groot woorde wat volkome retories en aandoeningloos van algemeenheid is. „Die *skone dal* lê voor die perdelose ruiters in *volle somerweelde*. Die ou opstal lyk so *skilderagtig*... Ook is dit of die *skouspel* hom *hipnotiseer*... Die ganse moot brei uit in *sombere somerweelde*” (p. 126-7). Sulke niksseggende frases laat ons heeltemal koud. Nie deur die woord *somber* ontstaan die indruk van somberte nie. Die somberte-emosie moet hy in beeld bring, moet hy ons laat aanvoel deur plastiese trekke. Maar hy verswak nog meer die indruk van sy frases deur te praat van „die lentegroen, (wat) in jeugdige ydelheid wou spog...” En dan vervolg hy met valse, ondeurvoelde beeldspraak: „Uit egaal donkergroen *spreek* nou éénselste stemmige gedagte, waar uitgeswelde rypheid elke deeltjie van die *ernstige* boskasie

herinner aan verwelking." Dit is viesie-verknoeiing. „Die stemming deel sig onbewus mee aan die twee..." Juis, *onbewus*, want hoe dit gebeur bly vir ons 'n raaisel. En dat Stols en Dirk albei in presies dieselfde stemming geraak, is papier-psigologie! Daar is nog meer holle frases: „Dieselfde voorjaarsagtermiddag het ook sy toweraandeel volbreng in die natuurherlewing" (p. 20). Dirk kry „lewens-lente-visioene"! Die voëltjies sing mooi „en dis of die ganse omgewing wil meedoen aan 'n *gemoedsontboeseming*"! (p. 31) „Grootse natuurskoon" (p. 47), „roerloose aandskoonheid" (p. 90); „dis van die aande, waarin natuur sy *wonderskoonheid* wys met *stille majesteit*" (p. 166), „ruwe natuurprag" (p. 52); „Die lente het weer 'n jong gewaad oor die velde gesprei" (p. 202). En op p. 52 is daar weer „'n grootse gedagte, wat *setel* in die lower-woestheid". Die gedagte spring van sy „setel" af en hou 'n netjiese prekie in die tale Kanaäns. „Dis 'n plekkie, wat mensekindere wil goedmaak en verhef bo wêreldse nietighede," ens.

Duisterheid is dikwels die gevolg van die retoriese opblasery. „Die kranse voor en weerskante is hoog en amper loodreg, bedek met ruwe natuurprag, wat gestapel op kwynend-skemerlig en duister... (p. 52). Hoe moet mens jou nou 'n voorstelling vorm van wilde plante *gestapel* op *skemerlig* en *duister*? Op p. 32 is daar „*klanke*, wat hemelwaart *denk* en dankbaar swewe, vir sparende liefde..." Al slaan *denk* ook op *gevoel* dan is dit nog 'n onbeholpe parallélisme. Onverstaanbaar is: „Ligvlekke, wat die boomskaduwees werk, hou vaste lyne" ens. (p. 87). En wie hoor nie die gekreun van die bombastiese blaasbalk agter sinne soos die volgende: „Dis pynlik om die *afbreuk van geesverbystering* (?) te sien, wat flou, al flouer 'n kwynend verset teen eie onmag vertoon en in sielsmart oorgaan..." ens. (p. 9). Maria se „sterk gestel (het) begin te luister na die stem van siekte. Tallose skrikgedagtes het senewee-skokkend met haar liefde gespeel en bondgenoot geword van 'n ongesteldheid wat haar sou neerdruk ens. (p. 234-5) En daarom het die siekte so gesloer om uit te breek, uit eerbied vir die grondigheid van haar verset en heldepoge." Sy kom uit die hospitaal „met twee (!) grote, siel-vertolkende oë,

verhewe-boeiend"! En daar is nog meer voorbeelde van sulke opgeskroefde woordkramery. Wat moet mens aanvang met taalgeknoei soos die volgende: „Humeur lê diep bedolwe onder tallose swaardrukkende gedagtes” ens. „’n Onmag van sy logies verstand, laat pessimisme die vrye teuel” (p. 82); Luikes is „oortrek deur die waas van sy karakter...” (p. 35); „die inwendige Greef” (p. 36);¹⁾ ens. ens.

Die verpersoonliking van abstrakte begrippe gee aanleiding tot raaiseltaal en gesogte wendings. „As die *sluipgang* van hulle genegenheid tuis gekom het is dit getrouheid tot die dood...” (p. 35); „die koers... waar vinnig verlange die bome deursoek” (p. 76); „*Hartverheffende* momente wat *grondslag* vir ’n toekoms lê en lewens bou of brokkel — kort as ’n sug, ’n fluisterwoord, ’n oogstraal as diamante bly skitter aan die langste lewensdraad en nog glansies op sy rafelpunt werp; gebonde aan seisoen nog tyd” (hoe rym dit met „kort as ’n sug”? P. C. S.) ens. (p. 106.) Met nog een voorbeeld van Van Bruggen se onbeholpenheid kan ek volstaan: „Maar lewe het vasgeklem aan sy omhulsel met ongekende adhesie, waardeur die wetenskap verbaas, wat eers verwaarloos werd, omdat geen hoop bestaan het nie, met ywer die omhulsel onder sy behandeling geneem het.” (p. 214).

Die dialoog is meestal onnatuurlik-styf en soms so deftig as ’n redevoering. Gys sê: „Dis of natuur ’n moedwil toon om haar wonderwerke treffender te maak. (p. 53); Ons volksaard is opgeruimd en vol korswil, wat wys veral op sulke dae, waar hoop, by nuwe begin, ook nuwe ambiesie gee” ens. (p. 89). En hoe netjies ryg Dirk sy sinne aan mekaar as hy pleit vir Maria! Hy eindig so: „Die hoop sal my in doodsgevaar dapper-versigtig, in moedeloosheid vasberade maak en my nasie laat liefhê, omdat jou ideale myne sal word!” Met dié woorde vat hy haar hand „wat sy nie kon terug trek nie, omdat haar sielestryd *onbeskryflik* geword het.” Dieselfde onmag om heftige emosie plasties uit te beeld vertoon Van Bruggen ook waar hy Dirk se houding moet

¹⁾ Vgl. p. 108.

beskryf: „As hy verneem dat sy moeder gestorwe is, *voel hy getref en kyk somber na die aarde voor sy voete.*” (p. 191.)

Die taal van *Teleurgestel* is sterk Hollands gekleur. Woorde soos *bot, mat, meewarig, halflygend, gebly* (gesneuwel) (p. 111), *hawe, struik, dryn* word dikwels aangefref. Maar ook die sinsbou is onafrikaans en veral die gebruik van infinitiewe vorme is storend. „Maria hunker na meer *wete*, nou die *skiete* opgehou het” (p. 171). Van sulke vorme krioel die boek en dit gee soms aanleiding tot duisterheid soos op p. 184: „’n wese, wat versuim tot *sy kom*”. Onafrikaans is ook: „Maria en Elsie doen saam in die spel” (p. 91); „waarvoor diensies” (p. 6). Die gebruik van die vorme *hê* en *het* is soms verkeerd.

Op Veld en Rande.

In *Op Veld en Rande* (1920) is dit moeilik om die skrywer van *Teleurgestel* te herken, as die laaste verhaal, *Die Beeswagttertjie* buiten beskouing bly. Alleen enkele stylwendings soos „wit orkaan gedrewe wolke” (p. 122), en ’n paar geykte frases soos „toe twee harte, wat lief en leed van die wêreld verstaan, opreg ineensmelt!”, „sielsgenot” (p. 109), „hartsgevoel” (p. 28), „hartetaal, vol gloed” (p. 59), herinner aan die manier van *Teleurgestel*. Hier ook geen romantiekerige opsiering, maar onvervalste werklikheid. Hoe raak en eenvoudig-waar word Sitman, die „meeldiaken” met sy „ongebleekte kussingsloop” nie geteken nie! Hy is die man, „wat sit waar hy sit”, „die elfde plaag” (p. 27). Soos Van Bruggen hom geteken het met sy astrante indringerigheid, altyd kunsies bedenkend om tog maar nooit aan die werk te kom nie, sy windmaker-praatjies wat eie nietigheid moet bedek, sal die bywonersfiguur lewe in ons letterkunde. Hy staan vlak voor ons met al die flenters van sy verslegting. Hoe goed is nie geteken sy poging om tog nog ’n skyn van vernaamheid te ontleen aan die reputasie van sy onbekende „ouboet Karel van Staanderton se distrik”. En die dialoog is so spontaan — dis die lewende terugbeelding van egte gesprekke sonder retoriese byspinsels van die outeur. Hoor maar ou Sitman se gesanik: „Nou ja! ek hoor toe gister.... of was dit eergister.... nee

dit was gister, dit wil my nou goed byval — Willemse het gister hawer gelaai — ja dis reg, dit was gister Nou ja, ek hoor toe gister by Oom Andries dat meneer de Klerk altemit iemand sal nodig kry om hand by te sit" (p. 23). Hoe raak is ook die bywoner se hele persoonlikheid geteken in die kwasi-gewigtige wyse waarop hy meedeel, dat hy „tot 'n besluit gekom 't" (p. 256), of as hy klaag oor die baie werk (p. 43). Uit so 'n paar plasties uitgebeelde toneeltjies word Sitman vir ons meteens fel-lewend, terwyl Dirk Liebenberg, trots al die swaarwigtige analiese alleen 'n toneelskurk bly.

Ook „kromrug Bettie" met haar huilende kleinspan in die rokerige lug van die hartbeeshuis is goed getiepeer. Hoe mooi leef die moeder-instink op in die verdwaasde skepsel, as daar planne gemaak word om haar kinders na die weeshuis te stuur. Sy glo tog so vas, dat niemand anders so goed vir hulle sal kan sorg nie, al sit sy in die grootste ellende. „Daar is Driesie! . . . Uit die staan-spoor is sy maag onderste bo! . . . Sal hulle tussen die kliprandjies rondloop om aambeibossie te soek? En dit laat trek? En dit vir hom ingee? — Nog nooit nie! . . ." (p. 54). Hoe diep het Van Bruggen ingedring in die kommergedagtetjies van die arme sieltjie!

Die ander bywoners se mentaliteit word ook met 'n paar fors trekke aangedui: Willemse, die staatsmaker voorman, Neef Niklaas met sy naïef-wysgerige praatjies oor „bestiering" en „bestuur", Gouws, die dwarskop. Stols, uit *Teleurgestel* kon deur die oorlog nie in sy gewone lewe geteken word nie. Maar nou sien ons die bywoners in hulle daelikse besigheid, hulle getob oor allerlei kwellings en die wrokkende gevoel oor hul afhanklike posiesie. En ook hulle baas, Andries Vry, die konserwatiewe boer en Bybelvaste ouderling ontmoet ons.

'n Enkele maal kom Van Bruggen self om die hoekie loer, op pagina 29 nl., waar hy verstandige maar onletterkundige opmerkings maak oor kafferpolitiek.

Ouboet, Oom Fannie en Die Praatmasjien is ook goed geslaag. Veral die lugtige verhaaltoneel val op na die sware sleepgang van *Teleurgestel*. Daar is 'n vaardigheid in komposisie, 'n handige groepering van allerlei tiepes uit die boerelewe, wat met al hul eienaardighede

goed geteken word. As realistiese skilder van die plattelandslewe openbaar Van Bruggen 'n bewonderenswaardige deurdringingsvermoë. Stoffel Harmse, die omslagtige verteller en lastige buurman, met sy vervelende „jy kan vir Sarie ook vra”, Oom Jannie en die weduwee, wat by „gebrek aan stof vir vertroulike konversasie hoofpersone uit geslagregisters van al twee kante opnoem en bespreek” (p. 101) — dit is fyn-psigologiese trekkies, wat bewys dat die skrywer hom ingeleef het in die mentaliteit van sy mense. Hulle karakter word nie bestuur deur geestige bokkespronge van die outeur nie, maar daar is 'n innerlike ontplooiing, wat ons direk as waar en noodwendig voel. Dit geld egter nie van *Die Beeswagtertjie* nie, wat eenvoudig 'n nugter bedenkself is, en waar alleen Kleinbooi met enige lewenswarmte geteken is. Die mynwerkers is alleen met so 'n paar strepies toneelverf bestryk en die styl het weer dieselfde opgeskroefdheid as in *Teleurgestel*. Veral pagina 140 is swak, waar „die onmusikale Josef 'n singlus uiter”, en „'n siel-treffende Engelse liedjie” deur sy neus gons „met omgewing-influenserende dreun”! Die beskrywing van die begrafnis in *Oom Jannie* (p. 83) is ook gedeeltelik misluk. Die toespraak tot die „onverskillige, gevoellose ligmis” is heeltemal misplaas, terwyl die volgende sinne ons aan die paddas herinner, wat met so 'n voortreflike gawe des onderskeids die boere op Waterval verwelkom (p. 88). „Kyk! die osse hou op met wei, of die redelose vee gevoel, dat nou die tyd nie is vir sinlike lus nie,” ens. (p. 83).

In die natuurbeskrywing tref ons nog gemeenplaatse aan. „In lewensvolheid juig die veld-van-reuse-blare, vol frisse groeikrag, (wat?) met die fynste silwer blink en as diamante skitter” (p. 121). 'n Enkele stylwending en woord, b.v. mande (p. 21), welk (p. 112) verrai nog Hollandse invloed. Onbeholpe of foutief is o.a. die volgende: argelose boerewerwe (p. 55); voorbeeldige besef (p. 112). In sy beperkte moreel-voel is 'n verdrietige wens (p. 129); *myners*-ontboeseming (p. 133); Met Sitman op die onderpunt . . . gaap die reeks van bywoners en spring op die gros . . . (p. 12) diamante te grawe wat stadig in die stroewe hersens vreet (p. 14); 'n Ry van arbeid (p. 15); 'n gehele

voorkoms, wat H. dadelik kooi toe bring (p. 41), ens. Die volgende meditasie is van die outeur en nie van Oom Jannie nie: „Daar moet weer lewe kom, waar sorgvolle vlyt . . .” (p. 90).

In die roman *Ampie*, waarvan nog net twee hoofstukke verskyn het¹⁾ is Van Bruggen op sy beste. Hier laat hy ons as objektief-beeldende kunstenaar die lewe van die opgevoerde persone intens meeleeft. Hoe suiwer is die weergawe van Ampie se gewaarwordings as sy maat, die esel verkoop word! En op wat 'n innerlik-ware toon is sy in-hom-self-praterij meegedeel! Los en natuurlik is die dialoog, waarin soms ewe 'n toon van die rou werklikheid opklink: „Ampie stamp sy simpel suster eenkant-toe: „Gee pad van my plek af! — Ma, kyk vir Ampie! — Ampie jy sal bars! brom die ma, sonder om te roer.” Raak-psigologies is dit om ou „Goor Dawid” saam met Booyse vir sy seun te laat vermaan: „Ja Ampie, doen jou bes , . . . dis Kaffersleg as 'n mens ongeleerd bly.” Hoe rats is hy om 'n ekskusie te bedenk as hy die kontrak moet teken: „Oom Kasper, jy weet die griep . . . Ek het hom in my rug gehad, en my hande was daardie tyd glad dood, en ek het glad verloor om my naam te teken. Kom Ampie, vat die pen onder: ek sal bo vat.”²⁾ 'n Enkel minder gelukkige uitdrukking kom af en toe voor o. a.: „Nou is hy die voortbrengsel van wat sy taaie liggaamstemming eis en sy sintuie.”³⁾

Die Burgemeester van Slaplaagte.

In *Die Burgemeester van Slaplaagte* bly die opgaande lyn in Van Bruggen se kuns gehandhaaf. Dis 'n heel eenvoudige geskiedenis van 'n paar eenvoudige mense in 'n dooierige dorpie, maar Van Bruggen maak dit tot 'n stukkietreffende realiteit deur sy lewensware uitbeelding. Oom Lood wat „almelewe oorhoekse jukskeie en vrot voorslae” (p. 88) met 'n toegeknypte oog verkoop, is famielie van Stols uit *Teleurgestel*. Maar hy is met 'n dieper indringingsvermoë geteken. Ons ken nie alleen sy uiterlike eienaardig-

¹⁾ In *Die Burger*. Nuwejaarsno. 1922 en *Die Brandwag*, Des. 1921.

²⁾ *Die Burger*, N. J. No. p. 19.

³⁾ *Die Brandwag*, t. a. p., p. 172.

heidjies nie, sy lus vir 'n boegoesopie, sy neiging om alles voor die voet te sekondeer op 'n vergadering, maar droom saam met hom oor sy toekomstige kosterskap, kreun saam met hom in sy vadersmart. Want Lewina, sy dogter, doodmoeg vir die eentonige lewe in 'n slaperige stofholte trek na Johannesburg. Goed is die ouers se instinktiewe wantroue vir die grote-stadslewe aangedui. Maar as hul dom-gerus oor die dogter se toestand huistoe kom, is dit tog lekker om so 'n bietjie te spog oor die ryk „huwelik"! Wanneer Lewina eindelijk met haar skande-terugkeer, tob haar vader oor die raaisels van die stadslewe, wat hy met sy onnosele Slaplaagte-logika wil oplos. Oom Lood is met soveel gelukkige trekke uitgebeeld, dat ons hom deur-en-deur ken. Die nasionale skoolmeester se skoene word toegedraai in die Engelse krant, waarmee Peach hom wou oortuig van die Duitse gruweldade! Van sulke kostelike humor is daar meer staaltjies. By Oom Lood staan dit vas: „Daar was net een vèrplie baklei, en dit was in een-en-tagtig se oorlog; en daarom het ons die Rooies toe uitgestof"! (p. 39). Van 'n kunstenaar, wat so diep in die psiege van 'n eenvoudige siel kan deurdring, kan seker nog veel verwag word. Treffend-juis is ook die uitbeelding van Tant Lewina, 'n eenvoudige werk-esel met tog so 'n gevoelige moederhart. As Boet Heina met sy plegtige waarskuwing kom, gaan sy sit „soos 'n huismoeder op 'n Sondagmôre se boekevat as sy teweens die kokery moet dophou" (p. 51). Deurtastend van geaardheid hou sy haar met geen gepiep op nie (p. 84) en verstaan die kuns om nuuskierige famielielede te troef met haar ratse tong.

Ook die byfigure word met enkele raak trekke geteken, sodat die hele stowwerige Slaplaagte met sy bewoners helder voor ons staan. Daar is Pieter van Staden met sy moedelose, *don't-kêr*-stemming, omdat die reent nie wil kom nie, maar vol vuur op die skoolkommissie-vergadering, waar hy sy wysheid oor windpompe uit. Die hele vergadering is 'n mooi geslaagde voorbeeld van Van Bruggense „copiëerlust des dagelijkschen levens". Hy hoef ons nie nog te verseker, dat 'n voorval „histories" is nie (p. 60), ons voel direk dat alles eg is, so noukeurig selfs, dat dit telkens die indruk van 'n „document humain" maak.

'n Enkele maal kan hy 'n uitroep nie bedwing nie; „O, die kwaadpraat en kwaaddink van die mensdom!” (p. 38). Ook in die dialoog is daar hier en daar 'n plekkie, waar ons die skrywer, en nie die uitgebeelde persone hoor praat nie. So sê die meester: „Ek hoop julle sal van teleurstelling vrywaar wees” (p. 70), en Oom Lood: „Alles is net een infame bedrog” (p. 101). Komies is dit om net na die beskrywing van die groot droogte te hoor dat „niks (voor)val wat *stof* gee tot gesels nie”! (p. 4). Onduidelik is die volgende: „Op die bulteveld . . . boei die eensaamheid deur 'n magtige bekoring die onsigbare werking van die skeppende Almag . . .” (p. 73); en slordig: „'n *Trek* van onverskilligheid *omtrek* haar oë” (p. 35).

§ 10. Gordon Tomlinson.

Gordon Tomlinson is gebore op Swellendam in 1889. Vir alles wat Afrikaans is, was hy van jongs af aan 'n sterk propagandis, sodat hy b.v. in die Anglo-Boere-oorlog van skool weggeja is, omdat hy 'n Vierkleur-ruiker in sy knoopsgat gedra het. Later het hy voortdurend stroebelings gehad met die Engelse hoof. Die meeste awonture, wat in *Deur die Smeltkroes* beskrywe word het in Swellendam gebeur tydens die oorlog. Eers wou Tomlinson predikant word, maar weens 'n keelaandoening moes hy die plan opgee. Op Stellenbosch het hy in die regte gestudeer en daar het hy saam met Dr. Tobie Muller en Professor J. J. Smith een van die voormanne van die A.T.V. geword, en deel uitgemaak van die redaksie van *Ons Moedertaal*. Later het hy hom ingespan vir die Helpmekaar en tans woon hy in Vredefort, waar hy hom met sy eggenote aan die skilderkuns wy.¹⁾

Deur die Smeltkroes, (1917).

Op die dorp Vergenoeg woon Oom Gert de Bruyn, „'n egte tiepe van die opregte Afrikaner” (p. 4) en Van der Bijl, 'n jingo wat „rooier dan rooi” is. As die Anglo-Boere-oorlog uitbreek kom daar 'n end aan die vrindskap-

¹⁾ Die lewensskets is ontleen aan *Die Brandwag*, Des. 1918.

like verhouding tussen die bure, tot verdriet van die kinders, wat oor en weer verlief geraak 't — Piet de Bruyn op Susan van der Bijl, en haar broer John op Lenie, Piet se suster. Susan het egter 'n „Engelse modepoppie” geword en deur toedoen van Carel Nel, wat by die Van der Bijls inwoon raak Piet in die moeilikheid en val in ongenade by Susan. Verskeie awonture van Piet en John se skooldae word vertel, asook hul ondervindings aan die Victoria Kollege. Hulle sluit by die kommando van Scheepers aan en as John gevang word, slaag Piet daarin om die verraaier Nel te ontmasker. Van der Bijl word 'n goeie Afrikaner en tussen die jongspan kom alles reg, terwyl Nel so vriendlik is om in Australië spoorloos te verdwyn.

Deur die Smeltkroes het 'n sterk-propagandistiese strekking. Tomlinson verdedig die Afrikaanse beginsels teenoor die imperialistiese idee van Engelse en verengelste Afrikaners. Hy gaat te keer teen die verwaarlosing van Hollands op die skole, die onnasionale geskiedenisonderrys, die eksamenstelsel, „die oudwyfse Skotse sisteem alhier deur 'n Dr. Muir ingevoer” (p. 59), en „die nuwe kindergarten-metode” (p. 9). Hy laat „Jong Suid-Afrika sug om die vryheidsin, wat leef en sal leef, solank daar Afrikaners op Afrikaanse bodem wandel” (p. 53) en gebruik elke geleentheid om sy patriotiese gevoelens te lug. As pleidooi vir 'n suiwer-Afrikaanse kultuur het die boek ongetwyfeld waarde. Maar as roman beskoud is dit 'n mislukking. Behalwe die regstreekse propaganda, tree die outeur van die staanspoor af gedurig op die voorgrond. Hy spreek sy lesers toe,¹⁾ vertel hulle wat hy met „die spelers in hierdie drama” (p. 6) gaan doen, en omdat hy hoofsaaklik 'n outobiografie skryf, verval hy telkens in persoonlike mymeringe.²⁾ Telkens moraliseer hy oor die dade van sy persone, b.v. „Arme Piet! Had hy maar geweet, wat voorlê. Gelukkig, egter, het die Voorsienigheid ons so gevorm, dat ons slegs vandag kan sien — en skaars dit” (p. 62)

Ofskoon hy blykbaar sielkunde by „Pappie (saliger ge-

1) O.a. p. 14-15, 17-18, ens.

2) O.a. p. 7.

dagtenis)" (p. 69) geleer het, blyk daar weinig van in die roman. Van kalwerliefde kry ons die volgende vermaaklike verklaring: „Nie 'n nooi, leser, soos u en ek seker al gehad het, maar een, wat jy in 'n meer idealistiese sin liefhet. Jy het haar lief, maar hoe, weet jy nie. Jy het haar, hulle ook, lief, as jy nog so jonk is, sonder dat die liefde miskien ooit bekend word. Dis somar liefhê." (p. 17-18).

Hoe weinig begrip Tomlinson het van die ingewikkelde prosesse van die puberteitsjare blyk uit die beskrywing van Piet se aankoms op Stellenbosch. „Piet stuur 'n stille gebed van dankbaarheid op, dat hy in so 'n omgewing kan studeer en besluit om van die studentelewe in sy geheel gebruik te maak, sodat hy 'n veelsydige ontwikkeling kan geniet om alsoo besy land te kan dien" (p. 66). Dis kastig dieselfde Piet wat sulke uithaler kaskenades op die dorp aangevang het! Nou is hy meteens 'n suiker-soet oompie, op wie Van Alphen 'n mooi gedig sou gemaak 't!

As Piet die eerste maal in 'n geveg is, word sy gewaarwordings as volg beskryf: „Die eerste paar oomblikke wis Piet nie eintlik, wat om te maak nie. Sy hart klop vinniger, en as 'n koeël oor sy hoof fluit, koes hy een kant toe. Maar gou-gou het die oorlogsgees hom oor-meester" ens. (p. 125).

Hoe oppervlakkig die psigologie is blyk uit die pogings om felle emosies te beskryf. As Piet onverwags op sy maat by die kommando afkom, word ons vertel: „Soos 'n mens maklik kan verstaan, was die wedersydse vreugde by die ontmoeting groot." (p. 122.) „Ons sal liever 'n sluier trek oor die afskeid tussen die jong verloofde; waar die liefdegodin alheersend vir 'n oomblik is, moet die gewone mens soetjies trap." (p. 96.) Met sulke praatjies maak hy hom van die saak af!

Piet het die slapende Susan wakker gemaak met die vraag: „Het jy my lief? . . . Vir Piet was daardie oomblik een van die vreeslikste, wat hy ooit deurleef het. Dit was, asof die lot van die hele wêreld, van die heelal selfs van haar hart afhang. Hy hoor duidelik die klop van sy hart. „Is jy kwaad vir my?" fluister hy. Stadig draai sy haar hoof weer om, en met 'n gloed van vreugde

deur sy are, sien hy 'n vrindelijke glimlag op haar gesig. Hy buig neer, en die hele wereld verheug hom met Piet, as hy die eerste reine soen van die onbevleete lippies ontvang...." (p. 37).

Van der Bijl se bekering tot opregte Afrikaner is seker goed gemotiveer, maar dit is geen proses, wat as 'n *coup de foudre* in een sinnetjie kan beskryf word nie. (p. 110). Presies so gaan dit met Susan (p. 112) en haar moeder (p. 111).

In die karakteruitbeelding is daar die bekende skerp teëstelling tussen goed en sleg. Oom Gert is die ideale patriot, Piet en John die dapper helde, Van der Bijl die vurige jingo, Nel die lae verraaier. Die meisies is „twee beelde van deug en skoonheid" (p. 146). As Nel genoeg moeite veroorsaak 't om die „dapper helde" se „verhewe" karakter aan die lig te bring, word hy nog vir ou-laas ekstra swart gesmeer en dan eenvoudig uitgewip (p. 141). Dit is „merely a mechanical device for stopping somewhere", soos Cross tereg opmerk. „A literary form cannot exist without its art. If a fable may drift along at the pleasure of an author, with the episode thrust in at will, then anybody can write a novel." ¹⁾

Die swaarmoedige Piet werp hom „in wanhoop.... neer op sy bed, *wat skud van die storm*, wat in die siel van die onstuimige jongeling woed"! (p. 22). Die „edele siele" van die arm meisies word ook „deur storme geteisterd" (p. 134, 92), hulle droom „van rose en melk, van ongekenende en verrukkende klanke, van ruisende strome en bedwelmende blommegeure" (p. 72). Die toneel op die strand tussen Susan en Piet (p. 41) is taamlik sentimenteel. — „Die misterie van die nag pak hul beet; en met 'n kleine skudding, (?) skuiwe Susan nader aan Piet.... „Piet, wat makeer? Waarom is jy so stil?" — „Dit weet ek nie, maar ek word so swaarmoedig. *Ek dink, dit is die verhewenheid van die heelal, wat my aangryp.*".... „Dit was asof hy met die onbekende worstel, asof daar 'n wêreld van gedagte hom oormeester. Naderhand, asof tot homself sprekende,

1) W. L. Cross, *The Development of the English Novel*. (1920), p. 64.

fluister hy 'n Lied van Smart...." Die gevolg is „dat Susan bitterlik ween" en „met geboë hoofde keer hulle huiswaarts."

Die talryke sugte in ons Afrikaanse romans vul Tomlinson onder ander met die volgende variëteite aan: „geskok tot in die diepste wese styg daar 'n sug van die bodem van sy *beroerde* (?) hart — 'n sug, wat 'n wêreldspraak was. (p. 29); Susan sug alleen die sug van die tevredene en die regvaardige"! (p. 116), ens.

Tomlinson skryf 'n gemaklike styl, sy taal is suiwer en die dialoog meestal los en natuurlik. Daar is lewendige toneeltjies met rake praat en weerpraat o. a. p. 44-45, waar Oom Gert en sy buurman aanmekaar spring. Onwaar word die dialoog wanneer hy Piet, wat toe nog nie deur sy matriek was nie, laat sê: „Kerel, wie sal hom daar onder daardie mengelmoes begeef behalwe alleen die met Imperialisme besetene?" (p. 54.) Bybelse wendings word met voorliefde gebruik, en dikwels is daar ook 'n predikanterige kleur, b.v. „om sy sondedaad uit te wis" (p. 30). Die veelvuldige gebruik van stereotiepe beelde is opvallend. „Maar al was hul harte bloedende, het niemand dit getoon nie. Hulle harte was aanmekaar gesnoer deur nuwe bande en deur 'n gemeenskaplike liefde teenoor hul geliefde Suid-Afrika" (p. 142). Sulke gemeenplaatse ontnem aan die styl alle persoonlike aksent.

Onvervals retories word Tomlinson veral in sy natuurbeskrywings. „Die son, bloedrooi, begin hom stadig in die arme van 'n veelkleurige see te werp. Dit was, asof bruid en bruidegom ontmoet, albei in die fynste en pragtigste kledy uitgedos..... Fyn goud val oor die hele aarde en verfraai die skoonste *paleise* en die armoedigste strooihuise — ens." (p. 40). ¹⁾ Die *paleise* sou 'n mens aan Potsdam kan laat dink! Maar, die „ouderwetse woning" van Van der Bijl had ook „*honderde* klein venstertjies" (p. 4). Mooi is die stemmingsvolle gedig op p. 72, met uitsondering van 'n enkele stoplap.

¹⁾ Vgl. ook p. 47: „goue velde met karmosyn geskilder".

§ 11. Adv. H. A. Fagan.¹⁾

H. A. Fagan is gebore op Tulbagh in 1889. Van 1905 tot 1910 het hy op Stellenbosch gestudeer en behalwe B. A. honneurs ook die Prel. L. L. B. en Kerk-admissie-eksamens afgelê. Nadat hy ses maande op die Teologiese kweekskool was, het hy vir enige tyd opgetree as waarnemende professor aan die Victoria Kollege en vervolgens sy juridiese studie voortgeset in Londen, waar hy advokaat geword 't aan die Middle Temple en ook die L. L. B. graad behaal 't. In die begin van 1914 het hy hom gevestig as advokaat in Kaapstad. Hy was een van die eerste direkteure van die Nasionale Pers, 'n tydlank assistent-hoofredakteur van *Die Burger* en daarna vir enige tyd professor in Hollands-Romeins reg aan die Stellenbosse Uniwersiteit. Tans het hy weer sy praktyk as advokaat in Kaapstad hervat.

Van hom het verskyn 'n *Eerste Digbundel*, *Uit 'n Studente-Album*²⁾ en 'n bloemlesing *Uitgesogte Afrikaanse Verhale* (Burger-Leeskring, 2^{de} jg.).

Uit 'n Studente-Album.

Uit 'n Studente-Album bevat ses kort verhale, twee waarvan tot die komiese genre behoort. 'n *Vondeling* lyk die meeste op jeugwerk. Die beskrywing van Japie se ontnugtering bly aan die buitekant, en die melodramatiese ontknoping word deur niks voorberei nie. *Op 'n Vakansiereis* en *Tableaux Vivants* gaan baie dieper en bevat 'n belofte. Dit geld ook van 'n *Gewone Rosie*, waarin daar iets teers sprokiesagtig is. Twyfel ontstaat egter aan die psigologiese uitbeelding, wanneer ons hoor, dat die seuntjie hom die nag voorgestel het „as 'n meetlose swarte ruimte, waarin jy sou dool en swerf as 'n verlore siel” (p. 168). Ook die volgende sin mis die kinderlik-naïewe toon, wat anders goed bewaar word: „Tog is daar 'n waas van geheimsinnige betowering oor die hele natuur gesprei” (p. 169).

¹⁾ Lewensskets ontleen aan *Die Brandwag*, Des. 1918.

²⁾ Sonder jaartal. Die meeste verhale is in 1914 vir *Ons Moedertaal* geskryf.

Fagan het 'n aangename verteltoon, 'n goedversorgde styl, wat net hier en daar bietjie konvensioneel word. „Die dood van sy vrou het 'n ledigheid in sy hart gelaat... (p. 116); Sy was 'n sonnestraal in sy koue, sombere woning (p. 117); die spore van wrange sielsverdriet” (p. 126). Erg ongemaklik moet Japie gevoel het „met 'n gloeiende vuur in sy brein”! (p. 28).

'n *Eerste Digbundel* bevat ook enkele prosastukke.

Uitgesogte Afrikaanse Verhale.

Hierdie bundel bevat negentien kort verhale van die volgende outeurs: Helene Oldendorf, T. Schumann, G. R. von Wielligh, Rikie Postma, F. E. de Villiers, C. R. Swart, Eugène C. van Wijk, Sarah Goldblatt, Essie Malan, Frina Roux, Marjorie Hofmeyr, Chris. Fourie, N. H. Theunissen, D. W. Wessels en „Veritas”. Afgaande op die titel sou mens verwag, dat dit 'n bloemlesing is, maar die meeste verhale verraa 'n ongeoevende hand. Daar is spore van diep gevoel, hier en daar 'n geslaagde toneeltjie, maar weinig wat ontroer deur skoonheid van segging, klank of uitbeelding. Die taal is deurgaans suiwer, — die skaaf van die versamelaar het seker daarvoor gegaan — en tog is daar kreupel uitdrukkings soos die volgende: „Hy ken die druk van sy moeder toe hy (aan) haar bors *gekwel* het (p. 22); Sy vraag... bring haar terug (p. 51); die vryerpaar wat hier... staan te sug, te verwyt... (p. 73); die onmeetbare landstonele van die gedagtes (p. 145); in vyftig jaar het die land die mantel van beskawing aangegooi (p. 147); Watter rede het u om nooit ag te gee aan ons uitnodiginge nie? (p. 175); Is u boodskap in militêre belange? (p. 198); Sy geheue hou nog 'n allerskoonste gesig en onwillekeurig bring hy sy hand aan die saluut” (p. 202).

Die taal kon beskaaf word, maar die ouderwets-retoriese beeldspraak het te diep gesit. Daar is b.v. 'n verhaal van „onbreekbare skakels in 'n ketting deur smart gesmeed” (p. 42), waarin reeds op die eerste pagina onder meer die volgende staaltjies voorkom: „Oorlog is in die lug. Selfs die lieflike geur van die nuut-ont-

waakte lentebloem word verdring deur 'n verstikkende reuk van kruit en rookdamp; Offers... op die altaar van die nimmerversadigde oorlogsgod; die awendstond van sy veelberoerde lewe", ens. (p. 36). So gaan dit die hele boek deur, alles mooi grammatikaal korrek, maar sonder die fris geur van oorspronklikheid. Dié dames met hul „sielvolle blou oë" sug danig baie en die wind maak nogal koddige maneuvres met die „geslaakte" dingetjies. „Dadelik skraap die nagwind die suggie op, neem dit op sy vlerke en ry daarmee weg: oor die velde en vlaktes, oor berge en dorpe, tot hy eindelik by 'n groot stad kom. Tussen die hoë geboue deur vind hy sy pad tot by 'n oop venster. Hier vertoef hy net 'n halwe sekonde, om die suggie van sy vlerke af te skud, sodat dit binne in die kamer val"! (p. 128).

Van Von Wielligh is daar 'n soort politieke allegorie, waarin hy dit regkry om Dr. Jameson vóór die Groot Trek te laat optree. Ook nog 'n vaderlike predikasie oor blomme: „Eiliewe nee, laat ons hartsnare dan liever weerklank vind" ens. (p. 29). Sy gehoor het so fyn geword, dat hy „klapwiekende skoendlappers" (p. 32) ontdek het!

Drie verhale gebruik die Duits-Suid-Wes-veldtog en verandering van politieke oortuiging as motief en die meeste is dan ook geskryf tussen 1915 en 1918.

Droogte van Helene Oldendorf bevat 'n belofte, *Oog om oog* is in sy soort goed. Die gelukkige en treurende paartjies van die meeste verhale maak geen blywende indruk op ons nie, wat behalwe aan reeds genoemde oorsake ook gewyt moet word aan onbekendheid met die tegniek van die kort verhaal. „More real brains are required for the construction of an excellent short story than for a hundred pages of many a novel", sê Harry T. Baker,¹⁾ en die uitspraak bevat seker waarheid.

§ 12. Reenen J. van Reenen.

Reenen J. van Reenen is in 1884 op Calvinia gebore. In 1902 het hy met sy B. A.-eksamen die eerste Koningin Victoria-beurs aan die S. A. Kollege behaal. Vier jaar

¹⁾ *The Contemporary Short Story*, (p. 101).

later het hy in Amerika sy studie vir siviele ingenieur voltooi en na 'n jaar praktiese ondervinding op groot besproeiingswerke in Nebraska na Suid-Afrika terug gekeer. Gedurende sy studiejare het hy hom ook op taal en lettere toegelê en reeds van 1898 af op die tekenkuns. Aan dié *Brandwag*-interviewer vertel hy: „Dit was met die herlewing van die Afrikaanse Taalbeweging, wat in 1915/16 so sterk gegaan het, dat die skryfles by my opgekom 't. Ek het 'n paar hoofstukke prosa en verse geskrywe, wat my vrinde hier op Bloemfontein beval 't. Hulle aanmoediging het my beweeg om *Die Agterstevoortrekkers* (1917) uit te gee. Maar gedurende die voorbereiding van dié werk moes ek toe my ou teorie toepas: n.l. dat die poging om leesles onder ons volk op te wek, sal misluk, of in alle geval baie langer sal neem eer dit met sukses bekroon word, as die leesstof nie geïllustreer is nie.”¹⁾

Van Reenen is ook 'n kampvegter vir die bestryding van grondverspoeling en het hom spesiaal gewy aan die studie van die Boesmankuns, nadat hy in 1917 'n voordrag van die skilder Pierneef oor die inboorlingekuns gehoor het. Ook op die gebied van folklore het hy al interessante ontdekkinge gedoen. Behalwe die genoemde werk het van hom verskyn *Celestine* (1919), en *Verborgte Skatte* (1920), twee bundels sketse; 'n roman: *Die Lokaas* (1921) en twee kinderboekies. Hy het ook baie ander werke geïllustreer. *Die Agterstevoortrekkers* word in hoofstuk VI bespreek.

Celestine en Verborgte Skatte.

Dit is twee bundels verhale, hoofsaaklik navolging van Edgar Allan Poe, aan wie *Verborgte Skatte* dan ook opgedra is. *Celestine* bevat spookstories, met een waarvan die skrywer in 1903 'n prys behaal 't in *The South African News*. Dié verhaal, 'n *Hopie Bene*, is 'n droom, maar in die orige word die geheimsinnige element nie verklaar nie, behalwe in *Tant Annie*. James Russel

¹⁾ *Die Brandwag*, Des. 1919.

Lowell het aan Poe toegeken „a power of influencing the mind of the reader by the impalpable shadows of mystery”.¹⁾ Verder sê hy: „In raising images of horror, also, he has a strange success; conveying to us sometimes by a dusky hint some terrible *doubt* which is the secret of all horror.”²⁾ Dit is wat ons grotendeels by Van Reenen mis. Sy voorstellinge is te nugter, sy geheimsinnigheid te deursigtig. Die subtile realistiese illusie, wat Poe b.v. in een van sy beste verhale *Ligeia* skep, lê buite Van Reenen se bereik. Wie b.v. Poe se nagwake by die lyk van die Lady Rowena vergelyk met die enigsins analoge situasie in die verhaal *Celestine* (p. 30) voel direk, dat dit veral realistiese uitbeelding is, wat by Van Reenen ontbreek. Poe verstaan die kuns om deur allerlei suggestiewe besonderhede 'n dodelik beklemmende atmosfeer te skep — Van Reenen noteer alleen die geheimsinnige feit. Die vergelyking wat Dr. Dorothy Scarborough tussen Poe en Hoffmann maak, pas ook op Van Reenen „His (Poe's) horrors have a more awful effect because he is an incomparably greater artist. He knows the economy of thrills as few have done. His is the genius of compression, of suggestion.”³⁾

Die *Verborge Skatte* word deur Professor Erts se buitengewone vernuf ontdek. Die raaiselskrif in *Die Vooertrekker se Skat* is gebaseer op die van Poe se verhaal, *The Gold-bug*. In *Die Kinderdief* word gebruik gemaak van 'n motief, waarop Poe o.a. *The Purloined Letter* gebou het: „the intellect suffers to pass unnoticed those considerations which are too obtrusively and too palpably self-evident. The Minister had deposited the letter immediately beneath the nose of the whole world, by way of best preventing any portion of that world from perceiving it.” Ook in die uitwerking van die besonderhede is daar ooreenstemming.

Van Reenen het 'n aangename verteltoon en sy verhale is verdienstelike ontspanningslektuur.

¹⁾ *The Works of E. A. Poe* I, p. XI (1866).

²⁾ t. a. p., p. XII.

³⁾ *The Supernatural in Modern English Fiction*, p. 59.

Die Lokaas.

Gert Vermaak, 'n begaafde weeskind word deur oom Willem en tant Miem aangeneem. Toe hy ses jaar oud was, kom 'n ontwikkelde Hollandse skeepskaptein om gesondheidsredene op die Karoplaas woon. Onder sy leiding word Gert so buitengewoon skerpsinnig, dat dit die opmerkzaamheid van 'n kapitalis trek, wat hom na Europa stuur om vir advokaat te leer.

Na sy terugkoms vestig hy hom in Kaapstad en word gou een van die leiers van die Boereparty. Maar die kapitalis gebruik 'n mooi vrou as lokaas, en by die stemming oor 'n gewigtige wetsontwerp word Gert ontrou aan sy party.

Voorop moet gestel word, dat die skrywer geen poging doen om die geleidelik voortsnydende geestelike ontwikkeling van 'n geniale kind te skets nie. Hy gee alleen „'n loshangende versameling van staaltjies wat Gert (hom), af en toe in die laaste dertig jaar . . . vertel het.” Die skrywer is nie die objektiewe uitbeelders van 'n deurleefde werklikheid nie, hy is net die verteller van Gert se geskiedenis. Hy self tree telkens op die voorgrond, spreek „die welwillende leser” toe (p. 29), en voel hom kort-kort gedronge om brokkies van sy eie wysheid by die verhaal in te las. Daarom mis dit die warme tinteling van intimiteit, daarom bly die skrywer maar al te dikwels aan die buitekant van sy persone. „Dit lyk asof (Gert) teenoor die kaptein voel soos 'n minnaar teenoor sy nooientjie — hulle gesprekke was hom heilig en dit sou heiligs kennis wees om dit te publiseer” (p. 29). Alweer die treurige sluiertaktiek, 'n vyeblaartjie om eie magteloosheid as kunstenaar te bedek! Is dit dan nie juis die kunstenaar nie, wat met sy wondere intuïesie moet deurdring tot die heilige der heilige? Die uiterlike lewensfeite sien ons almal, lees ons daagliks in die krant, maar dit is die kunstenaar, wat die verborge roersele van die hart moet openbaar. Hy moet so opgaan in die persoonlikheid van sy figure, dat hy alles *seker weet*, dat hy die kleinste nuansering van gevoelens en gewaarwordinge kan ontleed. As hy alleen

kan sê: „*Dit lyk asof...*” (p. 29), dan twyfel ons aan die egtheid van sy voorstelling. Hoe moet ons nou met Gert meelewe, as van die drie belangrikste jare uit sy ontwikkeling selfs geen „loshangende versameling van staaltjies” meegedeel word nie? Maar wat wêl verhaal word is, dat die *R. M. S. Tartar* presies om vieruur uit Tafelbaai gestoom 't met Gert aan boord en dat hy met die *R. M. S. Scot* uit Europa teruggekeer 't! Van die jong advokaat weet ons nie veel meer dan die plaat by p. 132 ons te sien gee nie — 'n jongkêrel soos duisend ander — geknip uit die eerste die beste kleermakerskatalogus!

Gelukkig is daar enkele gedeeltes waar Van Reenen nie alleen die verteller nie, maar Gert self is. Die uitmekaarhalery van Oom Willem se oorlosie (p. 19-20), die waterlei in die nag (p. 40) en nog ander toneeltjies uit Gert se kinderjare toon, dat die skrywer 'n fyn psigologiese insig het. Dit geld ook van die manier, waarop Gert sy besluit neem om Stella nie op te gee nie. Hoe treffend-juis is dit gesien om die nesmakende duiwe die deurslag aan sy redenasies te laat gee! Maar die mooi gestileerde sinne, wat Gert se dink-taal moet voorstel is weer van Van Reenen. Ook enkele gelukkige trekke in Tant Miem en Oom Willem toon, dat die skrywer 'n taamlike uitbeeldingsvermoë het. Maar dit is alles so fragmentaries, dat die persone tog vaag bly. So word die planne van die intrigerende kapitalis met dieselfde behendigheid as in *Verborge Skatte* uitgewerk, maar daar is weinig aanduiding, dat hy behalwe draadtrekker ook *mens* is.

Gert is blykbaar 'n uitsonderingsfiguur, maar selfs so beskou, is daar enkele trekke in sy karakter, wat wys op 'n verdraaide psigologie. Op p. 24 word ons verseker: „Soos 'n openbaring... word sy volksbewussyn skielik gebore”. Hy is nog maar ses jaar oud, maar omdat hy so 'n talentvolle knapie is, wil ons dit aanneem. Ongeveer ses of sewe jaar later hoor ons egter: „Volksbewussyn sal hy maar ontwikkel in die vreemde lande wat hy later sal deurreis” (p. 68). Afgesien van die teëspraak is die voorstelling hier absoluut vals, want daar is geen enkele jongeman van twaalf of dertien jaar

nie wat, selfs al begryp hy die abstrakte idee ook, so 'n wonderlike besluit kan neem. En die wysgerige bespieëlinge op p. 52-53 is geen „raaisel” nie, maar eenvoudig gedagtes van die skrywer self, wat hy aan die twaalfjarige knapie opdring.

As voorbeeld van die swak tegniek kan aangehaal word, dat deur die lang uitweiding op p. 11-12 die spelende Gertjie skoon vergeet raak. Net so gaan dit met die kaptein. „Ons durf darem nie langer by hierdie interessante woordkuns vertoef nie, want ons vriend die seevaarder wag nog al die tyd vir ons op die drumpel van die voordeur...” (p. 16). Op p. 22 heet dit: „Maar ek loop my verhaal verby, en ons moet eers weer 'n bietjie terugkeer.”

Van Reenen het 'n los, gemaklik-vloeiende styl, wat egter weinig persoonliks het. Beeldspraak gebruik hy maar selde; die „verdraaide beeld” op p. 139 is nie gelukkig nie, en die „spatsels van die smeer van die misvloer” wat mens aan golwe laat dink nog minder (p. 66). Die „liefdesbeker” (p. 52) ken ons al van toeka se dae af! „In hierdie dae begin Gertjie al in brein en liggaam tamelik uitrek” (p. 39) — 'n pynlike proses, wat mens aan die inkwisiesie laat dink! Verkeerd is: „Maar die werk wat hy gedoen het, gee 'n *weerkaatsing* in sy professionele werk” (p. 92). Veral in *Verborge Skatte* is die anglisismes volop. „Toe ek my op my ou dag geskilder het as omring deur 'n kring talryke kinders (p. 112); om hande op die skobbejakke te lê (p. 151); Alles wys daarheen...; Kan ek vanaand... met my kollega opkom?” (p. 154) ens. In *Celestine* kom o.a. voor: „Gelukkig had ek nie lank te wag... (p. 93); van èrens... val daar 'n geweldige hou (p. 33); haar brood en botter verdien” (p. 20).

§ 13. Léon Maré.

H. L. F. Maré is in 1889 op Pietersburg gebore. Na 1902 het hy o. a. op Wellington en Pretoria sy opvoeding voortgeset. Maar hy moes al gou sy eie potjie skraap en toe het hy, terwyl hy in die posdiens was, privaat gewerk vir Skool-Hoër. Hy is nou amptenaar in die Uniegebou,

Pretoria. Party van sy eerste stukke het in Nederlands verskyn. Van 1911 af is hy 'n troue medewerker van *Die Brandwag* gewees. Van hom het verskyn: *Die Nuwejaarsfees op Palmietfontein* (1918) en *Ou Malkop*. Laasgenoemde is bekroon met die Hertzog-prys van die Akademie (1919)¹.

Die Nuwejaarsfees, (1918).

Léon Maré is een van die weinige Afrikaanse skrywers by wie die awontuur bysaak en die mens hoofsaak is. 'n Armsalige putgrawertjie, wat deur 'n harde rotsrif skade ly, 'n houtryer op weg na die mark met 'n vrag — sulke eenvoudige motiewe gebruik hy vir verhale. Tog leer ons Toot veel beter ken in die omvang van 'n kort verhaal, dan al die brawe-Hendrik helde van die awontuur-romans, wat hemel en aarde beweeg deur hul buitengewone dade. Léon Maré besit die gawe om sy karakters te laat lewe, só te laat lewe, dat mens hul asem op jou aangesig voel. Deur die tekening van allerlei uiterlike eienaardigheidjies, gelaatsuitdrukking, gebare, ens. sien ons hul vlak voor ons staan. Terselfdertyd openbaar hy in sy beste stukke 'n indenkingsvermoë, wat hom in staat stel om selfs die fluistergeheimpies van 'n mensehart te verstaan, deur te dring tot die diepste kern daarvan en al die begeertes, stemminge en lewensaanvoeling uit te beeld. Deur ligte aanwaaaisels van allerlei herinneringe laat hy ons heel die verlede van sy figure begryp, terwyl ook die inwerking van hul omgewing plasties voorgestel word. Selfs waar hy romantiese gegewens kies, soos in die oorlogsverhale is dit tog altyd meer die mense, as hul awontuurlike ondervindings, wat Maré interesseer. Met hoeveel liefde verwyf hy nie in *Die Kommandeer van Japie Moolman* by allerlei besonderheidjies, die aanval van die waghond, die trappery op die kat, ens. Soms is sy tafreeltjies 'n byna dood-nugter kopie van die gewone lewe en tog ontroer dit omdat deur die beskrywing so iets warmmensliks huiwer. Daar is b.v. die inmekaar gekrimpte

¹) Uit: *Lett. Leesboek*, Bot-Kritzinger.

Toot op die putwal (p. 152)¹⁾ met sy brood en koffie; langs hom sy verkleumde seuntjie. Hoe suiwer en eg word die outjie se kindergedagtes weergegee! Dan weer Toot in sy huur-kamers, met 'n konsertiena op die knie, of besig om 'n kinderskoentjie heel te maak. Goed gesien is dit ook om Outa Booï na die oorlog op Japie Moolman se geroeste ploeg te laat afkom (p. 85). Deur sulke eenvoudige middels bereik die skrywer sy doel. Met tallose klein handelinge bou hy vir ons 'n lewende mosarek.

Op iedere pagina gee hy blyke van fyn waarneming. Hy het gesien hoe die wind met die ou ooms se baard speel, hoe die stoffies agter 'n galopperende ruiter uitslaan en wegkwyn, hoe die wagvure opflikker en fantastiese skaduwees rondans. Vir al die wisselinge in die natuur het hy 'n ope oog — vir die songetinte wolke, die wasige mis op die bergrande, die wondere van die sterrehemel. Ook weet hy hoe die steenbokkie „sy eerste bekkie vol soet gras onderuit 'n graspol” afknyp (p. 195), hoe die rysmiere uit hul gaatjies glip, hoe die muggies „in sirkels van tallose spikkeltjies wals en sigsag . . . oor waterpoele” (p. 102). Telkens weef hy mooi stemmingsstukkies inmekaar, gee hy met 'n paar trekke die atmosfeer so duidelik aan, dat dit die werklikheidsillusie versterk.

Altyd geluk dit hom natuurlik nie. Hy is te veel geneig om iedere keer weer te praat van *gordyn*, *disk*, *karmosyn*, *silhoeëtteer*, ens. Op p. 42 las hy op storende wyse 'n kwasi-astronomiese opmerking in: „Die klein fonkelende sterretjies is ligte van die eindelose Planete-wêreld. . .” ens. Grotendeels misluk is ook die tekening van Annie Bester voor die ou harmonium: „In die voorhuiskamer, voor 'n oopgetrekte venster-raam. . .” ens (p. 37-38). Uit allerlei klein besonderhede blyk dat Maré die toneeltjie alleen as toeskouer beskryf.²⁾

In *Die Nuwejaarsfees* word die vrolikheid van 'n klomp olifantjagters met forse trekke geteken. Die kaskenades van Oom Klaas, wat 'n ankertjie egte brandewyn op slinkse wyse bespring, is goed beskryf. *Annie Bester*,

1) Alle sitate volgens 2de druk.

2) Hy vergeet selfs die „groot hanglamp”, want op p. 40 word die huisgodsdienis by kerslig gehou.

Gapie Moolman, Freek en sy perd Bles behandel episodes uit die vryheidsoorlog. In *Wrange Vrugte* word 'n geëerde volksraadslid deur kindergebabbel en die afskieters van klappers op Krismisaand aan sy verraad in dieselfde oorlog herinner. Die skets gee blyk van 'n goeie psigologiese insig. Die afskeid van voortrekkers aan Dassieshoek in die ou Kolonie en die rit van Frans Malan om die laers vir Dingaan te waarsku, word in twee sketse beskryf. *Die Stem van die ou Kafferkraal-Murasies* is 'n poging om die mentaliteit van 'n Soeloesoldaat te teken, 'n poging, wat herhaal word in *Soeloe-Eer* uit die bundel *Ou Malkop*. *Moebie* vertel van die tobbery van 'n kaffermoeder oor haar seun, wat toevallig kry en *Joggem Helberg* is 'n jongkêrel, wat in 1863 deur leeuus verskeur word. Die eerste druk van *Die Nuwejaarsfees* het ook nog bevat 'n retoriese beskrywing van 'n storm, wat met reg by die tweede druk weggelaat is. Drie nuwe verhale, *Wrange Vrugte*, *Moebie* en *Joggem Helberg* het daarvoor in die plaas gekom, terwyl tallose taal- en stylverbetering gemaak is.

Onvoldoende taalkennis gee Maré se werk 'n lelike knou. Hy maak foute, wat skooljongens kan verbeter. Sy interpunksie is swak, sy spelling treurig. Hy skryf b.v. *lysels*, *geoeffende*, *vors* (fors), *vergaarderde*, *gesannikie*, ens. Die dubbele negatief ontbreek dikwels en anglisismes is volop o. a. „die hele van die ander dag (p. 42); een onheil, wat moet plaas neem (p. 56); 'n menende knik (p. 60); afwerk (p. 92); twee meer veldstoele (p. 105); (ek) lei die weg soheentoe (p. 138); opgelig (p. 141); hy gee 'n ander gapie (p. 148); gesette kake (p. 193); as die vlamme... opflaar (p. 201); haar bors... hewe op en af (p. 225); (hy) rys hom uit sy sitplek (p. 61); toe het bloedvergiftiging in die been gesit” (p. 217) ens. ens. Woordskikking en verbuiging van byvoeglike naamwoorde is dikwels gebrekkig, b.v. „En hy word gou agterna gevolg, na die plek van bestemming, *goed of sleg*, deur sy troue manskappe (p. 78); deftige geklede dames (p. 157); 'n spoelende en bruisend, kristal stroom water (p. 102).

Die opdrag om 'n kort skets te skryf, waarin die woorde *alleenliks* en *nouliks* nog nie mag voorkom nie

sou seker vir Maré die swaarste straf wees. Tot vervelens toe prop hy dié woorde in alle hoekies en gaatjies, en naderhand weet hy absoluut nie meer, wat hul eintlik beteken nie! In *Ou Malkop* kom selfs voor *uiteindeliks* (p. 145), *oogverblindeliks*! (p. 148), *natuurliks* (p. 195), en die volgende: „Guillaumet kan geen woord uitkry van verbasenheid (!) nie en blik die gouverneur *alleenliks net* meer in verwondering aan” (p. 198).

Foutiewe meervoudige vorms soos die volgende kom voor: lofliede (p. 178), sugge (p. 95), streeltjies (p. 94), wandels (p. 131), getjilpe, gefluite, gebruse (p. 43, 45, 52) ens. Die werkwoord word verkeerd gebruik in: „Die son kom agter die koppie uit en *skitter* strale van goud oor... (p. 101); 'n venster raam, waardeur 'n groot hanglamp sy breë wit lig... na buite... *stroom* (p. 37); tante *sweef* haar arms so voor haar uit..... (p. 35). Maar hy *gewaarword* nie 'n meisie nie (p. 75); Townaars alleen *woon* so 'n kluisenaarslewe (p. 131); deur sy fluksheid het hy gou *bevorder* tot kommandant... (p. 209); Uit die gewoel... *hef* 'n nat voorhoof omhoog (p. 211); agtervolg (p. 60); die doudruppels... blink en skitter en *rol* boomstamme orals *af*” (p. 54).

Lomp, of heeltemal onverstaanbaar is o. a. die volgende: „Haar gemoed skiet haar diep (p. 60); Die grasdak... skep nuwe herinneringe... te voorskyn (p. 98); met 'n gefynde oor (p. 79); Ek worstel om van 'n betowerende wilskrag los te kom (p. 123); 'n stulpende onderaardse skok (p. 141); 'n Vaal hond... vlieg... uit sy skuilplek, haal-haal oor die gedraai of die ruiter hou-hou met sy karwats agtertoe... (p. 61); die vroultjie... word veronderstel deur haar rokende man langs aan (p. 152); die agent is toegehuil in die geheime; deur al sy omgewings van grootheid en deftigheid, word geen ondersoek ingestel nie... (p. 155); nog 'n terugdeinsende tree vorentoe” (p. 228).

Die volgende rariteite gebruik Maré ook: geheelal (p. 42); die *toeskou* van so 'n klomp waens... het 'n dagbreek-oujaarsmore net toepaslik gekleur (p. 14); gewigte rapport (p. 40); 'n staanbeeld uitgehou in graniet (p. 43); met opgestrekte lippe (p. 56); wyshoofdig (p. 70); diep bewoog (p. 72); Die jonge rapportganger... arriveer

terug (p. 114); opgedoste krygsmanne (p. 125); sissende-vurige dinamiet lonte¹⁾ (p. 141).

Hoe die skrywer soms sukkel, blyk uit die volgende. In die eerste druk kom voor: „'n toegerankte grennabella stoepie” (p. 43). Dit word in die tweede druk: „'n grenadella gerankte stoep”! (p. 44). Op p. 122 kry ons weer „'n toegerankte grenadella-veranda”.²⁾

Soms is daar iets telegramagtigs in die styl, meestal veroorsaak deur die veelvuldige gebruik van verlede deelwoorde. Wanneer Ter Blanche die voorhuiskamer beskou, lees ons: „'n Mooi aardige skulpaddoppie kom eindelijk onder oog, *opgestaan en oorgetree*, en dit word gou opgetel van die tafeltjie, waar 'n groen kleedjie netjies oorgetrek is, en waarop 'n groot lamp met 'n kleurige oorglas staan, en dit word noukeurig beskou en bewonder.” (p. 56.) Dit is 'n tiepiese voorbeeld van Maré se verwarde, inmeakaargedrukte sinne, slordig aanmekaar gekoppel. Sulke *en-en*-reekse is daar soos bossies. „En eindelijk sissend en stomend verlaat die lokomotief die treinstasie stadig, en onder 'n geweën en geskreeu van „hoéré!” en hoede in die lug opgegooi. En sy (!) trek voort, en nouliks . . . ens.” (p. 68). Dat die koppelwoord naderhand glad geen betekenis meer het nie, of heeltemal verkeerd gebruik word, blyk uit sinne soos die volgende: „Onderwyl hy besig is, kom die diensmeisie binne, en met 'n silwer teepot, en sinese koppies en pierings . . . (p. 151); Behalwe vir 'n paar opmerkinge nog oor die mooi onweer, wat diekant in die lug lê, en die seun gaan haastig vooruit . . .” (p. 65). Ook *hul-hul*-sinne kom voor. „Menige van die burgers . . . is . . . in *hul* distrik teruggekeer as versterking, maar hoewel in *hul* eie deel van *hul* land, was *hulle* geskei van *hul* famieliebetrekkinge, want *hul* plase was so kaal . . . en *hul* famielies was almal *ingevoer* deur die vyand na die kampe . . .” (p. 69). Daar is nog meer sulke herhalings, wat aantoon, dat Maré se klankgevoel soms erg gebrekkig is. „Bo op die kruin . . . bars die son deur . . . en *verlig* met uitgespreide trillende strale die *grastoppe* van die

¹⁾ So word die meeste saamgestelde woorde dwarsdeur sy werk geskryf.

²⁾ Vgl. hiermee: „'n wit seil bemaste Jonge Thomas”, *Ou Malkop*, p. 168.

bergtoppe, en verlig donkere spelonke op (!) (p. 195). Maar hy gewaarword (!) nie 'n meisie nie wat buitekant *kamp* drade diekant, op haar knieë neersak, haar hande tesame omhoog vou, vertrouend op na die troue heldere wagtertjies bo haar kyk (p. 75); Skerp flikker die staal mes voor aan die punt van sy geweer weer... (p. 76); 'n gekletter van *perdepote* van verwilderde *perde*" (p. 49). Maré is ook te lief vir langdradige omskrywings, wat soos 'n remskoen op sy verhaalgang werk. As ons lank al weet wie Annie is, dan hoor ons nog altyd van „Oom Andries Bester se dogter Annie" of „oom se dogter". (o. a. p. 37, 38).

Nog 'n paar staaltjies van die skrywer se gebrekkige uitdrukkingsvermoë: „Die tyd tree weer met haar sikkellike soos gewoonlik in, en die uur of so se vereniging hier word ook eindelik weer die verwyderde sny gegee¹⁾ (p. 73); Daar verlos hy hom gou van sy swaar dik winter jas (p. 147); baie hartseer luister die oubaas na die laaste koei vanaand op die plaas se melk... (p. 93); die generaal halt voor en klim uit sy saal, die manskappe uit hul saals, en nouliks is al die tooms versamel of 'n paar burgers kyk voor vasgehoude perde hul maats agter, wat so agter die leiers aan wegtree, met hul mousers (p. 72); Dan maak ou oom en sy troue oujong Jonathan stoele en rusbanke uit aardige houtsnij uit stinkhout... (p. 203); Die hele dorp spring in wakkerte" (p. 80).

Daar is ook voorbeelde van afgeslyte beeldspraak soos: „deurboorde harte (p. 74 en 100); eindelijk spreid die duisternis... soos 'n swart kleed wat neerval (p. 72); die bytende tand (p. 78); die hamer van Tyd" (p. 95). Komiek word dit wanneer ons hoor: „haar bors beweeteens op en neer soos die rustelose golwe van die see"!! (p. 60).

Maar ten spyte van sulke opvallende stylgebreke ontroer Maré se prosa ons tog, omdat, soos Jan Celliers tereg opmerk in sy voorwoord, hy „dinge so gesien en gesê het as nog geen ander skrywer in ons land nie". Sy krag lê nie in die tekening van groot-opgesette tonele

¹⁾ Vgl. ook p. 100: „iedere stamp en skok, wat die wa gee is 'n verwyderende skeur in droewige harte."

nie; dit is die vlugge vegies, waarmee hy op verrassende wyse 'n realiteits-illusie kan skep. In sy beste werk is daar 'n innigheid, wat die kleinste voorval beglans met 'n sagte en suiwer lig. Dan klink daar ook op in sy sinne 'n sterk persoonlike aksent, dan vind hy die juiste woorde om sy emosie te vertolk. Dit is 'n gebrek aan tegniese vaardigheid, wat sy werk hier en daar soos skooljongens-geskryf laat lyk.

Dié gebrek is in sy tweede bundel

On Malkop

só markant, dat mens nie anders dan van *taalgemors* kan praat nie. Voorbeelde daarvan staan op byna iedere pagina, en sitate word feitlik oorbodig. Heeltemal misluk is die beskrywing van die ontsporing van die Engelse trein (p. 41-42). „Hy kom aangestoom en aangedroom op sy masjienerij en hardloop los vooruit met alle krag en verdelgende mag . . . Die bodem van die aarde tril! Dis of die sterre in hul blou firmament gril met iedere naderende stamp en uit hul gewelf wil losbeef! . . . 'n Gehom-mmm! van raddewerk van masjienerij! — en meteens! 'n lang ry swart-kamers hol dol en ril duiselig oë verby! — 'n groot windvlaag skep alles op onder die kranksinnige gedruis! 'n Stulpende onderaardse skok!! 'n donderende donderslag!! en daar omrol 'n stuk swaar ysterwerk soos 'n kanon in die lug!” (p. 42). Dit is magtelose gestamel met viesie- en taalverknoeiing, wat in die historiese skets *Etienne Barbier* 'n toppunt bereik en soms geheel onverstaanbaar word. „Mnr. Guillaumet gryp sy musiek in die een hand fermer, laat sy krullende kop effens op sy skouer val en sy basstem rol uit sy breë bors:

Ons blink gespande snare!
Saam 't stem van sangster's hare;
Roep my hart van Cabo's kuste walm
Terug na Nederlandse strande kalm!

En daar volg handeklappies onder 'n toejuiging, *en* deur twenk! twenk! snare alweer *en* 'n basstem klink ernstig deur . . .” (p. 168).

Enkele staaltjies moet nog gegee word om aan te toon hoe Maré se taal en styl verwilder het: „Die skaduwees

dans en flonker hier en daar (p. 11); hy roep protestend deur 'n bol rook (p. 21); Uitgestrekte liggame van slapende burgers is gedompel en verswak in die diepte van die nag se boesem (p. 33); 'n opgeheefde sabel (p. 43); en nouliks of hy 's te voorskyn gekom om te ontwapend (p. 44); met verslaagde oë (p. 53); ek (het) my die vraag al gesit (p. 72); waar... hiënas eentonig in monotoon af en toe tjank (p. 81); ou Loftus... wat 'n groot moege glimlag vir hulle dra (p. 128); in 'n verre afwykte land (p. 133); Borste hewe op en af .. (p. 142); die jagveld (is) nog in die luim van die vroeë stilte gedompel (p. 154); Die meisie aan die sy van G. tree die ontvlugte man uit die kasteel te voorskyn (p. 181); Vir 'n oomblik is die voorgeneemde moordenaar... in al sy ruheid gestem (p. 190); En die aand laat, toe daar nog 'n tippie roesrooi in die verre geskiet langs die verheuwende bergkruine opskemer..." (p. 200).

Dit alles en veel wat nog erger is staan in die boek wat *mirabile dictu* in die jaar onses Heren 1919 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns bekroon is met die Hertzogprys!

Hier en daar is natuurlik nog enkele gelukkige trekke, wat ons aan die skrywer van *Die Putgrawer* herinner. Veral in *Fekkie*, die verhaal van 'n blomverkoopstertjie en *O so 'n harde Hart*, waarin die besoekers van 'n kantien geteken word, is daar goeie gedeeltes. *Die Liefeling van die Korps* gee 'n skildering van die kommando-lewe; 'n *Wonderlike Ongeluk* en *Die ou Poskoets* voer ons terug na die ou dae. In 'n brief aan *Die Burger* praat Maré van „die onuitputlike bron van die lewes van ons gewesene Afrikaners” en dit blyk dat veral „die stoere ou olifants-jagters van 1861 se dae” hom aantrek. „In die algemeen is die rigting van my strewe om al die goudgeel sonstraaltjies van die verlede van ons voorgeslagte te herroep en te trag om dit vars te laat bly in die geheues van ons jong geslag.”¹⁾

In die skets *Ou Malkop* word moralisasies van die skrywer tussen die gepeins van die kaffer ingevleg en op p. 150 is daar 'n uitweiding oor „die ou dae”. In

¹⁾ Brief van 17 Jan. 1922.

Eensame Prospektors is die dialoog onnatuurlik.¹⁾ Ook in sy portret-tipiek is Maré nie gelukkig nie. As ons lees op p. 82, dat Van der Walt 'n „dik gedraaide swart buffel-horing snor” het, en as hy lag „geluide maak soos wat kom van wegdrentelende makoue” (p. 92), dan ontstaan daar al twyfel; wanneer ons enige pagina's verder hoor, dat Hoard „'n stywe snor oor die bo-lip soos gevoude swawelvlerkies” het (p. 100), dan versterk dit die suspesie, dat die opsetlik bedagte kenmerke meer van 'n lomp toneelspeler afgekyk is, dan na die lewe geteken.

Sal Maré na 'n paar jaar ernstige studie alle tegniese moeilikhede oorwin, en ons 'n kunswerk van rype voldragenheid aanbied? Dan vergeet ons sy jeugdige *malkop*-onderneming, ten spyte van die onsterflikheidsstempel van die Akademie.

§ 14. D. P. du Toit.

D. P. du Toit is 'n afstammeling van die Du Toits van Daljosafat, waar hy groot geword 't. Sy moeder was 'n suster van Ds. S. J. du Toit. Omdat sy gesondheid toe nie teen plaaswerk bestand was nie, het hy van 1891 af onder Ds. S. J. du Toit gewerk op die redaksie van *Di Patriot* en ander blaaië. In 1896 was hy sekretaris van die eerste Afrikaanse Taalkongres in die Pêrel en *Ons Kleintji* het hy feitlik geredigeer onder toesig van Ds. S. J. du Toit. Later was hy aan verskillende krante verbind, by *Het Westen* o.a. as redakteur. Sedert die oprigting van *Die Burger* is hy een van die subredakteure van die blad.

Een van sy toneelstukke, *Die Bedriegers* is in 1893 geskryf. Wanneer Melt Brink se toneelwerk buiten beskouing bly, dan is dit die eerste Afrikaanse stuk wat gedruk en opgevoer is.²⁾ Op Somerset-Oos is dit vir die eerste maal gespeel. Van Du Toit het verder verskyn die toneelstukke *Geldsug of Jaloesie* en *Die Herwonne Koninkryk*; 'n roman, *Sy Pa se Skuld* (1918) en 'n bundel grappige versies *Treinnonsens* (1922).

¹⁾ Vgl. b.v. p. 74.

²⁾ Meedeling van die outeur.

Sy Pa se Skuld.

Lina trou teen haar vader se sin met Fred, 'n volbloed skurk, wat met die huwelik sy finansiële ondergang wil voorkom. Sy word onterf en Fred moet vlug na 'n hele reeks misdade. Sy seun, Gert boet vir die misdade van sy vader en word in sy liefde gedwarsboom. Op die ou end kom alles tog reg en selfs die berouvolle Fred word in sy eer herstel.

Du Toit doen wel 'n poging om deur te dring tot die innerlike lewe van sy karakters, maar vir die uitbeelding van 'n geweldige psigologiese kriesis is hy te huiwerig. „Dis te heilig, ons mag nie probeer om dit na te speur nie” (p. 99); „Die afskeid sal ons egter nie trag te beskrywe nie, eenvoudig omdat dit nie kan beskrywe word nie”¹⁾ (p. 113). Op dieselfde manier glip hy oor die smart wat Gert en Lorrie uitstaan as gevolg van die vervalste briewe. Dit is nie 'n deurleefde verhaal nie, waarin die roersele van 'n mensehart blootgelê word. Du Toit beskou sy persone meestal op 'n afstand as belangstellende toeskouer. „Terwyl hy daar agter die randjie ry, raak hy ons ook uit die gesig” (p. 106). Die handeling word nie direk in plastiese vorm gegiet nie, sodat iedere leser onmiddellik sien en hoor wat daar gebeur. Die skrywer self is telkens aan die woord en deur sy nugter opmerkings en prekerige uitweidings kom die gebeurde tot ons langs 'n groot ompad, sodat dit nie tot werklikheid kan vergroei nie. „Nou dis nie nodig om die twee nes hul skaduwee te agtervolg nie” (p. 48). „Die betrokke persone het ons heeltemal uit die oog geraak” (p. 144). Daar is meer sulke aanduidings van gebrekkige tegniek.²⁾ Die preek oor die teks „Ik stond op het zand der zee” is 'n nuttelose uitweiding en die lang beskrywing van die viskopery net so. Die skrywer vertel ons self ewe naïef, dat Gert en Lorrie

¹⁾ Vgl. ook nog o.a. p. 29.

²⁾ O. a. p. 194 „Daar dit nie goeie maniere is om af te luister wat sulke twee jonge mense . . . praat nie, word die gesprek hier nie meegedeel nie.”

„ook maar bloed weinig van die hele toneel gesien het”! (p. 151).

Besonder omslagtig is Du Toit se verhaaltrant dikwels. ’n Enkele keer besef hy dit self: „Dog ons sal nie op haar hande staan en kyk om te sien hoe sy werk nie.” ens. (p. 51.) Hy vermoei deur ’n langdradige opsomming van allerlei onbelangrike besonderheidjies (vgl. b.v. p. 212); terwyl ook die gesprekke met reportagenoukeurigheid weergegee word.

Die styl verraaï die hand van die geoefende joernalis, wat met gemak sy sinne aanmekaar ryg, sonder juis te streef na skoonheid van klank. Maar selfs die haastige joernalis mag nie sulke sinne soos die volgende neerskryf nie: „Hy herinner hom nou goed, so duidelik as kan wees, dat, toe hy gistraand sy tabaksak uit die sak wou haal sy sakdoek bo-op die tabaksak in sy sak was, dat hy toe die sakdoek eers uitgehaal het en toe die tabaksak en toe weer die sakdoek in sy sak gesteeek het, en na hy sy pyp gestop het, het hy die tabaksak somar so onverskillig bo-op die sakdoek in sy sak gesteeek.” (p. 104.)¹⁾ Maar sulke sinne is gelukkig uitsondering en die styl is deurgaans helder en goed versorg. Om dié rede veral moet die roman, ofskoon dit geen aanspraak kan maak op hoë letterkundige verdienste nie een van die leesbaarste Afrikaanse romans genoem word. „’n Rousteen vir die binnemure” noem die skrywer sy werk met goeie selfkennis in die voorrede. Voorlopig kan ons sulke roustene nog goed gebruik, al bestaan daar gegronde rede om te vrees, dat dit mettert tyd sal verbrokkel.

As ’n voorbeeld van Du Toit se beeldspraak kan die volgende dien: „’n Vat kan maar ’n sekere hoeveelheid hou. Pomp jy daar meer in, dan loop dit oor. So is ook die menslike gemoed.” (p. 87.)

Engelse invloed blyk uit die volgende: „’n Man van professie (p. 178); dit help nie vir ons om oor gestorte melk te huil nie (p. 190); tot my dooddag toe (p. 207); ’n buig” (p. 160).

¹⁾ Vgl. ook p. 238. „Die twee is getroud...” ens.

§ 15. A. du Biel.

A. du Biel is die 27ste Oktober 1884 gebore op Geelhoutboom, distrik Mosselbaai. Gereelde onderwys het hy nooit gehad nie en in „die bittere publieke skool van die lewe” het hy al sy kennis opgedoen. Van sy twaalfde jaar af het hy baie gelees en van kleins af met sy vader lang reise gedoen. Maar reeds op vyftienjarige leeftyd moes hy sukkel om vir homself ’n bestaan te vind en ’n weinig later het die sorg vir sy ouers ook op hom geval.

Getrou het hy in 1914 onder baie moeilike omstandighede geskryf. ¹⁾ *Die Misdade van die Vaders* het in 1919 verskyn. ’n Nuwe roman, *Kain*, wat oor die periode 1870—80 handel is nou in die pers. Op die oomblik verskyn in afleweringe *Oor Berg en Vlakte of Onder die Vierkleur*, ’n verhaal vir die jeug, in die eerste nommer waarvan „pakkende awonture” in vooruitsig gestel word.

Die letterkunde beskou Du Biel as „die kragtigste wapen om ons volkie te ontwikkel”. Hy streef veral daarna om die leeslus van jong Suid-Afrika op te wek.

Getrou.

Dit is ’n Hugenate-roman, die gebeurtenisse waarvan in Frankryk, Holland en Suid-Afrika plaasvind. Die Europese atmosfeer is egter so swak aangedui, dat dit net so goed Pole of Tibet kon gewees ’t. Moet die praatjies oor Lodewyk XIV, die „prag en praal van Versailles” en ’n paar armsalige *ma chère’s* ons nou onder die indruk bring, dat ons in Frankryk verkeer? Met die innerlike kern van die tydperk kom ons nooit in aanraking nie, en die historiese vliesie is baie dun. Met ’n komieklike nařwiteit vertel Du Biel ons in beeldspraak, wat baie op die van Von Wielligh gelyk, hoe hy gesukkel het om „Vader Tyd se rytuig” te laat stil hou! (p. 142). „Dit neem dan ook heelwat inspanning van die verbeeldingskrag om die plek voor te stel soos dit twee eeue

¹⁾ Oorspronklik as vervolgstorie in *Die Huisgenoot* verskyn; in 1921 in *Die Burger-Leeskring* uitgegee.

gelede was, want die meedoënlose hand van vooruitgang spaar nie die oudhede nie" (p. 141). Dat die koms van die Hugenote was „die stigting van die Afrikaanse volk" (p. 127), is 'n onjuiste bewering. Verrassend is die meedeling, dat die sewentiende eeu veral die eeu was „waarin die hele wêreld sy eie sienswyse wou handhaaf ten spyte van Kristelike liefde, van reg — ja, ten spyte van die Almagtige" (p. 147). Ook die volgende slaan ons heeltetal dronk: „As ons die Amerikaanse volk beskou . . . dan vind ons oral 'n diep bewussyn van die majesteit van die Allerhoogste" (p. 127). Sulke bewerings toon duidelik dat die skrywer 'n primitiewe historiese insig het.

Van 'n realistiese uitbeelding is daar dan ook geen sprake nie. „So 'n man was ds. Pierre Simond, en ons kan aanneem dat voorgaande in hoofsaak sy lewensgeskiedenis was" (p. 146). Moet hy felle emosie beskryf, dan pas hy die welbekende *sluier-taktiek* toe! „Wel, leser, ons sal die twee vanaand nie verder volg nie. Daar is tye in die lewe van 'n mens wat te heilig is om aan vreemde oë te ontbloot" (p. 30).¹⁾ Gedurig dring die skrywer homself op die voorgrond. Hy lewer prekiës soos 'n teologiese student en gebruik selfs die dialoog vir sedekundige verhandelinge.²⁾ Die twee „ou seerobbe", wat op p. 160 begin te praat, het nog nooit soutwater geruik nie! Hoeveel sou die sewejarige Marie van Henri se storie (p. 15—20) verstaan het?

Die verhaal is van die *Johannes van Wyk*-soort — 'n aaneenstrengeling van awonture — soms erg onwaarskynlike. Daar is 'n toneelheld, wat wondere verrig, 'n skurk doodsteek en selfs Adriaan van der Stel laat sidder. Die skurk is „nie geheel sleg nie — geen mens is" (p. 99).³⁾ Tog kom daar van die psigologie nie veel tereg nie. Die ontstaan van liefde is vir Du Biel eenvoudig. „Daar is diepe agting in haar hart vir haar vriend — 'n agting wat besig is om in liefde te verander: *die cnigste weg* waarlangs 'n edele liefde kan ontstaan"!

¹⁾ Vgl. o.a. ook nog p. 210. „Ek laat dit aan die verbeeldingskrag van die leser oor. . . ."

²⁾ O. a. p. 184.

³⁾ Waarom is dit „die treurspel van mislukte lewens"?

(p. 53).¹⁾ Die ingewikkeldste psigologiese prosesse word ons in een sinnetjie meegedeel. „In een uur het hy van 'n jongeling tot 'n man geword” (p. 38). Ofskoon heeltemal slegte mense volgens Du Biel dus nie bestaan nie, skyn hy aan heeltemal goeies tog te geloof, want Van Bergen is stroperig braaf en daar is nog ander ook wat niks op hul kerfstok het nie. Potsierlik is veral die toneel met Juffr. Le Notre. (p. 54 vlg.)

Die Misdade van die Vaders.

Veel beter geslaag is *Die Misdade van die Vaders*. Hier is die skrywer op meer bekende terrein, want dit is 'n verhaal uit die Voortrekker-periode. Jan Alpenveld, 'n misdadiger besluit om aan die Kaap 'n fatsoenlike lewe te begin. Met sy hoflike maniere verower hy die hart van Annie Bester, 'n eenvoudige plaasmeisie, die aangenome kind van Petrus Liebenberg, wat verloof was aan sy seun Tjaart. As Oom Petrus beswaar maak teen die huwelik, vlug Annie met Jan Kaap toe. Annie is die dogter van „'n roekelose kêrel en 'n hopelose dronkaard” (p. 112de druk). „Die Heilige Skrif is vir (Liebenberg) 'n lewendige wet en hy trag om dit letterlik te volg”. Na Annie se vlug sny hy haar naam uit die famielie-register voor in die Bybel en lees daaruit die vervloeking plegtig voor: „Die de misdaad der vadersen besoek aan die kinderen, aan het derde, en aan het vierde lid dergenen, die Mij haten.” Jan Alpenveld raak na enige tyd in die hande van die gereg maar tussen sy seun, Nikolaas en Tjaart se dogter, Lenie ontstaan weer 'n liefdesbetrekking, wat deur dieselfde Bybelteks verydel word. Nikolaas trek alleen na die woeste Noorde, waar hy later op geheim-sinnige wyse groot dienste aan die Trekkers bewys. Hy ontmoet Lenie weer en val in 'n geveg met die Kaffers. Tjaart word deur sy vrou geleer, dat die grootste gebod die van die liefde is.

Twee motiewe uit *Gctrou* word nog 'n keer gebruik.

¹⁾ Ek kursiveer.

Soos Annette in haar eenvoud verlei word deur die genoegens van Parys en die mooi praatjies van La Fontaine, word ook Annie Bester bekoor deur die fynere lewe in Kaapstad en die vername houding van „Graaf Alpenveld”. Van Bergen bewys sy ou vrinde groot dienste sonder dat sy ware naam bekend word, Alpenveld net so. Die geheimsinnige „Verdwynende Boere-wag” is ’n knap verafrikaansing van die dolende middel-eeuse ridder. In plaas van gifbrakende monsters veg hy teen leus; die skone dame word nie uit ’n onder-aardse kerker van ’n betowerde kasteel gered nie, maar uit die hut van ’n Kafferkaptein.

Die Voortrekkers word verdedig teen lasterpraatjies; die vrymaking van die slawe, die kafferpolitiek van die Britse regering en die handelwyse van die Engelse sendelinge word bespreek. ’n Posing word gedoen om dit alles binne die kader van die verhaal te hou; die historiese uitweidings is kort. „Dit sou te lank duur om alles hier mee te deel en dit is ook geskiedenis.” (p. 124). Dat Du Biel ten spyte van sy goeie verhaal tog nie daarin slaag om ons in die volle werklikheid van die Voortrekkertydperk te plaas nie, is hoofsaaklik ’n gevolg van sy gebrekkige en verouderde tegniek. Hy hou gedurig ’n praatjie met die leser, gee beskouings oor die gedrag van die karakters, las sedekundige prekië in net waar hy kan. Die hoofverhaal loop oor drie geslagte, maar daarby moet ons o.a. ook nog kennis maak met al die bewoners van Uitkyk. Die gevolg is dat die meeste persone baie vaag geteken word. Selfs waar dit enigsins uitvoeriger gebeur, soos o.a. met Lenie, kry ons selde die indruk, dat ons met werklik lewende mense te doen het. Lenie word ons op p. 59 voorgestel as ’n digteres. Dit word verseker, dat haar vader die „kundigheid” (!) waardeur, ofskoon ons van die waardering nooit iets merk nie. Die geduldige leser word op p. 135 weer aan Lenie se digterskap herinner en ’n gediggie „wat sy in dié dae gemaak het” word meegedeel. „In die dae” is net voor die Groot Trek, maar op p. 141 word ons vertel — dis nou ’n goeie paar maande later — dat van dieselfde gedig, wat ons al klaar gelees het nog net „enkele reëls” geskryf is!

Deur sulke onhandige sette¹⁾ is dit, dat ons in plaas van die uitgebeelde persone altyd sien Meneer Du Biel aan sy skryftafel, verskans agter Theal, Cory en ander historiesie!

„In 'n oomblik sien hy alles in sy ware kleure. Hy aanskou sy eie siel in al sy naaktheid.....” (p. 144). Dit is van die soort blits-psigologie, wat so dikwels in *Getrou* voorkom.²⁾ Van wat in die siel van Nikolaas en Lenie omgaan na die indrukwekkende vervloeking deur Oom Tjaart hoor ons weinig. Du Biel bly te veel aan die buitekant. Nikolaas „lyk jare ouer: die gewone hoopvolle glimlag is van sy gelaat weg, en in plaas daarvan staat erns geskrywe” (p. 98). — „Arme Lenie! Sy is nou maar slegs die gees van wat sy vroeër was; en die treurige en hopelose blik op haar gesig is onvergeetlik” (p. 99). Later slaag Du Biel daar veel beter in om ons te laat voel die tragiese noodlot, waarteen Nikolaas tevergeefs stry. Die vloek wat op hom rus deur sy geboorte kan selfs deur sy dapperste dade nie weggeenem word nie. „Die misdade van sy vaders” maak 'n volkome rehabilitasie in die trekkerslaer onmoontlik, en dat hy sy lewe opoffer vir dieselfde mense, wat hom as 'n onwaardige uit hul gemeenskap stoot is 'n treffende kliemaks van 'n eg-menslike drama. Met sy dood is die drama uit, en die slothoofstuk verswak alleen die indruk.³⁾ Lenie behoort aan niemand anders as aan die gevalle held nie.

Deur die kreasie van Nikolaas Alpenveld word *Die Misdade van die Vaders* iets meer dan 'n gewone awonture-verhaaltjie. Die moralisasies, wat 'n groot gedeelte van die roman inneem is van dieselfde gehalte as in *Getrou*. Daar is geen sprake van mooiheid van segging of oorspronklikheid nie. „Hoe wonderbaar is ons lewe! Alles is veranderlik; niks bly vir een enkele uur geheel dieselfde nie.” (p. 124.) Van sulke afgesaagde bewerings krioel die boek. Of anders kry ons twyfelagtige stellings

¹⁾ Vgl. b.v. p. 41. „Albei sê baie wat nie juis vir ons van belang is nie”. Hoofstuk XIX staan op 'n verkeerde plek, en daarom moet die leser uitgenodig word „om 'n weinig terug te gaan”!

²⁾ Vgl. ook die plotselinge omkeer by Oom Tjaart, p. 234.

³⁾ Die sgn. *proloog* kan ook gerus weggelaat word.

soos die volgende: „Dit is een van die wonders van die skepping dat dit in die mag van die mens is om te word wat hy verkies” (p. 50).

„Die taal en styl openbaar 'n bekoorlike helderheid en eenvoud”, verklaar Prof. J. J. Smith in sy voorwoord. Helder en eenvoudig is dit seker, maar dit mis alle bekoorlikheid, omdat Du Biel geen eie stem het nie. Daar is niks persoonliks in sy styl, nêrens iets wat ons ontroer deur fynheid van segging of klank nie. Dikwels stuit ons op 'n eentonige „hul-lerigheid”. „*Hul* wou blomme pluk. Plotseling het *hul* 'n aantal Kaffers na *hul* sien aankom, en *hul* het begin hardloop. *Hul* het gou gesien dat *hul* nie sou voorbly nie, en het na 'n dik plek bosse weggedraai, waar *hul* gedink het dat *hul* miskien kon wegkruip. *Hul* het die bosse gehaal; maar *hul* was doodmoeg, en die Kaffers was kort agter *hul*. *Hul* moed was al byna op, toe *hul* by 'n erdvarkgat kom.” (p. 187.)

In die taal is daar 'n paar anglisismes, onder meer die volgende: „watter goeie doeleinde kan dit dien (p. 98); ontdoen” (p. 132, 228). In *Getrou*: „En die dogter, is sy *skoon*? (Hollandisme). — O ja, sy is gangbaar (p. 39); sy is in geen haas om terug te gaan nie (p. 92); vroulike vorms” (p. 48). Die gebruik van *beken* en *erken* (p. 65, 71), gelaster (p. 86)¹⁾ is verkeerd.

§ 16. Mevrouw M. Jansen-Pellissier.

Martha M. Pellissier is gebore op Bethulie. Haar grootvader was 'n Franse sendeling. Aan die Hugenote-Kollege het sy in 1909 die B. A. graad behaal, daarna onderwys gegee in Pieter-Maritzburg en in 1912 in die huwelik getree met Advokaat E. G. Jansen L. V. Vir jare al is sy een van die stuwende kragte van die Afrikaanse saak in Natal. Vir verskillende vereniginge het sy ge-ywer en onder haar leiding het die Saamwerk-Unie die eerste openbare eksamens in Afrikaans gehou. In verband met die eksamens het sy haar ook toegelê op taalstudie en met medewerking van C. M. Booysen

¹⁾ Ook *gespot* in *M. v. d. V.*, p. 201.

'n Afrikaanse grammatika geskryf. Haar *Brandwag-verhale* is in 1919 gebundel onder die titel *Die Veldblommietjie en andere Verhale*. Verder het sy nog geskryf *Afrikaner Harte*, 'n toneelstuk.

Die meeste verhale in *Die Veldblommietjie* het 'n duidelike strekking. Dit is veral pedagogiese en seksuele vraagstukke, wat behandel word. „Die skryfster toon ons die sedebederf aan wat saam met 'n bioskoopbeskawing tot ons oorgewaaie het” sê Dr. W. M. R. Malherbe in sy voorwoord. Daar is eintlik drie „veldblommietjies”. Een volbring haar kinderplig ten spyte van die ontevredenheid van haar verloofde, die ander twee word verlei deur die skynskoon van die wêreld. *Waarom die Agteruitgang?* is geskryf „uit oortuiging dat die agteruitgang van ons mense op godsdienstig gebied groterdeels toe te skrywe is aan die feit dat Afrikaans nie van die kansel gebruik word nie...” (p. 47).

Die skryfster gaan só te werk: verskillende episodes uit die lewe word op so 'n manier samegevoeg, dat dit as afskrikwekkende voorbeeld of direkte les kan geld. Om haar moraal beter te laat inslaan, verskerp sy die situasie gewoonlik en eindig met 'n melodramatiese slot, wat soms nogal onwaarskynlik is, soos b.v. die moord op p. 169. Om meer nadruk te lê op die didaktiese doel word die lesers direk toegesprek ¹⁾ en beskouings oor die gedrag van die karakters ingevleg. ²⁾

As gevolg van dié werkwyse het *Die Veldblommietjie* 'n bydrae op nasionaal-sedekundige gebied geword, wat 'n ernstige waarskuwing bevat, en sal meewerk tot opbouing van 'n gesonde Afrikaanse kultuur. Uit 'n letterkundige oogpunt moet egter die bewuste vooropstelling van 'n tendens afgekeur word. Die vernaamste fout is „that the moral suggests the tale far more frequently than the tale suggests the moral” ³⁾. „Zoodra je de bijgedachte hebt: ik wil 't leven zóó laten zien, dat de menschen onder den invloed van mijn werk op ideeën komen, die ze anders niet zouden hebben, moet je het

¹⁾ O.a. p. 61.

²⁾ O.a. p. 183.

³⁾ *The English Novel*: Walter Raleigh ⁵, p. 268.

leven een beetje verwringen, datgene er uitkiezen, waardoor die ideeën worden opgewekt, en zodoende een eenigszins valsch beeld geven van het leven.”¹⁾ Dit is ’n gevaar waaraan die skryfster in haar ywer om ons oor te haal tot haar opvattinge nie ontsnap nie, maar dit geld meer die bou en opset van die verhale, want in die uitwerking van details word ons dikwels getref deur raak tekening van die lewe op plaas en dorp. Natuurlik kan tendensieuse werk ook goeie kuns wees. Volgens Frederik van Eeden is die verskil tussen goeie en verkeerde tendens-literatuur dit: „dat de kunstenaar, die een zuiver kunstwerk maakt, daarbij wordt bewogen door de schoonheid van zijn idealen, ook al zijn dit ethische idealen. De mensch, die onzuiver werk maakt, denkt om den invloed, dien hij op anderen zal hebben, tracht zijn lezers over te halen tot zijn overtuiging. Dit nu kan een echt kunstenaar als zoodanig niets schelen. Die let alleen op de schoonheid van hetgeen hij voor zich ziet. Let u op een van de hoofdwerken van Shelley, dan voelt u, dat hij in grenzelooze bewondering is voor hoog-menschelijke eigenschappen. Maar u merkt niet in hem de kleinste poging om iemand te bekeeren tot zijn opvattingen. Als die bekeering komt, dan moet ze komen door de schoonheid van wat hij te aanschouwen geeft.”²⁾

Bedenklik lyk my die houding, wat Professor Jan F. E. Celliers in sy voorwoord by die sketse *Uit die Lewe* van Gawie J. Otto aanneem teenoor strekkings-literatuur. „Die meeste sketse laat hy heeltemal vir hulselwe spreek. Dog as egte Afrikaner, wat voel vir sy volk, sien hy met besorgdheid hoe gebruike en sede onder ons verander, en nie altyd in voordelige sin nie. Daarom verwyf hy graag met liefde by herinneringe uit die verlede... en kan hy nie nalaat nie om nou en dan voor die ligbeeld te tree wat hy op die doek gooi en ’n paar ernstige woordjies met ons te praat... So ’n opbouende strekking vra nie in die eerste plaas of hierdie of daardie opvatting van kuns daarmee tevrede is nie; en dit was maar altyd en oral die kenmerk van

¹⁾ Willem Kloos in *De Mannen van '80 aan het Woord*³: D'Oliveira, p. 46.

²⁾ t. a. p., p. 76.

die letterkunde van 'n jong volk, wat vir sy opbou waarskuwing en lering nodig het. Van die ouere skrywers is daar menigene wat ook, so tussenin, gemoedelik met ons kan gesels." Die sedeprekery in ons letterkunde kan op dié wyse nie geregverdig word nie. Aan 'n letterkunde wat in die begin van die twintigste eeu pas ontluik, moet tog ander eise gestel word, dan aan die van volke wat al vyf of ses eeue bestaan. Is daar dan miskien sedert die tyd van Maerlant b.v. geen vooruitgang in kunsbegrip gewees nie? Moet ons literatuur dan opgebou word op hopeloos verouderde beginsels? Die Europese volke van vandag het seker nog net soveel „waarskuwing en lering" nodig as in die tyd van Maerlant, en tog is daar geen enkele kunstenaar, wat nou nog b.v. natuurlike historie op rym gee nie. As ons skrywers voortgaan met die „gemoedelike geselsery" en sedeprekery, dan kry ons 'n versameling van traktaatjies en geen letterkunde nie. Wanneer iemand sketse *uit die lewe* skryf, dan moet dit só lewend wees, dat die skrywer nie nog met 'n stokkie by sy beeld hoef te staan en preek nie. Teken hy die egte Boere-seuns, dan sal ons vanself weet, dat hy nie die „bioskoop-aanbidders, sigaretteverslinders, ens" bedoel nie. (p. 16.)

„Al wat werkelyk schoon is geeft een zekere veredeling en heeft daardoor ook overeenkomst met godsdienstige dingen. Als iemand die goed begrijpt en als iemand een stuk kunst goed begrijpt, dan wordt hij daardoor tot nadenken gebracht en dan wordt hij er ook beter door. Het zal ethisch werken, zooals ook de muziek ethisch werkt..."¹⁾ Op dié wyse werk die kuns mee tot die opheffing van 'n nasie. Die dae van Vader Cats is verby. Ons het tot die oortuiging gekom, dat „juist het aller-subliemste in den mensch, het edelste, door iemand die er didaktisch naar zou streven niet kan worden bereikt... Zoodra je didaktisch te werk gaat, moet je de menschen al redeneerend er toe brengen goed te zijn. Maar wanneer je de menschen kunt ontroeren door schoonheid, dan worden zij vanzelf goed." ²⁾

¹⁾ Lodewijk van Deyssel, t. a. p., p. 32.

²⁾ Herman Robbers in *De Jongere Generatie*: D'Oliveira, p. 120.

Enkele verhale in *Die Veldblommetjie* is sonder strekking. *Ons Heldinne* beskryf die tyding van vluggende vroue gedurende die Anglo-Boere-oorlog; *Andries* is 'n grapperige vertelling van die makmaak van 'n kwaai vrou en *Die Storie van 'n Lam* 'n goeie kinderverhaal.

Die skryfster het 'n aangename verteltoon, wat alleen in *Liefdeswee* spore van retoriek vertoon. Hier hoor ons o. a. van *hartsnare* (p. 177) en dat „die tand van twee lange jare byt” (p. 183). Ook die beeldspraak word troebel: „In sy donkere kykers, skuil daar nou weemoedige skaduwees wat die weerkaatsing is van die soet-suur liefdesbrand in die hart” (p. 174). Die styl is egter deurgaans helder en natuurlik. In *Liefdeswee* is daar 'n paar mooi brokkies natuurbeskrywing. Enkele anglisismes kom voor, o. a.: „Perderuiters . . . dring hul 'n weg deur die skaar (p. 24); ek gaan vir 'n wandeling (p. 42); Tante . . . haas na die kombuis (p. 88); klok-gesig (p. 111); die kinders neem daar 'n pret in” (p. 142).

Foutief is: „eikeboom, wie se spreierende takke (p. 154, 171) en *gesuiwer* (p. 115). Die dubbele negatief ontbreek ook soms.

§ 17. J. H. Malan.

J. H. Malan is in 1874 op Groenberg, Wellington gebore. Sy eerste onderwys het hy van C. P. Hoogenhout ontvang. Van 1894—1897 was hy onderwyser in die Vrystaat. Daarna het hy verder gestudeer en tydens die Anglo-Boere-oorlog Hollands gedoseer aan die Hoëre Skool op Seepunt. In 1904 begin hy sy joernalistieke loopbaan by die *Re-Echo*. Vervolgens het hy gewerk by *Het Zuid-Westen* en *Het Westen*. In Potchefstroom was hy ook redakteur van die tydskrif *Werda*, wat vir ongeveer 'n jaar bestaan het. Op die oomblik is hy op die redaksie van *Die Volksblad* in Bloemfontein.

Na die drie-jarige oorlog het Malan sy historiese ondersoekings in die argiewe begin en 'n versameling van Africana aangeleg. *Boer en Barbaar* het in 1913 verskyn, ¹⁾

¹⁾ 2de druk 1918.

'n toneelstuk *Na Olikheid kom Vrolikheid* in 1917, en *Die Swerweling* in 1921.

Tydens die veldtog van Dr. W. J. Viljoen ten gunste van die Vereenvoudigde Spelling het Malan in *Ons Land* vir Afrikaans gepleit onder verskeie pseudonieme, soos *Cabo*, *Bonhomie*, ens. Op joernalistieke gebied is hy as *Oom Fanie* bekend. Hy het o. a. deur die halfkroon-fonds £ 4000 vir Generaal De Wet se boete ingesamel. Vir sy aandeel in *Die Dolosgooier* van Joubert Reitz word na die bespreking van dié boek verwys.

Die Swerweling.

Die Swerweling is „'n verhaal uit die tyd van die Franse Hugenote in Drakenstein”. Lambert Lourier, wat in Frankryk baie Hugenote oor die grense gebring het, word in Suid-Afrika „'n onverbeterlike makdroster, swerweling en niksdoener” (p. 165). Hy is 'n sieltjie sonder sorg, wat „geen staanplek in hierdie wêreld (wou) hê nie.” (p. 40.) „Ek is wat ek nog mag word. Ek glo aan geen instelling van die mens nie” (p. 47). Sy ver naamste besigheid is dan ook rondkuier, jag en ipocras drink by die landdros, Samuel de Meurs, wat ook vroeër Hugenote gehelp 't om te ontvlug. Van dié vlugtelingte woon daar ook in Drakenstein, en in die smidswinkel ontdek Danie Hugo, dat Lambert die melkjong van die Orleanse klooster, en De Meurs die brandwag was, wat hom so fluks gehelp 't om met die meisies Anne en Jeannette te ontsnap. Anne het die vrou geword van Pierre Rousseau, maar Jeannette, Hugo se verloofde het aan die ontberings op die vlug beswyk. Lambert toon 'n neiging om sy swerwersbestaan op te gee as hy verliefd raak op Anna, die dogter van Rousseau. Maar hy verspeel sy kanse, omdat sy Kaapstadse „pepermintjie” Isabella so vrypostig met hom omgaan. Nadat Danie vir Anna uit die see gered 't, kry sy die ou-jonkman lief, terwyl Lourier troos soek by Isabella. Op voorspraak van sy vrinde, benoem die Goewerneur, Louis van Assenburgh, Lourier tot onder-stuurman op die retoervloot en op die Amsterdamse skeepstimmerwerf vergeet hy al sy swerwersideale en word 'n rustige werksman.

Die Swerweling is 'n historiese roman, die hoofdoel waarvan die aanbrenging van geskiedkundige kennis is. Daar is tallose historiese uitweidings o. a. oor die vervolging van die Hugenote in Frankryk, die politiek van die Oos-Indiese Kompanjie, ens. Uit allerlei besonderhede blyk ten duidelikste dat hier 'n historikus, wat jare lank met groot toewyding in argiewe sy gegewens bymekaar gesnuffel het aan die woord is. „Dit is 'n jammerte dat geen enkele brief uit die tyd bewaard gebly is nie in sover dit die Kaapse Hugenote aangaan” (p. 17). Soms deel hy sy kennis op betogende wyse mee, soos in hoofstuk V, of anders laat hy iemand 'n opsetlike vraag stel. Anne wil weet, wat vir mense die Dragonders is (p. 20); Anna vra: „Maar wat is nou eindelik (eintlik?) die galeie? (p. 22); De Smit: „Maar Aploon, wat is nou eintlik die Buddhisme? (p. 59); en op p. 105 vra Anna weer: „Maar wat doen die Hugenote en die misdadigers dan nou eintlik op die galei?” En so is daar meer voorbeelde, wat ons telkens laat voel, dat ons hier met geen *mense* te doen het nie, maar alleen met 'n skrywer, wat onder allerlei vermomming sy byeengegaarde kennis aan die man wil bring.

„Koopmans heeft voor eenige jaren in *De Beweging* (III jg.) den historischen roman vergeleken bij die eigenaardige soort van publieke vermakelijkheden, die zich toen nog wel als aanhangsel van tentoonstellingen, onder den naam van Oud-Antwerpen, Oud-Dordt, Oud-Holland en wat niet al voordeden. Een oudheidkundige en een architect zetten zich aan het werk; oude prenten worden geraadpleegd, en oude kaartboeken en werken over meubel- en kostuumkunde opgeslagen en daar verrijst na wat passen en meten, wat „woekeren met de ruimte” een marktpleintje met een straatje en een grachtje, overschaduwde door vierjarige iepen, alles opgebouwd uit pleister, paklinnen, riet en bordpapier. Een vroegere keukenmeid komt er u misschien als oud-Hollandsche kellnerin een potje peuzelaar uit Heineken's brouwerij brengen. Ge krijgt een oogenblik een gezellige illusie, maar dat is het frissche, rijke leven niet. Gij houdt ten slotte het besef, dat alles maar komedie en aanstellerij is, midden in de moderne maatschappij. Achter gindsche

schutting, die het raadhuis voorstelt, snort de electrische tram voorbij." ¹⁾

Die vergelyking pas op *Die Swerweling*, want ten spyte van die argaïstiese tintjie in die styl, ten spyte van al die moeite wat die skrywer gedoen het om histories juis te wees in die skildering van die omstandighede, gewoontes, huisraad en klere van die Kaapse Hugenate voel ons direk, dat dit 'n bordpapiere wêreldjie is, wat ons die moderne werklikheid nie laat vergeet nie. Die indruk word nog versterk deur die gebruik van sulke outydse foefies soos die volgende: „Ons mag 'n gedeelte van die gesprek by die voordeur afluister, solang die slaaf in die kombuis aan slaap is..." (p. 92); As 'n mens 'n dag na die gebeurde in die vorige hoofstuk vermeld, en dit kort na sonsondergang, saggies by die opestaande gang binnestap en by die deur links in die kamer kyk, sou 'n mens 'n meisie van omtrent 19 jaar oud voor 'n groot spieël het sien staan." (p. 144.) So teken die moderne kunstenaar nie. Die laat ons geen gesprekke by die voordeur afluister nie, maar plaas ons in die volle realiteit, omdat hy met sy eie persoonlikheid die lewe van sy uitgebeelde persone deurleef het. „Il faut que la réalité extérieure entre en vous; à nous en faire crier, pour la bien reproduire", sê Flaubert.

Mens is halfpad deur die boek voor jy weet wie Anna en Anne is en die ongelukkige gelykluidendheid van die name gee aanleiding tot kindergestamel. „Anna mag wel verliefd op Lourier wees of word, maar dit sal ten minste nie met die toestemming van Anne wees nie, as Anne weet dat hy van Anna meer as van 'n vriendin hou." (p. 83.) Anna openbaar in haar liefde so 'n netjies-redenerende nugterheid, dat ons twyfel aan die egtheid van haar gevoel. Dit geluk haar uitstekend om haar vader se raad op te volg. Sy moet „met Lourier se innerlike karaktertrekke soveel moontlik in aanraking... kom... met intoming van gevoelens, sodat daar 'n terugtrekking kan wees" (p. 127). As Lambert by haar aandrang op 'n beslissing, dan antwoord sy ewe verstandig: „Dit is ingewikkeld vir 'n meisie van my jare en onbedrewenheid om alles

¹⁾ Prinsen: *De Oude en de Nieuwe Hist. Roman*, p. 71.

so haarfyn oor my verlange en my wense uit te pluus en te beslis." (p. 133.) Tog het sy hom werklik lief, maar na die onthullings in die bootjie volg daar so 'n plotselinge ommekeer in haar gevoelens, dat dit baie op geestelike akrobatiek gelyk. Vóór die bootongeluk het sy vir Hugo „nie die minste ontferming of vriendelike nagedagte nie" (p. 168), maar kort daarna „huil (sy) bitter en lang in haar pynlike verlange na hom" (p. 175). Sy is ongetwyfeld 'n „fatsoenlike dame", wat heel verstandig handel en weinig las het van 'n impulsiewe Franse temperament, maar in so 'n koel-berekende „liefde", waarby finansiële oorwegings 'n groot rol speel ¹⁾ is niks wat ons deur skoonheid ontroer nie.

Dat Lourier „die onverbeterlike swerweling en niksdoener" so 'n rustige ambagsman in Amsterdam word, waar hy „'n verantwoordelike en winsgewende pos" beklee (p. 198) is ook in stryd met die gewone menslike geaardheid.

Hugo, „die verstandige, kalme figuur aan die Berg-rivier" (p. 125) bly ook meestal doodbedaad. Hy vind dit heeltemal billik, dat Anna „die man se innerlike (moet) leer ken, wat verlang dat hy haar lewensgesel sal wees" (p. 84). En as dit blyk dat sy verwagtings op 'n sandbank gebou is, bring Pascal hom tot die heldhaftige besluit: „Hy sal losbly van homself(?), om nie te verlang nie, dat sy vir hom liewer as vir 'n ander sal hê en dit net omdat hy vir haar lief het" (p. 116). Van lange duur is die filosofiese wysheid egter nie, want hy gaan slaap „met die gedagte wat streef om die holligheid in die huis en haard tog eenmaal op te vul met die geluk waarna hy in sy troostelose allenigheid smag" (p. 117). Dit kom my voor dat die neiging van die outeur om in die persoon van Hugo die Hugenote te idealiseer hom hier parte speel. „Hy (behoor) ook groot genoeg te wees om vir hom (aan 'n teleurstelling) te onderwerp, soos hy met sy geloofsgenote gewoon was om te doen" (p. 116). Maar van die grootheid merk ons nie veel nie, want as hy gaan slaap, verlang hy al weer na Anna, doen

¹⁾ Vgl. p. 127.

hy dus presies, wat hy hom voorgeneem 't om nie te doen nie!

Die slempartye van Lourier en De Meurs is miskien die besgeslaagde toneeltjies in die boek. De Meurs met sy toegeknipte oog en knorrende brak. Lambert in sy astrante vrindskaplikheid is goed geteken, terwyl die dialoog meestal fris en lewendig is. Hoe styf en onnatuurlik word dit egter op ander plekke! „Ja, as dit (die liefde) die diepte van die ware moederliefde het en 'n vermeende liefde nie 'n bandelose drif is nie wat te dikwels en helaas, al te gou tot 'n ontnugtering van die werklikheid (?) kom.” Sulke en nog swaarwigtiger betoë lewer Jacob de Smit op p. 137. Hy praat van „'n nimmereindigende lewenswroeging”, terwyl ook Isabella so deftig soos 'n dominee redeneer: „Jy sien daar so beteuterd en ontredderd na liggaam en siel uit, asof jou sterwensuur naby is.” De Smit vertel Lourier dat sy ouershuis „nou 'n droom, 'n ysingwekkende, nimmereindigende herinnering (is). Terwille van (sy moeder) het (hy) nog teen die verdrietelikhede van die lewe manhaftig en hygend geworstel...” (p. 46). De Smit met sy triestige beskouings moet dien as teëhanger van Lambert Lourier met sy lugtige swerwersnatuur. Maar die hele selfmoordepisode behoort tot die swakste gedeeltes van die boek. Malan verstaan nie die kuns om deur intuïtiewe deurdringende details sy persone te laat leef nie en De Smit bly vir ons 'n skim. Sy teatrale lamentsies mis alle egtheid en die tekening van sy geval is so alledaags, dat dit by ons geen dieper gevoel opwek nie dan soortgelyke berigte, wat ons af en toe terloops in 'n krant raaksien.

Die onverstaanbare praatjies van Aploon oor Boeddhisme lyk baie na onhandige vertalings uit 'n handboek oor Oosterse wysbegeerte. Onder ander sê hy: „Die mens het geen eie ek nie. Hy bestaan uit 'n liggaamlike uiterlike gevoel, waarneming, begeerte en bewussyn wat hy hom kan verbeel en as hy sterf, plof dit almal uiteen” (p. 59). Die vertalings uit Pascal is ook nie almal gelukkig nie „Die teenwoordige is nooit ons *enda* nie.....” (p. 115). Die Franse teks lui: „Le présent n'est jamais notre fin: le passé et le présent sont nos moyens;

le seul avenir est notre fin".¹⁾ Dit lyk baie of 'n Engelse vertaling Malan hier op 'n verkeerde spoor gebring 't, want uit die verband blyk dit dat Pascal wou sê: Die teenwoordige is nooit ons *doel* nie. Onduidelik is ook Malan se vertaling van: „Si nous naissions raisonnables et indifférents, et connaissant nous et les autres, nous ne donnerions point cette inclination à notre volonté."²⁾ „As ons onverskillig — opletteend....” ens. (p. 115).

Onverstaanbaarheid is 'n vaste kenmerk van Malan se styl. Telkens stuit mens op sinne, wat jy drie of vier keer moet lees, voordat dit op 'n manier duidelik word. Sy verwronge uitdrukkingswyse laat mens dink aan 'n swaargelaaide wa, wat kreun-kreun teen 'n knaende opdraand uitgesleep word.

Die duisterheid word meestal veroorsaak deur 'n onbeholpe sinsbou en woordskikking, of 'n verwarde gedagtegang. „'n Halwe of hele bottel wyn by glasieswyse genuttig in 'n aand deur een persoon, is nie juis beskou deur die fatsoenlikste in die land nie, dat 'n mens op 'n ongeoorloofde wyse oor jou maat gaan.” (p. 92); „Ek snap dit nie, maar ek glo dat 'n Indiese bende ook in die rigting van die onsienlike en harmonie vir hulle beweeg” (p. 122); „Daarmee is hulle die aand, byna histories vir die famielie se geskiedenis uitmekaar” (p. 126); „Hugo redeneer, dat hier daar nou 'n mooi geleentheid moontlik sal kom...” (p. 101); „Die okkultistiese wysbegeerte... had 'n vèrreikende invloed op die ongelukkige man, waaroor hy dae lang steeds gedroom en met sy eie toestand vergelyk het.” (p. 61); „In geen land is 'n somersnag bekoorliker nie as in Suid-Afrika.”³⁾ Die suidooste wind het af en toe die dag gewaai en alhoewel dit in Olifantshoek byna pynlik was, die alom-besielende stilheid in die natuur, kon die aanhoudende dreuning van die „Sedoos” se geblaas... nog duidelik gehoor word...” (p. 132); „Vir sy onderwyserskap wil

¹⁾ *Pensées de Pascal*, par A. Gazier, p. 318.

²⁾ t. a. p., p. 158.

³⁾ Vgl. 'n dergelyke naïewe opmerking op p. 178: „'n Boerenhave (sic!) was daar nie in die ganse volksplanting nie...”!

hy verhoging van traktement hê, wat maar twee dae in 'n week... duur" (p. 12); „Dit was ons leiers se grootste fout gemaak, dat hulle..." (p. 19); „Vir haar skyn daar met 'n oormate van poeier aan die gesig, voorligting oor betaamlikheid en stemmigheid sonder suur en spraakloos te wees, ten minste ontbreek te hê" (p. 144-5).¹⁾

Naas meer sulke voorbeelde kom daar nog baie staaltjies van onbeholpe styl en verkeerde woordgebruik voor, waarvan enkele voorbeelde ter tiepering gegee word: „Die geplas van die strooidak neerstromende water" (p. 15); „oorstelp" (p. 64); „En as hy met ander honde op straat brutaal is, dan as hy aan die kortend kom, vlug hy tussen sy baas se bene, wat sy Nimf... dan met sy stok verdedig" (p. 69); „ontbreek" (p. 72); „Toe hy sy hand bo sy oë hou, om die gedaante... te ont-syfer" (p. 74); „herinner" (p. 124); „onderhoud" (p. 135); „Hy het.... so skokkend geskrik" (p. 149); „bevel" (p. 178).

Storende herhaling van dieselfde woord kom maar al te dikwels voor: „Hy kan moontlik Hugo se sukses al onmoontlik gemaak het; ongetwyfeld — sonder twyfel; belangstelling... gestel het of stel" (p. 82-3); „weer... weer... weer" (p. 86, in een sin); so ook „buurman" (p. 102); „Toe was sy ook etlike male voor die spieël en vol van mooie bespiegelings oor haar indrukwekkende postuur..." (p. 146); „almal... almal; wispelturige; Daar was ten minste 'n kenlike gemoedsvrede... in die kombuis van Pierre Rousseau kenbaar" (p. 9); ens.

Die beskrywing van die verjaardagfees op die kasteel in Hoofstuk XVII mag in alle opsigte histories juis wees, maar met kuns het dit seker niks te maak nie. „Eindelik tree die goewerneur, onder menigvuldige buigings van die gaste... binne. Daaronder word opgemerk, onder meer, landdros de Meurs, lede van die Politieke Raad, ander vernaamste ingesetene van die stad... Isabella was in 'n platgeplooië swart syrok, mevr. luitenant Rheede in 'n polonnaise-plooirok..."

¹⁾ Vgl. nog p. 80: „Die rus en kalmte..." en p. 81: „Is dit nie dieselfde streling..."

(p. 153-4). So 'n verslag kan die jongste rapporteur van *Die Volksblad* ook skrywe! In wat blykbaar as 'n kunswerk bedoel is, behoort so iets, om die minste te sê seker nie voor te kom nie.

Malan het 'n manier om met die grootste erns uit te wei oor alledaagse onbelangrikheidjies. „Anne wat in die kombuis besig was om te stryk, het binnegekom nadat Anna, haar dogter, vir haar van die gaste vertel het en sy het hulle almal hartlik welkom geheet, nadat sy vir hulle gegroet het” (p. 8). Nou weet ons dit tog sekuur: eers groet, dan welkom heet! Maar, „intussen sal Anna voorbereidsels vir die ete maak” en „solang die gaste en Pierre oor die rit, die weer en die boerdery praat is die tafel gedek en verder alles in verband met die aandete in orde gebring. Toe hulle almal aansit, was daar genoeg vir almal.” Gelukkig vir die huisvrou, maar hoe sy dit so sekuur kan weet by die begin van die maaltyd al, is nie erg duidelik nie! Dan volg 'n uitweiding oor die „Fransche brood”. „Na die ete is die huisgodsdien, wat deur Pierre *gelei is, waargeneem*. Eers is 'n hoofstuk uit die Bybel uit voorgelees, toe 'n psalmvers gesing, ens...” Waarom moet sulke welbekende sake so plegtig meegedeel word? Hier het Malan nou 'n mooi geleentheid gehad, om deur enkele plastiese trekkies, deur die tekening van 'n paar gebare of die aanduiding van 'n reeks klein handelinge sy persone uit te beeld. Maar vir hom is dit, as historikus hoofsaak, dat die leser moet weet van „die worsteling van die Camisarde, (wat) op die punt is om onderdruk te word”.

Na die huisgodsdien gaan die gaste in die kombuis om die vuurherd sit. Die poging om die nuwe atmosfeer aan te dui is nie erg gelukkig nie — daar is storende herhalings en verwronge sinsbou — terwyl die volgende sin seker uit 'n kinderboekie verdwaal het: „Anne vra vir Anna om die tessie met die stoof asseblief te gaan haal; en nadat sy dit gebring het, (gewigtige meedeling! P. C. S.) het sy vir haar moeder daar kole met die tang ingedoen en dit het onder Anna se voete in die stoof gekom”! (p. 9-10).

Gevoel vir die natuur het Malan wel, maar hy vergenoeg hom meestal met konvensionele beeldspraak.

Die bergpunte gooi hul „wit musse” ongeduldig af (p. 5); „van die sonneskyf (spat) ’n see van gloeiende vonke (af)” (p. 6); „Statig en deftig is die son reeds agter die westerkimme weggestap in sy fonkelende mantel van goud en oranje en violet” (p. 199). Waag hy hom aan ’n nuwe beeld dan kry ons rariteite soos die volgende. ’n Wyfie-kokkewiek antwoord haar maat „in ’n perfekte maat . . . met *halleluja's*” (p. 63), terwyl die lenteson elke jaar „nimmerfeilend oor elke boom en blad na ’n gure winternood *halleluja's* neergiet — helaas, helaas, ook as requiem vir die voorgeslag wat verby is, wat leef, wat kom.” (p. 80-1). Halleluja's as requiem! ’n Voor-geslag wat leef, wat kom! Dit staan daar!

In hoofstuk III moet ’n vergelyking van die voortreflikhede van „eiland- en waterleipatats” ons in die stemming bring vir ’n lofrede op die Bergrivier „die lewensaar en voeder van die allereerste wegbaners in die nuwe vaderland” (p. 38). „Aan sy oewers is hy die een na die ander geslag as ’n neulende *kindjie* in die skommelende wieg, ’n nooit-vergete troos.” Maar in die volgende sin hoor ons: „By hulle moes die Bergrivier se aansyn en waterripping die afspieëling van ’n *moederportret* gewees het . . .” Dat „die puriteinse gedeelte van die volk . . . die rooivlag . . . uitgehang het” teen die ou bruilofsliedjies is ’n anakronistiese beeld, wat ’n snaakse indruk maak in die agtiende-eeuse sfeer. (p. 183.) In die „aambeeldklike aan die oewers van die Eersterivier” klink ’n harmoniese toon, maar waarom moet ons driemaal hoor dat die water „haastig” is? (p. 81).

Stereotiepe uitdrukkings soos die volgende kom dikwels voor: „’n Skynende lig in die . . . dikste duisternis” (p. 108); Lourier bly „as ’n soutpilaar staan” (p. 86), en voel „asof hy langsamerhand in ’n see van wanhoop wegsink” (p. 162); ens. Naas retoriese uitdrukkings soos: „Sy kreun van sielswroegende spyt” (p. 173) ook die mees alledaagse beleefdheidsfrases: „By die geleentheid het hulle vir hom met die innigste hartlikheid vir sy heldhaftige daad bedank en Hugo het dit met die minlikste bereidwilligheid aanvaar” (p. 176). En hoeveel „sugte” word daar nie „geslaak” nie! De Meurs „slaak die een na die ander sielsverstorende sug” (p. 72); Anna „slaak

... 'n diep sug van troos en verligting" (p. 174); ens.¹⁾ Onder die anglisismes kom voor: kyk (blik, en iemand besoek, p. 6, 13, 186, 62, 76); sieniek (sienikus, p. 84); „om daar . . . so 'n ekshibiesie van hom te maak" (p. 162); afgetrek (p. 183). Malan gebruik dikwels Hollandse woorde en wendings: tors (p. 27); desulke (p. 32); verhole (p. 44); ens. Die volgende voorsetsels is foutief: „Uit die gang uit gaan 'n mens *by* 'n rei²⁾ trappe op na bo" (p. 24); „student *in* 'n Neerlandse Uni(w)ersiteit" (p. 48); „die kroon was . . . *deur* mak-roosmaryn . . . versier" (p. 183); „sakdoeke *aan* die vertrekende gewaai" (p. 189); „As amptenaar van die O. I. K. het hy . . . *by* hom die stempel van Batavia gedra" (p. 66). Uit 'n taalkundige oogpunt sou daar nog heelwat op Malan se sinsbou aan te merk wees. Onder ander is sy gebruik van die dubbele ontkenning, van *het* en *hê* dikwels foutief.

§ 18. Ds. J. H. Kruger.

Ds. J. H. Kruger is in 1878 gebore op Venterstad, K. P. Aan die Teologiese Skool, Burgersdorp het hy gestudeer en daarna enige tyd onderwys gegee. Sy teologiese studie is in 1899 deur die oorlog onderbreek. Met die hulp van vriende het hy deur Grootrivier gevlug en as rebel by die kommando's aangesluit. Na herstelling van 'n wond by Spioenkop, Natal opgedoen, het hy by Generaal De Wet aangesluit, maar in die verwarring by die slag van Sandrivier is hy gevang en moes twee jaar as balling in Ceylon deurbring. In 1906 het hy in Potchefstroom proponentseksamen gedoen. Sy eerste standplaas was Elliot en van 1911 af Postmasburg. In 1921 het van hom verskyn 'n roman, *Twee Rampe en Twee Gelukke*, waaraan in die prysvraag van die firma J. H. de Bussy die tweede prys toegeken is.

¹⁾ Vgl. o.a. nog p. 199, 29.

²⁾ Dwars deur die boek word dié woord en ook *uitwei* verkeerd gespél. Dimunitiewe op *-fie* ook. Vgl. ook *neerrolei* op p. 192, rat op p. 121. Die sinslorende drukfoute moet, soos die skrywer my meedeel, gewyt word aan die besonder omstandighede, waaronder die boek gedruk is.

Twée Rampe en Twée Gelukke.

Bram, die eienaar van die plaas Leeukop het agteruit geboer en was verplig om geld op te neem by sy buurvrou, ou tant Anna Smal, wat van sy verleentheid wil gebruik maak om haar buffelagtige seun Hans met sy fynopgevoede dogter Isabella te laat trou. Met skinderpraatjies steek tant Anna vir Bram op teen die Breed-famielie, sy beste vrinde, wat op die aangrensende plaas Oupos woon. Isabella het vir Piet Breed lief, maar haar vader se afhanklike posiesie verplig haar om met Hans uit te gaan, wat haar na 'n dansparty sleep. Tant Anna en Bram jaag die Breeds van hulle huurplaas weg, maar Bram se gewete plaag hom so, dat hy sy dogter en die Breeds kort voor sy dood om vergewing vra. Hans word in die pad gesteeek deur Bram se weduwee en as tant Anna die geld opsê, word Piet Breed deur die vrygewigheid van Oom Segrys Boshof in staat gestel om Leeukop te koop.

Die roman is hoofsaaklik in dialoogvorm geskryf. Die gesprekke word baie breedvoerig weergegee, en as gevolg kry die verhaal hier en daar 'n slepende gang. Heel weinig word aan die fantasie van die leser oorgelaat. Daar is soms 'n neiging om alles tot op die been af te kluif. Groetery, koffiedrinkery en soortgelyke dinge word oor en oor vertel. Die skikkinge vir die begrafnis word baie omstandig meegedeel en ou Jefta se relaas (p. 37—40) kon heelwat korter gewees 't.

Die dialoog tref deur 'n besonder losse natuurlikheid. Die mense praat geen kunstig inmekaar gesette vernufttaaltjie nie, maar hul gesprekke word gekenmerk deur die sig-sag gang, die toevallig gebrokene van die geselstaal.¹⁾

Maar, „gesprekjes weergeven is geen dialoog, hoe letterlijk de weergegeven woordjes en zinnnetjes ook zijn... De hooge en werkelijk groote dialoog ontstaat pas in de door de ziel van den kunstenaar herschapen taal-levingen. Dialoog krijgt alleen dan diepte, als hy

¹⁾ Die ketting-sin op p. 67 lyk egter wel „ghevernuftizeert”.

geheel op hetzelfde geïndividualiseerde plan staat van de waarde der menschen en omgeving. Dialoog scheppen is even moeilik als tragiek scheppen, of liever moet zich geheel scheppend oplossen in de gansche uiting. Evenmin als 'n *fotografische* opname eener omgeving, die alleen door de ziel van een kunstenaar er in te brengen stemming kan weergeven *van* die omgeving, evenmin kan een *fonografische* op- en overname van een gesprek de stemming weergeven van de ziel der wezens die spreken. Dialoog is stemmingskunst in de hoogste volmaking en 'n innig-levende dialoog kan nooit 'n klankweergeving zijn van *afgeluisterde* zinneties." ¹⁾ Fonografies korrekte sinnetjies is seker volop in die roman, maar in die praterij van ou tant Anna bereik Kruger ongetwyfeld iets van die hoë dialoog. En dat sy mense op natuurlike wyse gesels is ook al iets om dankbaar voor te wees, aangesien so baie van ons skrywers nog soos Bredero van Rodenburg sê „de Vrouwen, Dienst-meysjens, ja Stalknechts doe(n) Philosopheren... dat ick doch meer voor een bewijs van uwe wetenschap acht, als voor een eygenschap in die slach van Menschen." ²⁾

Kruger verstaan die kuns om uit die dialoog die innerlike wese van sy mense te laat opduik en daardeur bereik hy meer dan baie ander skrywers met analiese of beskrywing. Tant Anna het skaars haar mond oopgemaak of ons ken haar al deur-en-deur in al haar skynheilige vroomheid. As skinderbek veral is sy goed geteken. Op listig-diplomatieke wyse word die driftige Bram eers opgestook, maar as hy te ver wil gaan in sy woede laat sy hom bedaar met 'n bybelteks! (p. 66). Deur allerlei gelukkige trekkies en haaltjies word sy so goed uitgebeeld, dat sy naderhand lewendig voor ons staan met die vetswam onder haar kin, die vuil-gelige tande, bleekrooi sakdoek en snuifdosie. Ook van Hans en Jan Booise kry ons 'n realistiese portrettekening. Ou tant Anna se vroom uitvalle, haar met bybeltekste deur-spekte taal en haar manie om almal te dokter is goed

¹⁾ Is. Querido: *Studiën*, p. 219.

²⁾ Voorrede: *Griane*.

weergegee. So ook die buffelagtige lompheid van Hans. Maar die kenmerkende eienskappe van moeder en seun word teen die end van die verhaal só aangedik, dat die tekening karikatuuragtig word. Kruger moet dit nie vergeet nie: „il n'y a point d'unité complète dans l'homme, et presque jamais personne n'est tout à fait sincère ni tout à fait de mauvaise foi.”¹⁾

Tog is daar 'n paar mooi realistiese toneeltjies uit die lewe op Tweefontein²⁾ en die manier waarop Hans van Leeukop verwilder word (p. 202, vlg.) is 'n gelukkige vinding, wat van diep-psigologiese insig getuig. Dit is ook waar van die uitbeelding van die oplopende Bram, wat na die dansparty tot inkeer kom; die kwaai-koppige Oom Segrys, wat dit nie kan kleinkry nie, dat dit na 'n dansparty altyd so mooi reent (p. 182); tant Martina, wat so trots is op haar „skoon geslagte” en die so fyn kan uitrafel. Maar Piet bly 'n skim en die maklike manier, waarop hy eienaar word van Leeukop gee hom die allures van 'n „romanheld”. Dit is die swak punt in die komposisie van die boek. Oom Segrys se buitengewone vrygewigheid word wel enigsins gemotiveer deur die feit, dat die Breeds hom in die stormagtige nag gered 't, maar die oubaas, wat so 'n swak het vir famieliebetrekkings het tog seker nog nader verwante gehad, wat meer reg op sy geld het as Piet. Oom Segrys is eenvoudig die *deus ex machina*, wat die ontknoping van die verhaal moet bewerk. Sulke goedhartige ooms is maar bra skaars in die werklike lewe.

Die tekening van Isabella is ook net gedeeltelik geslaag. Haar ervarings op die dansparty is meer die indrukke van 'n dood-onskuldige teologiese student, wat vir die eerste maal iets van die sondige wêreld sien en notiesies maak vir 'n retoriese preek teen wêreldsgesindheid. „Will Bottel het op haar 'n treurige, sondevieslike³⁾ indruk gemaak” (p. 151). Sy sien hom lê op die vloer „soos iemand in die poel van rampsaligheid moet lê” (p. 172). „Dit was vir haar of sy in 'n onheilige om-

1) Benjamin Constant: *Adolphe*.

2) O.a. p. 81.

3) 'n Ongelukkige koppelwoord.

gewing staan en 'n besoedelde atmosfeer inasem, 'n atmosfeer, waarin verpestende sondekieme ronddrywe" (p. 152). „Die onreinheid en onheiligheid het haar angstig gemaak, ontevrede, ongemaklik en verwaarloos laat voel, net soos iemand, wat vuil was en lanklaas gewas het"!! (p. 177). Sulke opmerkings bewys, dat hier die predikant baas speel oor die outeur. Hy kon hom nie vereenselwig met die malkop-dansers in hul „dolle gloria" nie, maar bly 'n onwillige *toeskouer* van al die sondige pret. Sy aanvoeling van Isabella se gewaarwordings is grof-manlik en nie vroulik-subtiel nie. Maar as Isabella met Koos dans, dan maak hy 'n raak opmerking: „Sy dans en voel, dat dit 'n genot moet wees om te dans met 'n jonkman, wat sy sou bemin" (p. 163).

Oom Freek is geen figuur wat ons tref deur individuele tekening nie. Sy mymering op p. 10—11 sit te netjies inmekaar om eg te wees. Dieselfde indruk maak ook p. 74, terwyl Hans onmoontlik ou Jesta se woorde so presies in sy gedagte kan nasê (p. 78). Dat al drie reisigers dieselfde indruk van die verlate Oupos kry (p. 138) is ook onmoontlik. Mooi word egter die atmosfeer aangedui as Piet in die waanhuis die doodkis toeskroef (p. 20) en treffend-eg is die uitbeelding van sy grillerigbange gevoelens. „Piet verbeel hom meteens, daar uit die groot, wye spinnekop-nes kom 'n grillerige langbeen.....; die verewa agter in die waanhuis kyk hom aan met groot starende oë".¹⁾ In die damtoneeltjies is daar stukkies beskrywing van 'n suggestiewe fynheid.²⁾

In die verhalende gedeeltes is Kruger se styl soms so kort afgeby, nes een wat ver gehardloop het en nog uitasem sy storie vertel.³⁾ Eweas in die dialoog kom hier ook 'n breedvoerigheid voor, wat af en toe hinderlik word. „Die predikant staan op, maak keel skoon, haal sy bril uit die skyf, vee dit af, hak hom met albei hande agter die ore vas, gee 'n versie op, lees 'n kapittel en begin toe, so effens oor die brille⁴⁾ loerend." (p. 30.)

1) Waarom die stuitende en onnodige herhaling van *spinnekop*?

2) Vgl. p. 220 b.v.

3) Vgl. b.v. p. 7.

4) Verstaan: glase.

So 'n eentonige reeks moment-opnames steek lelik af by realistiese skilderytjies soos die volgende: „Ouant Anna lag met wyd oopgerekte mond, die vetswam onder haar ken uitdyend en die gehemelterooi agter haar vuil-gelige tande wysend.” (p. 65.) En wat maak vlak-vaal sinne, waarvan die volgende maar een voorbeeld is in 'n letterkundige werk? „Die meeste meisies was in die groot langwerpige eetkamer, waarin, behalwe 'n eettafel en 'n paar ouderwetse swart stinkhout stoele, niksnie besonders was nie.” (p. 152.) Onbeholpe van segging is o. a. die volgende: „'n groot *misstof stof*wolk (p. 70); die om sy lyf met 'n riem vasgegorde te wye ferweelsbroek (p. 86), Oom Freek (vra) met bewende ken, waaraan die lang yl baard skud en vlammente oë” (p. 87); die herhaling van *slaap* op p. 181.

'n Voorbeeld van smaaklose klink-klank is die beskrywing van die wind op p. 146. „Draaiende, swaaiende kom met die paaie aangewaaï stowwe suile (stofsuile?), wat soos geel krullende kuiwe opstuiwe. Die hollende, jollende wind skop die stowwe bolle (stofbolle?) soos dwalende, malende vuilkolle hoog in die lug in” So rym en allitereer hy dapper voort nes 'n poëstaster, wat sy eerste versfabriekie aanmekeer klink! Onder-tussen word die *stofsuile* van *krullende kuiwe* tot *stofbolle* en die weer tot *vuilkolle*! Komies is die klankeffek in die volgende: „Die slappe wilkertakke . . . skopper-maaie rusteloos, moedeloos, lindelam heen en weer oor die dam”! ¹⁾

In sy beeldspraak is Kruger 'n enkele maal fris en oorspronklik. Ou Jefta se hemp word deur die wind *bul-sak* geblaas tussen sy skouers (p. 147); Isabella sidder „soos 'n voëltjie vir 'n mamba-slang” (p. 153); Jana lyk „soos 'n Bloemfonteinse straat, wat . . . opgemaak (is) vir die hertog van Connaught” (p. 149). Die gewone cliché-praatjies is egter ook volop: Die lykpreek het „byna 'n eeu geduur” (p. 30); „Koud soos 'n stuk ys, waaraan sy gloeiende hart raak . . .” (p. 84); „Haar hart het . . . gebrand van verlange, maar sy moes daardie liefdekole in haar boesem dra”! (p. 223). Arme meisie!

¹⁾ Vgl. nog p. 171: berge — werwe — swerwe; p. 194 dwars bars.

Storend is die gebruik van 'n driedubbele negatief en weglating van die dubbele negatief. „Vir haar was daar *niksnie* aangenamer *nie* (p. 24) nooitnie . . . nie; ens. „G'n blaartjie het geroer” (p. 7); ens.

Ofskoon die gebruik van dialektiese vorme in die dialoog toelaatbaar is, moet dit afgekeur word in die verhalende teks. Kruger gebruik o. a. suffel, groos, espres, bebliek, ens. Wat hy o. a. met *preer* (p. 204), *effetroon* (p. 62), *eenspaier* (p. 141) bedoel is my onbekend.¹⁾ Verkeerd is: ongehawende stemme (p. 8), kostelike gordyne (p. 214), terwyl *moedvallig* 'n Krugerisme is.

Afsonderlik moet nog vermeld word, dat Kruger sy eie persoon nooit op die voorgrond dring nie. Hy hou geen toesprake tot sy „geagte lesers” en moraliseer nie oor sy karakters nie. Van 'n skrywer, wat in sy eerste werk so 'n psigologiese indringingsvermoë openbaar en so realisties teken, kan nog veel verwag word.

§ 19. Mej. Sadie Bosman.

Langs Kronkelende Weë (1921). Dit is 'n verhaal van „hartverskeurende afskeid”, van eindelose gekreun en gesteun, van sugte en snikke! Dis nie die gewoonte om statistiese tabelletjies in 'n letterkundige kritiek te gebruik nie, maar in hierdie geval moet tog vermeld word, dat daar byna *vyftig* maal gesug word! Dan nog al die trane! Emmers vol! Soms kom al om die ander bladsy byna die uitdrukkings „met 'n sug”, „met betraande oë” voor.²⁾ Met sulke en dergelike huilerige woordjies, met 'n salwende tederheidsbetoon, 'n sieklik-verweekte gevoeligerigheid probeer die skryfster om ons te ontroer. Met sielsleë frases wil sy ons in 'n droefnisstemming bring! „Duisenderlei bange vrëse vervul steeds haar treurende hart en die skoon oë was moeg van al die stil geweën . . . die oë vol skaduwees (waaragter) 'n wêreld van wee verberg was” (p. 155). „Maar vanaand moes die sterre hulle aangesig verberg vir die hartverskeurende strome van mensebloed (!) wat orals vloei, en skyn die

¹⁾ Duister is ook: „dat 'die ou jong simpatie ken”, p. 188.

²⁾ Vgl. o. a. p. 184—204.

hemelse vrede verder as ooit te wees van die oorlog-geteisterde aarde" (p. 61). „Met gebukte hoof, verbleekte gesig, en dromende oë hervat sy haar lewenstaak; maar die glimlag op haar lippe het vir altyd verdwyn, (So, so! P. C. S.) en haar hart daarbinne was versteend" (p. 96). Nêrens 'n gevoelde woord, met pure aanstellerige bombas. Of anders 'n mislike foefie om eie onmag te bedek. „Oor die bitter skeiding en hartverskeurende vaarwel laat ons saggies 'n sluier neer" ens. (p. 47).

As Lear uiting gee aan sy droefheid oor die dood van Cordelia, dan sê hy met 'n eenvoudige gebaar: „Pray you, undo this button. Thank you sir". Sô werk die beeldende kunstenaar.

Groot en egte lewensgevoel kan alleen geuit word deur groot styleienskappe. Daar is duisende diep ontroerdes, by wie alleen hikkelwoordjies of stomme gebare 'n aanduiding gee van die lewenstragiek. Maar alleen die kunstenaar kan die donker dieptes vir ons oopblits. Dit kan nie gedaan word met praatjies oor „snikkende geweën" en „gesmoorde smartelike kreune" nie. In Sadie Bosman se styl is daar nooit 'n opglansing van oorspronklikheid nie. Dit is wat Querido noem 'n „grijsseffene breikousenstijl", waarin die dooiste gemeenplaatse met 'n geroetineerde ratsheid afgerittel word. Nooit raak sy verlee oor 'n woord nie, die naalde klik-klik met masjinale reëlmatigheid.

Tog het sy 'n stof behandel, wat by 'n waarlik voor-treflike werker tot 'n geweldig aangrypende tragedie sou kon gegroei het. Hannes en Miemie is verloof, maar deur die rebellie en die veldtog teen Duits Suid-Wes (1914) ontstaan daar vyandskap tussen hul vaders. Hannes kom tot ander insigte deur sy omswerwings in die Vrystaat en op die end van die „kronkelende weë" kry hy tog vir Miemie. Geteken word dus die reaksie op 'n paar persone van die geweldige konflik, wat die Afrikanerdom in twee partye verdeel 't en vandag nog soveel bitterheid veroorsaak. Maar die twee vroue, deur wie Hannes tot *Nasionalis* bekeer word is geen gewone sterweling nie — hulle is engele! Veral Lida word ons voorgestel as „'n vleklose engel" en selfs die dokter „'n bedaarde ou Engelsman" (p. 198) verklaar, dat „vir

so 'n engel ons besoedelde aarde 'n onwaardige woonplek (is)" (p. 199). Maar ook Miemie is so 'n voorbeeldige jongedogter, dat dit geen verbasing wek as ons hoor dat sy „engelagtig lyk" nie (p. 16) en Hannes „met so 'n hemelse teder blik aan(sien)"¹⁾ (p. 44). Hannes is „'n treffende beeld van 'n flink jongeman, wat 'n suiwer, eerbaar en opreg lewe lei" (p. 24). Sy enigste sonde is, dat hy 'n *Sap* is, maar die stroopsoet seuntjie word deur die liewe engeltjies so mooi reggehelp, dat hy ook volmaak word! Beskou ons nou die orige figure van die limpatiese geselskap, dan blyk dit, dat Oom Gideon ooreenkoms vertoon met die swaarmoedige grysaards uit *Vergeet nie* en *Teleurgestel*. Hoe dat Oom Koos nou eintlik tot berou kom, word nie vertel nie. Die bedrywige Tant Lizzie, wat gelukkig geen tyd het om te veel te sug nie is die bes geslaagde figuur. Waar daar geen geleentheid vir sopperige sentimentaliteit is nie, blyk dit dat die skryfster 'n goeie opmerkingsgawe het. Tant Lizzie is ten minste 'n menslike mens.

Tot watter onsinnigheid die sentimentele neiging aanleiding gee blyk hieruit: Miemie het „'n ondeunde kultjie, wat elkemaal so skelmpies uit die wange loer, en waarin die hart van Hannes lank reeds baie diep ingetuimel het"! (p. 3). Sy gaan na die somerhuisie waar „die roostakkies en kamperfoelie om die latwerk heen(slinger); daar steek sy dikwels haar arms na hulle uit „om hulle aan haar bekommerde hart te druk"! (p. 56). Stel mens jou die dinge nou nugter voor, dan is dit om van te skater!

Die toneeltjie waarin die oue Basson, wat aan die maal geraak het oor sy in die rebellie gevalle seun in die middel van die nag vir Hannes kom vra: „Vir watter kant het jy gestem?" (p. 167) laat ons op plastiese wyse voel, wat 'n lewenssaak die politiek vir ons mense is. Dit is psigologie-in-aksie en heel wat anders dan 'n bewering soos die volgende, wat ons op goed geloof moet aanneem, sonder dat ons daar iets van gevoel het. „In die oorlogskool het (Hannes) geleer dat helde gebore, en nie gemaak word nie, en dat die beesagtige in die

¹⁾ Daar is ook 'n verpleegster, wat 'n *engellied* sing, (p. 71).

mens soms die redelose dier ver oortref" (p. 102).

Die politieke tendens en die feit dat daar resente gebeurtenisse van nasionale belang in behandel word, gee die roman 'n aktuele kleur. Deur die een party kan dit as 'n wapen in die politieke stryd beskou word, maar van letterkundige belang is dit nie. Feitlik is dit dan ook slegs 'n vertaling, want die oorspronklike uitgawe van 1916 was in Hoog-Hollands.

§ 20. G. J. Otto.

Gawie Joh. Otto is in 1880 gebore op Marico, Transvaal. Ottoshoop is na sy vader genoem, wat onder die Republiek daar Mynkommissaris was. In 1896 het hy klerk geword in die Onderwys-Departement. Met drie wonde het hy by die slag van Elandslaagte na awontuurlike ondervindings ontsnap en deurgeveg tot 1901, toe hy gevang is en na Indië gestuur. Na die oorlog was hy werksaam by C. N. O. skole. Hy het ook besonder aktief opgetree in verskillende verenigings, asook op kerklike en politieke gebied. In *De Volkstem* het behalwe baie ander artikels van hom 'n feuilleton, *Koen Vermaak* verskyn. Sy brosjure *Vreemde Stertvere* (1910) is 'n aansporing om ons taalregte prakties toe te pas. 'n Toneelstuk, *Josef* het in *Die Brandwag* verskyn, *Uit die Lewe*, 'n bundel sketse in 1921. Sedert 1919 is hy Inspekteur van Blanke Arbeid vir die Vrystaat en o. a. ook Sekretaris van die Raad van Advies vir Jongeliede.

Uit die Lewe.

Die skrywer vertel in 'n paar kort sketse hoe die Boere-seuns in sy jong dae skyfgeskiet, vis gevang en klippe gerol het. Hulle wys 'n Hollander, wat sy Hoog-Hollands blykbaar eers in Afrika geleer 't, hoe om kalwers te ry en met 'n nooi op te sit. Verder gee Otto 'n verslag van die eerste twee maande van sy lewe en skets die ongerustheid van 'n paar arm blankes wat ure lank op die Bloemfonteinse trein wag. Prof. Jan Celliers het in sy voorwoord die bundeltjie goed gekarakteriseer: „Sonder

te danig hoë pretensies, wil (die skrywer) net die Afrikaanse lewe weërgêe, en padlàngs-eenvoudig met ons daaroor praat.” Die klein stukkie lewe wat hy teken, ken hy goed, maar hy is nie by magte om sy sintuiglike waarnemings op te hef tot ’n hoër plan nie, omdat dit hom ontbreek aan styl en uitbeeldingsvermoë. Dat ’n paar sketse ’n strekking het, is alreeds opgemerk. ¹⁾

§ 21. „Wolla”.

Wolla vertel in *My Groot Dag* (1921) die vakansiewaenture van Petrus Breytenbach, onderwyser in Ermelo, van wie se Ford-ouo ’n diamante-dief met ’n mooi vroultjie behendig gebruik weet te maak. Die drietal word deur speurders agtervolg en na allerlei wonderlike en soms erg onwaarskynlike ondervindings gepak. Pietjie en Thea kom met die skrik vry, maar Pietjie slaan ’n onnosele figuur as hy uitvind, dat hy in plaas van ’n Duitse vliegenier ’n dief gehelp ’t, en dat van sy mooi plannetjies met Thea niks kan kom nie. Dit is ’n goed vertelde amusements-verhaaltjie, net geskik vir spoorweglektuur. As die ouo verby Majoeba en ander slagvelde ry, dan vergeet Pietjie vir ’n ruk sy „verhewe romantiese gedagtes” (p. 48) en verval in patriotiese oorpeinsings. Af en toe laat Wolla ons effentjies glimlag, maar die humor is soms plat by die grond. „’n Kêrel het eenmaal gesê, hy dink hy kan gewoon word om te lewe op kasterolie, as hy net lank genoeg kan aanhou daarmee. Ek glo dit goed.” (p. 64.)

Wolla vertoon ’n bedenklieke ratsheid in letterlike vertaling uit Engels, soms van die *slang* soort. „Om alles te kroon (p. 3 en 68); Wel, van al die pedante snuiters.... vat die vent die koek (p. 127); Wel, ek was al net siek van die plek (p. 93); Vir eenmaal het hy niks te sê gehad nie.... (p. 123); Ermelo Hoger Skool” (p. 1); ens.

¹⁾ Op pag. 207.

§ 22. „Slypsteen”.

„Slypsteen” het blykbaar De Waal se romans goed bestudeer. Hy gebruik motiewe uit *Johannes van Wyk* en *Die Tweede Grieta*, maar slaag daar nie in om sy storie so oulik inmekaar te draai nie as De Waal. Hans is die „karakterlose wreedaard” (p. 79) van die verhaal *Broerliefde* (1921). Maar hoe volleerd in duiwelstreke ook, hy word uitoorlê deur Gert, wat ’n plaas in die heilige-kalender verdien. ’n Gesteelde kind veroorsaak ’n ontwikkeling, waardeur Gert byna met sy suster trou. Daar is ’n oujonkman, wat sy bes doen om ’n paar grappies te maak, in sy „mymering” ’n hele storie vertel en in sy moralisasie tot by Adam en Eva verdwaal! (Hoofstuk IX). Twee opgeskote seuns wat stroebelings kry, laat Slypsteen so praat: „Ek meen, dat as jy jou nie verbeter nie, ’n treurige toekoms jou deel sal wees, en jy ’n armsalige uiteinde sal hê.” — „Jou klein niksnuts!” skree Hans.... „Wag, wag, Hans,” hervat Gert,.... „Kyk, toe jy daar op Kransburg my oor ’n draai gegee het, toe moes ek dit verdra, maar sinds daardie tyd het ek ’n bietjie groter geword. Egter, waarom sal ons nes vuil skuim teen mekaar bruis. Daardeur sal my karakter net besoedel word, en jy nog dieper in die modder sak as waar jy al reeds sit” (p. 47). Mens sou sê die brawe Gertjie was al ’n paar jaar op die Teologiese Kweekskool!

Op die heel laaste bladsy word in die gouigheid drie huwelike gesluit, terwyl selfs die oujonkman nog verloof raak aan ’n ryk weduwee! Hans trek na Rhodesië. Of hy daar nog altyd „helse planne” brou word nie vermeld nie!

Slypsteen skryf ’n eentonige styl, waarin nooit iets persoonliks opklink nie. Hoe weinig hy sy taal beheers blyk uit voorbeelde soos die volgende: „geondersoek (p. 17); sobat (p. 109 en 116); speuljies (p. 109); poosjie (p. 85); op plig (p. 91) en die verkleinwoorde: soenjie, swaweljie, ens.